UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

MARX, E.M.M.

# 'N ONDERSOEK NA DIE PROBLEMATIEK VAN INLIGTINGGELETTERDHEID BY DIE GEHOORGESTREMDE PERSOON IN SUID-AFRIKA

M.(BIBL) UP 2000

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N ONDERSOEK NA DIE PROBLEMATIEK VAN INLIGTINGGELETTERDHEID BY DIE GEHOORGESTREMDE PERSOON IN SUID-AFRIKA

**deur**

**ESTELLE MARIA MAGDALENA MARX**

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes
van die graad vir
**Magister Artium**
met spesialisering in Biblioteekkunde
in die Departement Inligtingkunde

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Oktober 2000

**STUDIELEIERS:**

PROF J.J.BRITZ : DEPARTEMENT INLIGTINGKUNDE
PROF S.R. HUGO : DEPARTEMENT KOMMUNIKASIEPATOLOGIE

Ek wil graag hierdie tesis opdra aan my man Corrie, my dogters Susan en Marié en aan my oorlede ouers, Mnr. D.Z.Maré en Mev. Susan Maré vir hul aansporing, liefde, ondersteuning en geloof in my as mens ten spyte van my gehoorgestremdheid.

"Maar as ek 'n taal nie ken nie, sal die een wat dit praat, vir my onverstaanbaar wees en ek vir hom" (1 Kor 14:11). Nuwe vertaling.

**ERKENNINGS:**

Die outeur wil graag die volgende persone bedank:

- Prof. J.J. Britz vir sy positiewe bydrae, advies, leiding en aanbeveling. Hy was 'n inspirasie vir my gedurende my voor-en nagraadse studie.
- Prof. S.R. Hugo van Kommunikasiepatologie vir haar positiewe bydrae, verskaffing van navorsingsmateriale, behulpsaamheid en begrip.
- Mev. N. Venter, vir samesprekings en verskaffing van addisonele navorsingsmateriale

# OPSOMMING

Die problematiek van inligtinggeletterdheid by die Suid-Afrikaanse gehoorgestremde persoon.

**NAAM** : Estelle Maria Magdalena Marx

**LEIER** : Prof J.J.Britz

**MEDELEIER** : Prof S.R. Hugo

**DEPARTEMENT**: : Inligtingkunde en Kommunikasiepatologie

**GRAAD** : M(BIBL)

Hierdie studie het weens die leemte in die huidige stand van kennis, aanleiding gegee tot die ondersoek na die *"problematiek van inligtinggeletterdheid by die Suid-Afrikaanse gehoorgestremde persoon"*

In 'n poging om hierdie vraag te beantwoord, is 'n teoretiese studie uitgevoer.

Die teoretiese studie het die rol van inligtinggeletterdheid bestudeer aangesien inligting deur al die sintuie soos hoor, luister, kommunikasie, sien en voel, verkry word. Die Suid-Afrikaanse gehoorgestremde persoon, veral diegene gebore met 'n gehoorverlies beskik nie soos die horende persoon oor die gehoorsintuig om inligting te bekom nie.

Die tesis fokus op die belangrikheid van verkryging van inligting en inligtingsvaardighede, met die doel om die gehoorgestremde persoon se vlak van inligtinggeletterdheid te verhoog. Die hoofdoel is om riglyne daar te stel vir die opstelling van 'n *inligtingsopvoedingsprogram* waardeur die vlak van inligtinggeletterdheid by gehoorgestremdes ondersoek en verhoog kan word.

Die tesis fokus op die volgende:

- *Terminologie* rakende *gehoorgestremdheid* soos die graad en erns van verlies, die tydperk toe die gehoorverlies vasgestel is, opleiding en die rolpersone wat 'n belangrike invloed op die gehoorgestremde persoon se lewe het.

- Terminologie rakende *inligtinggeletterdheid*, soorte inligting wat benodig word, die ontwikkeling van inligtingsvaardighede en aspekte daaraan verbonde.

- Die belangrikheid van *inligtinggeletterdheid in die gehoorgestremde persoon se lewe*, die invloed daarvan op die samelewing, die toepassing van tegnologie en hulpmiddels en die vaardighede wat benodig word alvorens die gehoorgestremde persoon as inligtinggeletterdbeskryf kan word.

- Die voorstelle van 'n *inligtingsopvoedingsprogram* is gebaseer op uitkomsgebaseerde onderrig wat 'n rol speel in die Suid-Afrikaanse gehoorgestremde persoon as 'n volwassene ter wille van verkryging van onafhanklikheid, professionele bekwaamhede en aanpassing in 'n horende wêreld. Dit vereis 'n verandering in die *Suid-Afrikaanse opvoedingsisteem* waar die gehoorgestremde persoon, veral diegene wat die orale taal aanwend, geleenthede kan bekom om ook in die hoofstroom te kan inskakel. Aanpassing, aanvaarding en begrip van die gehoorgestremde persoon is van uiterste belang. Inligting, kennis, waardes en houdings vorm die basis van inligtingsopvoeding.

- Daar word in die tesis aandag geskenk aan die *kognitiewe gebaseerde leerproses*, *lewenslange verkryging van kennis en kritiese denke* wat die Suid-Afrikaanse gehoorgestremde persoon moet bekom, eers deur die verkryging van *geletterdheidsvaardighede* soos lees, skryf, praat en luister. Daarna volg die *inligtinggeletterdheidsaspekte* soos die verkryging van inligting, keuring, analise, prosessering en toepassing van inligting.

In die inligtingsopvoedingsprogramme word die volgende aspekte ook beklemtoon soos:

- Die analise van die gehoorgestremde persoon self.
- Bestudering van die leeromgewing.
- Aanwending van beskikbare programme, onderrigmetodes, media en hulpmiddels.
- Die evaluasie van die gehoorgestremde persoon en die inligtingsopvoedingsprogram.

Belangrike implikasies vir die praktyk en verdere navorsing spruit voort uit die *gevolgtrekkings, aanbevelings en riglyne vir verdere ondersoek* van hierdie studie. Daar is bepaalde verlangde uitkomste wat die gehoorgestremde persoon moet bereik ten einde 'n sinvolle en effektiewe bydrae in die samelewing te kan lewer. Dit word gedoen deur die onderrig op praktykgerigte situasies te baseer in die Suid-Afrikaanse opvoedingsisteem. Sekere didaktiese stappe moet gevolg word, aangesien Suid-Afrika al meer gelyke regte in die vooruitsig stel vir alle persone, hetsy gehoorgestremd of andersins gestremdhede. Die Suid-Afrikaanse gehoorgestremde persoon moet dus aangemoedig word om onafhanklik te dink en te funksioneer in 'n snelgroeiende inligtingsamelewing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY

TITLE : The problematics of information literacy for the South African hard of hearing person

NAME : Estelle Maria Magdalena Marx

SUPERVISOR : Prof J.J. Britz

: Prof S.R.Hugo

DEPARTMENT : Information and Communication Pathology

DEGREE : M (LIBR)

Due to the gaps in the present state of knowledge, this study leads to investigate the *"problematics regarding the state of information literacy of the South African hard of hearing person"*.

In an attempt to answer this question, a theoretical study was performed.

Because information is required through all the senses like hearing, listening, communication, seeing and feeling, the teoretical study concentrates on the role of information literacy because information is necessary. The South African hard of hearing person, especially those born with a hearing loss, does not possess the hearing sense to acquire information like the hearing person.

The thesis focuses on the importance of acquiring information and information skills in order to improve the hard of hearing person's level of information literacy. The main purpose of the thesis is to suggest guidelines for the drafting of an information education programme through which the level of information literacy of the hard of hearing person can be investigated and raised.

The thesis focuses on the following aspects:

- *Terminology* regarding *hearing loss* like the degree and severity of the hearing loss, the onset of hearing loss, training and the role of persons playing an important part in the life of the hard of hearing person.

- Terminology regarding *information literacy*, kinds of information that is needed, the development of information skills and relevant aspects.

- The importance of *information literacy in the life of the hard of hearing person*, its influence on the society, the application of technology, aids and the skills that are needed before the hard of hearing person can be described as an information literate person.

- The suggestions of an *information education programme* is based on outcomes based education that plays a role in the South African hard of hearing person's adult life for the sake of obtaining independence, professional skills and adjustment in a hearing world. This requires a change in the *South African education system,* where the South African hard of hearing person, especially those proficient in the oral language, can obtain opportunities to be also included in the mainstream. Adjustment, acceptance and understanding of the hard of hearing person are of crucial importance. Information, knowledge, values and attitudes form the basis of information education.

In the thesis, attention has been given to the *cognitive-based learning processes, lifelong acquisition of knowledge and critical thoughts* that the South African hard of hearing person has to acquire, firstly through obtaining *literacy skills* like reading, writing, talking and listening.

Secondly by acquiring *information literacy skills* like the acquisition of knowledge, selection, analysis, processing and application of information.

In the information education programme, the following aspects are also being attended to:

- Analysis of the hard of hearing person.
- Analysis of the study environment.

- The application of available programmes, teaching methods, media and aids.
- Assessment of the hard of hearing person and the information education program being used.

From the *conclusions and suggestions* of this study, important implications for the practice and further research have arisen. There are specific desired outcomes that the hard of hearing person should acquire in order to make sensible and effective contributions to the society. This can be achieved by basing the education on practice-orientated situations in the South African education system. Certain didactic steps should be followed, because South Africa is putting more and more emphasis on similar rights for all persons, regardless of handicaps or disabilities. The South African hard of hearing person should therefore be encouraged to think and act functionally in a fast-growing information society.

**SLEUTELTERME**

- Inligting
- Inligtinggeletterdheid
- Inligtingsopvoeding
- Inligtinggeletterde persoon
- Inligtingsvaardigheid
- Doof
- Hardhorend
- Gehoorgestremd
- Lees
- Onderrigstrategieë

# INHOUDSOPGAWE

**EKSERP** . . . . . . . .

**SLEUTELTERME** . . . . . . . .

**LYS VAN TABELLE** . . . . . . . .

**LYS VAN FIGURE** . . . . . . . .

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING EN AFBAKENING VAN DIE TERREIN** . . . . . . . . 1

**1.1 INLEIDING EN AGTERGROND TOT STUDIE** . . . . . . . . 1

**1.2 SENTRALE PROBLEEMSTELLING** . . . . . . . . 4

**1.3 HUIDIGE STAND VAN NAVORSING** . . . . . . . . 5

1.3.1 TEMAS WAT NAGEVORS IS . . . . . . . . 6

1.3.2 AARD EN OMVANG VAN NAVORSING . . . . . . . . 8

1.3.3 AKTUALITEIT VAN TEMA . . . . . . . . 8

1.3.4 LEEMTES IN DIE BESTAANDE NAVORSING . . . . . . . . 9

**1.4 DIE DOEL EN OOGMERKE VAN DIE STUDIE** . . . . . . . . 11

**1.5 METODOLOGIE** . . . . . . . . 12

**1.6 AFBAKENING VAN DIE TERREIN** . . . . . . . . 13

**1.7 BEGRIPSOMSKRYWING** . . . . . . . . 14

1.7.1 DIE GEBRUIK VAN DIE KONSEP *INLIGTING* . . . . . . . . 14

1.7.2 DIE KONSEP VAN *INLIGTINGGELETTERDHEID* . . . . . . . . 15

1.7.3 DIE KONSEP VAN *INLIGTINGSOPVOEDING* . . . . . . . . 16

1.7.4 DIE *INLIGINGSGELETTERDE PERSOON* . . . . . . . . 16

1.7.5 DIE INLIGTINGSVAARDIGHEID . . . . . . . . 17

1.7.6 DIE BEGRIP *GEHOORVERLIES* . . . . . . . . 17

1.7.7 ONDERSKEID TUSSEN BEGRIPPE *DOOF*, *HARDHOREND* EN *GEHOORGESTREMD* . . . . . . . . 17

1.7.8 LEES . . . . . . . . 18

**1.8 HOOFSTUKINDELING** . . . . . . . . 18

**HOOFSTUK 2**

**PERSONE MET 'N GEHOORVERLIES** . . . . . 20

**2.1 AGTERGROND** . . . . . 20

**2.2 ALGEMENE KENMERKE VAN PERSONE MET 'N GEHOORVERLIES** . 23

2.2.1 PLEK VAN LETSEL . . . . . 23

*2.2.1.1 Konduktiewe gehoorverlies* . . . . . 24

*2.2.1.2 Sensories-neurale verlies* . . . . . 25

*2.2.1.2 Gemengde verlies* . . . . . 26

2.2.2 GRAAD EN ERNS VAN DIE GEHOORVERLIES . . . . . 27

2.2.3 STADIUM VAN GEHOORVERLIES . . . . . 30

2.2.4 OMGEWING EN AARD VAN HULP . . . . . 31

**2.3 ONTWIKKELINGSASPEKTE WAT KENMERKEND IS VAN PERSONE MET 'N GEHOORVERLIES** . . . . . 32

2.3.1 DIE PERSOON MET 'N GEHOORVERLIES . . . . . 32

2.3.2 DIE KERNPROBLEEM VAN GEHOORVERLIES EN DIE INVLOED DAARVAN OP TAAL EN KOMMUNIKASIE . . . . . 34

2.3.3 SEKONDêRE PROBLEME . . . . . 36

*2.3.3.1 Spraak van die persoon met 'n gehoorverlies* . . . . . 36

*2.3.3.2 Persoonlike en emosionele probleme* . . . . . 38

*2.3.3.3 Intellektuele en kognitiewe probleme* . . . . . 39

*2.3.3.4 Opvoedkundige probleme* . . . . . 39

*2.3.3.5 Sielkundige en psigologiese profiel* . . . . . 40

2.3.4 INVLOED VAN GEHOORVERLIES OP DIE INDIVIDU SE OMGEWING . . . . 41

*2.3.4.1 Die makro-omgewing* . . . . 41

*2.3.4.2 Die mikro-omgewing* . . . . 44

*2.3.4.3 Sosiaal* . . . . 44

*2.3.4.4 Beroep* . . . . 45

2.3.5 SAMEVATTING . . . . 46

**2.4. SLOT** . . . . 47

**HOOFSTUK 3**

**INLIGTINGGELETTERDHEID** . . . . 49

**3.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK** . . . . 49

**3.2 DIE INHOUDELIKE STRUKTURERING** . . . . 49

**3.3 INLIGTINGGELETTERDHEID** . . . . 50

3.3.1 AGTERGROND . . . . 50

3.3.2 SOORTE INLIGTING WAT BENODIG WORD . . . . 52

3.3.3 VORME WAARIN INLIGTING KAN VOORKOM . . . . 52

3.3.4 INLIGTING EN INLIGTINGBEHOEFTES IN DIE SAMELEWING . . . . 52

3.3.5 DIE VERBAND TUSSEN INLIGTING EN GELETTERDHEID . . . . 53

3.3.6 'N ONGELETTERDE PERSOON . . . . 56

**3.4 DIE INLIGTINGGELETTERDE PERSOON** . . . . 57

3.4.1 AGTERGROND . . . . 57

*3.4.2.1 Waardes en houdings* . . . . 57

*3.4.2.2 Inligtingsvaardighede* . . . . 58

*3.4.2.2.1 Agtergrond* . . . . 58

*3.4.2.2.2 Kenmerke van inligtingsvaardighede* . . . . 58

*3.4.2.2.3 Kriteria waaraan vaardighede moet voldoen* 59

*3.4.2.2.4 Samevatting* . . . . 62

*3.4.2.3 Kennis* . . . . 63

*3.4.2.4* *Samevatting* . . . . . . 64

**3.5 FAKTORE WAT INLIGTINGGELETTERDHEID BEÏNVLOED** . . . . . . 65

3.5.1 PERSOONLIKHEIDSINVLOEDE . . . . . . 65

3.5.2 KOGNITIEWE EN INTELLEKTUELE VAARDIGHEDE . . . . . . 65

3.5.3 OMGEWINGSINVLOEDE . . . . . . 68

3.5.4 FISIOLOGIESE INVLOEDE . . . . . . 70

**3.6 ROL VAN BIBLIOTEKE EN INLIGTINGSENTRA TEN OPSIGTE VAN INLIGTINGGELETTERDHEID** . . . . . . 70

**3.7 SAMEVATTING** . . . . . . 72

**3.8 INLIGTINGOPVOEDINGSPROGRAMME** . . . . . . 73

3.8.1 DOEL VAN INLIGTINGOPVOEDINGSPROGRAMME . . . . . . 74

3.8.2 AANBIEDERS VAN INLIGTINGOPVOEDINGSPROGRAMME . . . . . . 75

3.8.3 INHOUD VAN INLIGTINGOPVOEDINGSPROGRAMME . . . . . . 76

3.8.4 BELANGRIKE VERANDERLIKES WAARAAN INLIGTING-OPVOEDINGSPROGRAMME MOET VOLDOEN . . . . . . 77

3.8.5 SAMEVATTING . . . . . . 79

**3.9 VOORDELE VAN INLIGTINGGELETTERDHEID** . . . . . . 79

**3.10 SAMEVATTING** . . . . . . 81

**3.11 SLOT** . . . . . . 83

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 4


**INLIGTINGGELETTERDHEID EN DIE GEHOORGESTREMDE** . . . . . . . . . . . . 84

**4.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 84

**4.2 DIE BELANG VAN INLIGTINGGELETTERDHEID VIR GEHOORGESTREMDES** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 84

**4.3 BELANGRIKE VERANDERLIKES TEN OPSIGTE VAN INLIGTING-GELETTERDHEID VIR GEHOORGESTREMDES** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 85

4.3.1 TAALVAARDIGHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 86

4.3.2 LEESVAARDIGHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 88

4.3.3 KOMMUNIKASIE EN VERBAND TUSSEN TAAL-LEES-KOMMUNIKASIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99

4.3.4 SKRYFVAARDIGHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 101

**4.4 ASPEKTE WAT ONTWIKKEL MOET WORD OM INLIGTINGGELET-TERDHEID BY GEHOORGESTREMDES TE VERBETER** . . . . . . . . . . . . 103

4.4.1 LEESVAARDIGHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 103

4.4.2 LEERVAARDIGHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 106

4.4.3 INLIGTINGSONTSLUITING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 108

4.4.4 ROL SPELERS WAT 'N INLVOED UITOEFEN OP DIE INLIGTINGGELETTERDHEID VAN GEHOORGESTREMDES . . . . . 108

*4.4.4.1 DIE ONDERSKEIE ROLSPELERS* . . . . . . . . . . . . . . . . . . 109

*4.4.4.2 SAMEVATTING* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 113

**4.5 VOORDELE VAN INLIGTINGGELETTERDHEID VIR DIE GEHOOR-STREMDE PERSOON** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 115

4.5.1 KATEGORIEË VAN INLIGTINGGELETTERDHEID WAT VOOR-DELIG KAN WEES VIR GEHOORGESTREMDES . . . . . . . . . . . . . . . 115

4.5.2 SPESIFIEKE VOORDELE VIR GEHOORGESTREMDES . . . . . . . . . . 116

**4.6 DIE GEHOORGESTREMDE PERSOON SE PROSES TOT INLIGTING-GELETTERDHEID** . . . . . 118

4.6.1 AGTERGROND . . . . . 118

4.6.2 GEBIEDE VAN ONTWIKKELING . . . . . 119

4.6.3 FAKTORE WAT DIE ONTWIKKELINGSPROSES STREM . . . . . 120

**4.7 SAMEVATTING** . . . . . 124

**HOOFSTUK 5**

**RIGLYNE VIR 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM VIR GEHOORGESTREMDES** . . . . . 128

**5.1 INLEIDING EN DOEL VAN HOOFSTUK** . . . . . 128

**5.2 INHOUDELIKE STRUKTURERING** . . . . . 128

**5.3 VEREISTES VAN 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM VIR GEHOORGESTREMDES** . . . . . 128

5.3.1 DOELWIT VAN INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM . . . . . 128

5.3.2 VERANDERLIKES WAT IN AG GENEEM MOET WORD BY DIE OPSTEL VAN 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM VIR GEHOORGESTREMDES . . . . . 129

*5.3.2.1 Intervensieprogram* . . . . . 129

*5.3.2.2 Geskikte leeromgewing of lokaliteit* . . . . . 132

*5.3.2.3 Samevatting* . . . . . 132

5.3.3 BESTUDERING VAN OPVOEDKUNDIGE EN OPLEIDING-SISTEEM . . . . . 133

*5.3.3.1 Verband en beginsels van teorie, kurrikulum, instruksie en toetsing* . . . . . 133

*5.3.3.2 Verkryging van 'n lewenslange leer-benadering* . . . . . 133

*5.3.3.3 Kognitiewe aspekte en kritiese denke* . . . . . 134

*5.3.3.4 GROEN-en WITSKRIF van Suid-Afrika* . . . . . 135

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*5.3.3.5 Samevatting* . . . . . . . . . . 138

**5.4 INHOUD VAN 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM VIR GEHOORGESTREMDES** . . . . . . . . . . 138

5.4.1 DIE ONTWERP VAN 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM . . . . . . 138

5.4.2 INHOUDSGEBASEERDE EN/OF INHOUDSGEBASEERDE ONDERRIG . . . . . . . . . . 138

5.4.3 PRAKTYKGERIGTHEID VAN DIE INLIGTINGSOPVOEDINGS-PROGRAM . . . . . . . . . . 142

**5.5 ONDERRIGSTRATEGIEË** . . . . . . . . . . 144

5.5.1 FORMELE OF INFORMELE ONDERRIGSTRATEG . . . . . . . . . . 144

5.5.2 BELANG VAN GELLETTERDHEID EN INLIGTINGGELETTERD-HEIDSASPEKTE . . . . . . . . . . 146

5.5.3 TOEPASSING EN AANWENDING VAN METODES, TEGNIEKE, HULPMIDDELS EN STUDIEMETODES . . . . . . . . . . 147

5.5.4 SAMEVATTING . . . . . . . . . . 149

**5.6 FAKTORE WAT DIE SUKSES VAN INLIGTINGSOPVOEDINGS-PROGRAM BEPAAL** . . . . . . . . . . 150

5.6.1 PERSONEELVAARDIGHEDE MET BETREKKING TOT GEHOORGESTREMDES . . . . . . . . . . 150

5.6.2 AANWENDING VAN ADDISIONELE PROFESSIONELE KUNDIGHEID . . . . . . . . . . 151

5.6.3 AANWENDING VAN BESKIKBARE INLIGTINGSOPVOEDINGS-PROGRAMME . . . . . . . . . . 153

5.6.4 LENGTE EN VERSTAANBAARHEID VAN DIE INLIGTINGSOP-VOEDINGSPROGRAM . . . . . . . . . . 153

5.6.5 GESKIKTE LEEROMGEWING . . . . . . . . . . 154

5.6.6 GEHOORGESTREMDES SE INGESTELDHEID . . . . . . . . . . 154

5.6.7 EVALUERING VAN DIE INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM . . . . . . 155

5.6.8 SAMEVATTING . . . . . . . . . . 156

Figuur 4.2: Kommunikasieproses in verhouding tot geletterdheid (Sampson, 1991:14) . . . . . 90
Figuur 4.3: *"Bottom-up"* leesmodel (Webster, 1986:104) . . . . . 94
Figuur 4.4: *"Bottom-up"* leesmodel (Wray en Medwell, 1991:98) . . . . . 94
Figuur 4.5: *"Top-down"* leesmodel (Webster, 1986:113) . . . . . 95
Figuur 4.6: *"Top-down"* leesmodel (Wray en Medwell, 1991:99) . . . . . 96
Figuur 4.7: Verhoudingsproses (Webster, 1986:106) . . . . . 96
Figuur 4.8: Aktiwiteite wat verband hou met voorlees (Smith, 1994:115) . . . . . 105
Figuur 4.9: Ontwikkelingsvereistes (Boon, 1992a: 66) . . . . . 119
Figuur 5.1: Besluite oor intervensiekeuses (Tye-Murray, 1999:389) . . . . . 130
Figuur 5.2: Inligtingsprosesesseringsmodel (Fraser *et al.* 1996:42) . . . . . 143
Figuur 5.3: Onderrigstrategieë (Cutlip, 1988:44) . . . . . 144
Figuur 5.4: Onderrig-en leerprogramme (Bader in Hull, 1998:145) . . . . . 145

**TABELLE**

Tabel 3.1: Prosesse en kognitiewe vlakke (Eissenberg &Berkovitz, 1990:12) . . . . . 60
Tabel 4.1: Rolspelers (Neyhuss & Austin, 1978:362) . . . . . 109

**HOOFSTUK 6**

**GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 158

**BIBLIOGRAFIE** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 164

**LYS VAN FIGURE EN TABELLE**

**FIGURE**

Figuur 2.1: Die opvoedkundige terrein van die gehoorgestremde kind (verwerk uit Johnson, 1987 in Hugo, 1987:5) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 22
Figuur 2.2: Soorte gehoorverlies (Boothroyd 1982:4 in Hugo en Cummings, 1987:4) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 24
Figuur 2.3: Gemiddelde konduktiewe verlies in die regteroor (Hugo, 1987:47) . . . . . . . 25
Figuur 2.4: 'n Ernstige sensories-neurale gehoorverlies (Hugo, 1987:47) . . . . . . . . . . . . 26
Figuur 2.5: Gemengde gehoorverlies (Hugo, 1987:48) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 27
Figuur 2.6: Grade van gehoorverlies (verwerk uit Hugo, 1987:4) . . . . . . . . . . . . . . . . . 28
Figuur 2.7: Graad van gehoorverlies met gepaardgaande implikasies (Verwerk uit Hugo, 1987:45) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 29
Figuur 2.7: Faktore wat persone met 'n gehoorverlies beïnvloed (Verwerk uit Johnson, 1987: 242 in Hugo 1987:1, 5) . . . . . . . . . . . . . . . . . . 30
Figuur 2.8: Die kommunikasieproses (Verwerk uit Hugo, 1987:37) . . . . . . . . . . . . . . . . 36
Figuur 2.9: Diversiteit. (Loden en Rosener, 1991:18-21) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 43
Figuur 3.1: Funksionele geletterdheid (Wagner en Puchner, 1991:120) . . . . . . . . . . . . . 54
Figuur 3.2: Die denkproses (California Media and Library Educators Association (CMLEA), 1994:5) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59
Figuur 3.3: Stappe in die navorsingsproses (CMCA, 1994:6) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 61
Figuur 3.4: Inligting en ontwikkeling (Boon, 1992:65) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 63
Figuur 4.1: Sosio-sielkundige standpunt van die taalproses (Sampson, 1991:311) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 88

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING EN AFBAKENING VAN TERREIN

Die doel van hoofstuk een is om die rasionaal
en motivering van die studie te bespreek,
die probleemstelling, die huidige stand van
navorsing, die doel en oogmerke van die studie asook
die metodologie, afbakening van die terrein, begripsverheldering
en die hoofstukindeling

## 1.1 INLEIDING EN AGTERGROND TOT DIE STUDIE

*I am so shocked at how much literature uses the deficit model when discussing deafness. A deaf person is not less than a hearing one, just different. That difference lies only in the communication method.*

Carver, Roger (1996. URL:*http://www.dww.deafworldweb.org/pub/c/rjinfo.html)*.

Verskeie inisiatiewe het daartoe gelei om inligtinggeletterdheid by mense met 'n gehoorverlies te ondersoek. Deeglike literatuurnavorsing toon dat daar bepaalde faktore is wat die persoon met 'n gehoorverlies belemmer of verhoed om inligtinggeletterd te raak. Carver (1990a: URL:http://dww.deafworldweb.org/pub/c/rjc/agenda) meld dat vroeër jare is persone met 'n gehoorverlies selfs as onbevoeg beskou en kon sulke persone nie eers wettige lewensbesluite neem, eiendom besit of saketransaksies uitvoer nie.

Tradisioneel is *geletterdheid* beskou as die belangrikste komponent om inligting te kan benut, verwerk en toe te pas. Dit wil sê die vaardighede om te lees en skryf word beskou as voorvereistes om in die samelewing te kan aanpas en funksioneer (Bench, 1992:20 ) Hierdie verhouding tussen lees en skryf is egter in die huidige tydsgewrig beperk aangesien die klem verskuif het na die bestaan van 'n *inligtingsera* waar die klem val op inligtinggeletterdheid.

Die inligtingsera bied talle uitdagings vir die horende mens maar die persoon met 'n gehoorverlies (veral diegene gebore daarmee) ervaar beperkings in die versameling en gebruik, dit wil sê, in die ontsluiting, benutting, verwerking en toepassing van inligting. Die belangrikste rede hiervoor is dat die persoon met 'n gehoorverlies dikwels beperk is ten opsigte van geletterdheid.

inligtinggeletterdheid en kognisie (King & Quigley, 1985). Dit blyk dus nodig om die situasie by persone wat 'n gehoorverlies ervaar, te ondersoek ten einde die inligtingsera met sy uitdagings en eise die hoof te bied. Dit is veral belangrik sodat Suid-Afrika nog nie in sy geheel gesien word as 'n inligtingsamelewing nie.

'n Persoon met 'n gehoorverlies se leemtes op gebied van inligtinggeletterdheid word dikwels toegeskryf aan die feit dat so 'n persoon gekoppel word aan 'n eiesoortige kultuur, naamlik die *Dowe Kultuur,* wat meebring dat dit nie altyd prakties moontlik is vir die persoon met 'n gehoorverlies om inligting binne die raamwerk van 'n normale samelewing te benut nie.

Ander redes wat aangevoer word is die persoon met 'n gehoorverlies se *agtergrond* ten opsigte van faktore soos die *ouderdom* waarop gehoorverlies vasgestel is, die *aard* en *vlak* daarvan, die *plek van die letsel,* die *invloed* en *verhouding* met gesinslede, die *opvoeding-* en *intelligensievlak, doelwitte* wat in die kinderjare bereik is asook die *persepsie, onkunde en ontoegeeflikheid* van mense.

Die persoon met 'n gehoorverlies ervaar dikwels *beperkte beroepsgeleenthede.* Vir horendes bestaan daar egter wel verdere opvoedingsgeleenthede sowel as opleidingsfasiliteite. Dit het tot gevolg dat die kind met 'n gehoorverlies dikwels *intellektueel* nie so goed ontwikkel soos die horende kind nie. Daar moet ook in ag geneem word dat, waar die horende kind veral op gehoor staatmaak, die visuele kommunikasie dikwels 'n groter rol speel in die lewe van die persoon met 'n gehoorverlies.

Die gebrek aan aan inligting strek veel verder as slegs 'n gebrek aan akademiese kennis en is daar 'n gebrek aan "...expectations, appropriateness of behavior, understanding of how various systems function" (Gregory *et al.,* 1995:258). Dit het 'n impak op die persoon met 'n gehoorverlies se lewe en die mate waarin hy of sy slaag om te funksioneer en aan te pas. Die persoon met 'n gehoorverlies ontbreek inligting wat hom of haar beter in staat sal stel om effektief te funksioneer soos byvoorbeeld inwoners-, gemeenskap- en wetlike inligting.

As gevolg van probleme met taal, kommunikasie, gebrek aan toegang tot formele sowel as informele opvoeding, is die meeste persone met 'n gehoorverlies gefrustreerd met die horende wêreld. Wat veral hiertoe bydra, is die gesindheid van horende persone, eerder as die gehoorverlies self (Gregory *et al.,* 1995:153). Die persoon met 'n gehoorverlies voel dikwels dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die horende persoon hom of haar nie aanvaar, verstaan of geleentheid bied om 'n merk in die samelewing, en beroepswêreld te maak nie.

Kommunikasie gaan immers oor die oordrag van inligting wat staatmaak op taal, 'n stelsel van sekere simbole en/of gebare, en dit kan net so ingewikkeld wees soos die luisterproses. Taal en kommunikasie word verbind met inligtinggeletterdheid wat gekoppel word aan sekere waardes, kennis en vaardighede ten einde inligting te ontsluit, benut en toe te pas. Indien 'n persoon weet hoe om inligting te hanteer in al die fasette, sal so 'n persoon weet waartoe hy of sy in staat is, wat om te doen, wanneer inligting benodig word en hoe om inligting te evalueer en aan te wend.

Dit is insiggewend om te noem dat gehoorverlies in sommige gevalle gepaard gaan met veelvuldige komplikasies, soos *doofblindheid* (kan nie hoor en sien nie) (Hugo 1987:133 & Moores 1996:120), *veelvuldige gestremdhede* (verstandelike vertraging, serebrale gestremdheid. afasie (sentrale taalversteurings) en emosionele gestremdheid (Hugo, 1987:135-137 & Moores. 1996:116) en *leer- en gedragsprobleme* (Moores, 1996:122 en Nowell & Marshak, 1994:60).

'n Mens moet egter kennis neem dat, alhoewel navorsing getoon het dat persone met 'n gehoorverlies addisionele gebreke kan hê, die implikasie van hierdie gebreke nie werklik ondersoek is nie (Moores, 1996:112). Hetsy enkel- of meervoudig gestremdheid, is, is persone met 'n gehoorverlies baie afhanklik van ander vir hulpverlening en is dit iets wat hul lewenskwaliteit nadelig beïnvloed. Lewenskwaliteit word dikwels gemeet aan 'n persoon se vermoë om *akademies* te presteer, *sosiaal* en *persoonlik* in die lewe aan te pas asook om as volwassene na voltooiing van skoolopvoeding, suksesvol in die samelewing te funksioneer (Cegelka & Tyler 1970 in Rittenhouse, 1987:24).

Indien die persoon met 'n gehoorverlies daarin kan slaag om sy of haar vlak van inligtinggeletterdheid te verbeter, sal so 'n persoon 'n betekenisvolle rol in die samelewing kan speel op sosiale, ekonomiese en politiese gebied. Die sentrale probleemstelling sal aantoon dat die proses van inligtinggeletterdheid egter ingewikkeld is aangesien dit die problematiek insluit van kommunikasie, sielkundige faktore sowel as die opvoedkunde.

## 1.2 SENTRALE PROBLEEMSTELLING

Die sentrale probleemstelling van hierdie tesis word geformuleer aan die hand van die voorafgaande inleiding, waarin aangetoon gaan word dat inligtinggeletterdheid belangrik is vir die Suid-Afrikaanse gehoorgestremde maar dat sulke persone oor min of beperkte inligtinggeletterdheid beskik.

Die sentrale probleem van hierdie studie kan derhalwe omskryf word as "*'n ondersoek na die problematiek van inligtinggeletterdheid vir die gehoorgestremde persoon in Suid-Afrika*".

Ten einde hierdie vraag te beantwoord sal gepoog word om die volgende stappe/doelwitte te omskryf:

- om 'n beeld te verskaf van wat *persone met 'n gehoorverlies* behels (algemene beeld en eienskappe);
- om aan te toon wat *inligtinggeletterdheid* behels en hoe dit die persoon met 'n gehoorverlies beïnvloed;
- om vas te stel in welke mate *leesvermoëns* die persoon met 'n gehoorverlies belemmer om inligtinggeletterd te raak;
- om die *veranderlikes* te bepaal wat persone met 'n gehoorverlies beïnvloed en wat verhoed dat sulke persone inligtinggeletterd raak, byvoorbeeld die bepaling van graad, aard, vlak en vaardighede, taalprobleem en persoonlikheid;
- *om riglyne te formuleer* ten einde die inligtinggeletterdheidsvlak by persone met 'n gehoorverlies te verhoog.

Dit is die eeu van inligting waar massas inligting teen 'n geweldige spoed vermeerder. Die hoeveelheid beskikbare kennis en inligting het vanaf die begin van die geskiedenis, tot in die twintigste eeu 100% toegeneem en dan nog teen 100% in die eerste helfte van die 20ste eeu 100% persent vermeerder. Toe het dit nog vermeerder met 100% oor die volgende 20 jaar en nog 100% teen die begin van die tagtigerjare. Daar word beraam dat inligting met 'n verdere 200% sal vermeerder teen die einde van die eeu. Carver, ook 'n persoon met 'n gehoorverlies huldig die mening dat persone met 'n gehoorverlies te midde van "...such abundance of information" ook uitgehonger is daarvoor (Carver, 1993: URL:http://www/dww.deafworldweb.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

org/pub/c/rjinfo).

Alhoewel Neyhuss & Austin (1978:351) in hul navorsing bevind het dat persone met gehoorverlies as "gestremdes" beskou word as, toon Branson & Miller (1993:22) dat sommige persone met 'n gehoorverlies wel daarin geslaag het om aan te pas in die wêreld waar inligting 'n betekenisvolle rol speel, al word sulke gevalle as 'n uitsondering beskou.

Hierdie feit word onderskryf deur inligting wat die navorser self bekom het deur middel van *persoonlike onderhoude,* sowel as *korrespondensie* wat oor die Internet met persone met 'n gehoorverlies gevoer is. Dit is nie meer nodig nie om soos Conrad (1976 in Bench, 1992:2) op te merk "...many of us are shocked at the thought of deaf being able to communicate only with deaf".

Carver (1990: URL:http://dww.deafworldweb.org/pub/c/rjc/agenda) beklemtoon dat probleme dikwels nie by die persoon met 'n gehoorverlies self lê nie, maar by die gemeenskap en die mislukking om middele daar te stel om kommunikasie te bewerkstellig en instrumente te verskaf waardeur die persoon met 'n gehoorverlies oor die weg kan kom. Mens moet onthou dat inligting *per se* ontwikkel, maar nie die vermoë om inligtinggeletterdheid as sodanig te verbeter nie. Dit is 'n individuele aspek en hang dit af van die mens of groep mense wat die inligting moet bekom.

Die hipotese kan gestel word dat ter wille van eiewaarde, ontwikkeling, beroepseise- en beoefening, dit nodig is dat alle mense, insluitend persone met 'n gehoorverlies inligtinggeletterd moet wees.

## 1.3 HUIDIGE STAND VAN NAVORSING

Roger Carver (1996) meld dat professionele mense wat oor persone met 'n gehoorverlies navorsing gedoen het, oor min kennis van persone met 'n gehoorverlies beskik. Trouens, hy meen hulle "...have very little or no 'gut' understanding of what childhood deafness is really like. Most of them received their knowledge and training from hearing persons who were similarly trained and from publications written mostly by hearing persons"

'n Ondersoek is derhalwe gedoen na toepaslike literatuurstudie om kennis op te doen oor die stand van navorsing wat reeds gedoen is, asook om leemtes aan te dui en die relevansie van eie studie aan te toon. Daar is baie relevante navorsing gedoen op die gebied van gehoorgestremdes.

### 1.3.1 TEMAS WAT NAGEVORS IS

Uit enkele geraadpleegde werke blyk dit dat daar nie baie navorsing gedoen is op die gebied van inligtinggeletterdheid rakende persone met 'n gehoorverlies nie. Die geheelveld van persone met 'n gehoorverlies is egter baie nagevors. Voor die tagtigerjare is meer gekonsentreer op persone met gehoorverlies se onvermoëns as hulle vermoëns. Die volgende gebiede of temas wat met die tema van inligtinggeletterdheid verband hou, het wel aandag gekry:

- *Beperkinge en kommunikasie* van persone met 'n gehoorverlies: Henderson (1976) en Solit, Taylor, & Bednarczyk, 1992:11) ondersoek die aspek van kommunikasie tussen persone. Hulle huldig die mening dat die persepsie bestaan dat persone met 'n gehoorverlies slegs met ander persone wat ook 'n gehoorverlies ervaar, kan kommunikeer. Vanaf laat 1930 tot vroeg 1950 is navorsing gedoen oor persone met 'n gehoorverlies rakende hul moontlikhede, gebreke, breinfunksie, wiskundige en leesvermoëns asook taalkundige aspekte. Hull (1998:7) bespreek ook die voordele van *cued speech* as 'n aanvulling tot spraaklees.

- W*oordeskat-intelligensie:* Luterman (1986:67) beklemtoon dat aandag hieraan geskenk moet word, sowel as aan die aspek van 'n persoon met 'n gehoorverlies se vermoë om sosiaal aan te pas en of 'n kind met 'n gehoorverlies in die hoofstroom hoort of nie. Hierdie aspek is van belang aangesien taalverwerwing ook verband hou met woordeskat.

- *Ontwikkeling van spraak:* Hull (1998:6-7) beklemtoon dat spraak natuurlik ontwikkel by horende persone, in teenstelling met persone met 'n gehoorverlies wat geleer en gestimuleer moet om so spontaan en vlot te praat as moontlik. Talle navorsers soos Hull beklemtoon dat spraak gesien moet word as die pad tot kommunikasie sodat 'n gehoorgestremde persoon nodige onafhanklikheid kan bekom. Daar word beklemtoon dat ongeag watter vorm van kommunikasie ookal, dit belangrik is om taal te ontwikkel vir die kognitiewe, emosionele en sosiale groei van die kind.

- *Inskakeling op sosiale en politiese gebied:* Zapata (1994:124) meld dat die persoon met 'n gehoorverlies op hierdie gebied probleme ondervind wat verhoed dat hy of sy 'n betekenisvolle rol in die samelewing kan vervul.

- *Verkryging van onafhanklikheid, selfvertroue en selfstandigheid:* Nowell & Marshak (1994:83) bevraagteken die kwessie van die persoon met 'n gehoorverlies se vermoë om hierdie eienskappe te kan ontwikkel, verkry of te bemeester.

- Persone met 'n gehoorverlies as 'n *andersheid*: Goodrich (1988:198) dui aan dat persone met 'n gehoorverlies van ander persone verskil en dat sulke persone meer besorg is oor die feit dat mense hul as "anders" beleef, eerder as normaal of as persone met 'n gebrek. Hull (1998:7) bevestig dat identifikasie van gehoorverlies so vroeg as moontlik geïdentifiseer moet word en versterking verskaf word, sodat die kind se ouditiewe perseptuele vermoëns ontwikkel kan word wat kan lei na die ontwikkelingsproses van taal en spraak.

- *Beroepsmoontlikhede vir persone met 'n gehoorverlies:* Nowell and Marshak (1994) toon aan dat dit baie moeilik is vir persone met 'n gehoorverlies om suksesvolle beroepe te kan beoefen vanweë talle leemtes en probleme wat sulke persone ervaar.

- Aspekte van *geletterdheid, inligtinggeletterdheid en vaardighede van horende persone* word deur navorsers soos Anderson (1991), Barton (1994), Behrens (1991), Bench (1992), Branson & Miller, 1993), Coetzee (1977) en Gati (1992) aangespreek, terwyl Quigley & Kretschmer (1982:32) asook Andrews en Gonzales (1991), weer die situasie by gehoorgestremdes aanspreek. Hull (1998:7) bespreek die waarde van kognitiewe ontwikkeling.

- Wetenskaplikes in Suid-Afrika, soos Behrens (1991), (1990; 1992a-c), Marais (1992), Van der Walt (1992) en Veldsman (1994) lewer ook insiggewende inligting op die gebied van *inligtingsopvoeding*. Hulle beklemtoon die rol wat inligtingsopvoeding vervul by inligtinggeletterdheid en ondersoek hulle die kwessie of dit 'n rol kan speel ten einde die gebruiker in staat te stel om inligting in alle opsigte te kan hanteer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- *Opvoedingsaspek.* Pretorius (1996:5) dui aan dat kinders 'n rede het om lees as 'n betekenisvolle lewensaktiwiteit en derhalwe aangemoedig behoort te word om te lees. Hull (1998:7) plaas die klem op die kind en sy of haar ouers aangesien die ouers 'n geweldige impak toon op die sosiale, kommunikaie en emosionele groei van die kind.

- *Onderwys:* Harrison (1991:84) reken dat die onderwysmetodes onvoldoende is om die probleme te hanteer waarmee persone met 'n gehoorverlies te make het. Dit sluit aspekte in soos lees-, spraak en geletterdheidsprobleme wat weer implikasies inhou vir inligtinggeletterdheid.

Samevattend kan gesê word dat persone met 'n gehoorverlies wel met ander persone kan kommunikeer en dat daar beroepsgeleenthede vir persone met 'n gehoorverlies bestaan sodat hulle onafhanklik, selfstandig en met selfvertroue kan funksioneer, en dat persone met 'n gehoorverlies deur dieselfde proses van geletterdheidsvlakke en vaardighede gaan as horende persone, alhoewel stremming daarmee gepaard gaan soos verder bespreek sal word.

### 1.3.2 AARD EN OMVANG VAN NAVORSING

Verskeie publikasies van die VSA, Engeland, Australië, Duitsland en Suid-Afrika verskaf na aanleiding van navorsing wat gedoen is, insiggewende agtergrond vir die tesis.

Wat gehoorverlies betref, bied publikasies van die VSA en Engeland goeie insig, veral tydskrifartikels soos aangetoon in die teks en bibliografie. Daar word ook aangetoon dat die Internet waardevolle inligting bied oor aspekte van gehoorverlies soos dit tans ondervind word.

### 1.3.3 DIE AKTUALITEIT VAN DIE TEMA

Uit genoemde navorsing wat gedoen is, blyk dit dat inligtinggeletterdheid belangrik is en dat navorsing daartoe kan bydra om die persoon met gehoorverlies te help om inligtinggeletterd te raak:

- Die verskyning van publikasies wat handel oor die persoon met 'n gehoorverlies toon veral na die tagtigerjare 'n groeiende neiging. Die relevansie van tydskrif-artikels wat verskyn het, is veral van belang.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- In Suid-Afrika lewer wetenskaplikes talle referate en word konferensies deur instansies gehou oor verskillende aspekte van inligting, geletterdheid en lees soos in Behrens (1991) en in Boon (1990).

- Deur navorsing op die Internet is gevind dat individue, wetenskaplikes en organisasies toenemende belangstelling toon in gehoorverlies en inligtinggeletterdheid soos byvoorbeeld in die SAIBI-nuusbrief, Mousaion, Kaapse Bibliotekaris en South African Journal of Librarianship and Information Science en tydens WNNR-konferensies.

### 1.3.4 LEEMTES IN DIE BESTAANDE NAVORSING

Bestaande navorsing dui daarop dat inligtinggeletterdheid baie belangrik is, maar dat daar talle leemtes bestaan by persone met ‘n gehoorvelies soos die volgende:

- Navorsing oor gehoorverlies rakende aspekte soos taal en breinfunksie is *nie bestudeer* vanuit die groot konteks waarin dit voorkom nie "...in order to understand any psychological process, personality included, we must always consider an organism in its world, not separate from its situation" (Lewin 1935). Al is hierdie stelling van Lewin 70 jaar gelede gemaak, is dit relevant aangesien dit beklemtoon dat die persoon met ‘n gehoorverlies in sy of haar huidige omgewing met inagneming van bepaalde faktore en implikasies bestudeer moet word.

- Die *persepsie van* eensydige kommunikasie tussen persone met ‘n gehoorverlies: Soos reeds gemeld, het Conrad in Henderson (1976) verwys na die persepsie dat slegs persone met ‘n gehoorverlies met ander persone wat ook ‘n gehoorverlies het, kan kommunikeer. Hier word veral verwys na die gebruik van gebaretaal as die enigste taal en kommunikasiemiddel. Die gevaar is dat Gebaretaal kan dien as ‘n *isolasie-taal* aangesien nie almal dit kan verstaan of gebruik nie. Gebaretaal kan nie voldoende inligting oordra nie ten spyte daarvan dat DEAFSA ‘n voorlegging gedoen het aan die Kurrikulum 2005 dat gebaretaal wel bestaansreg het (sal bron nog aantoon)

- Alhoewel deurgaans in die literatuur gemeld word dat sosiale en politiese betrokkenheid vir alle persone van belang is, word daar in die geval van persone met ‘n gehoorverlies

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie aangetoon hoe en *op welke maniere* sulke persone in die huidige inligtingsera 'n betekenisvolle bydrae lewer nie.

- *Die aspek* van selfstandigheid en onafhanklikheid in die inligtingsera sowel as metodes om dit te bereik, word nie by die persoon met 'n gehoorverlies uitgelig nie, veral wanneer die skoolloopbaan beëindig word en die volwasse lewe betree word. In die volwasse lewe kom 'n persoon in aanraking met mededinging op beroepsvlak; maak kennis met ander kommunikasiemiddele en besluitnemingsprosesse waaraan hy of sy nie gewoond is nie. Daar bestaan leemtes ten opsigte van die profiel van die persoon met 'n gehoorverlies in die volwasse lewe en daar is nie 'n aanduiding van suksesse wat behaal is en doelwitte wat bereik is in die samelewing en beroep nie.

- In navorsing oor persone met gehoorverlies word *klem geplaas* op agtergrond, fisiese eienskappe, gebaretaal en probleme, en die bevindings toon dat daar meer gekonsentreer word op die onvermoëns as op die vermoëns van die persoon met 'n gehoorverlies. Die persepsie bestaan dat die persoon met 'n gehoorverlies nie inligtinggeletterd kan raak nie

- Aan die hand van geraadpleegde bronne is gevind dat daar tans in Suid-Afrika *geen bestaande model* is waaraan die persoon met 'n gehoorverlies gemeet kan word rakende inligtinggeletterdheid en die verbetering daarvan nie. Dit bring mee dat die persoon met 'n gehoorverlies nie ten volle kan ontwikkel in die inligtingsera met sy toenemende eise nie.

- In die studie gaan aangetoon word dat *lees en skryf* nie as basiese vermoëns van persone met 'n gehoorverlies beskou kan word nie. Dit word deur die navorser as 'n kontinuum binne konteks gesien wat noodsaaklik is vir die verkryging van inligtinggeletterdheid.

- Die kwessie van *opvoeding en onderwysmetodes* vir die persoon met 'n gehoorverlies in Suid-Afrika word nie in die geraadpleegde literatuur bespreek nie. Met die nuwe Kurrikulum 2005 word onderwys aan persone met gehoorverlies egter in vooruitsig gestel met die oog op bepaalde uitkomste soos aangetoon word in hoofstuk drie en vier.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 1.4 DOEL EN OOGMERKE VAN DIE STUDIE

Na aanleiding van die probleemstelling, gepaardgaande subprobleme en leemtes in die bestaande navorsing, kan die doel en bydrae van die studie soos volg uiteengesit word.

***Eerstens*** word gehoorverlies bestudeer, die kenmerke en ontwikkelingsaspekte wat kenmerkend is van gehoorverlies. Die aspek van gehoorverlies gekombineer met ander probleme word ook ondersoek ten einde gehoorverlies in al sy fasette te ondersoek. Dit word gedoen deur die persoon met 'n gehoorverlies te bestudeer in sy huidige omgewing "...as lived and experienced by the deaf person" (Welch 1993).

*Tweedens* word inligtinggeletterdheid bestudeer en inligtingsopvoeding as inset van inligtinggeletterdheid en bevoegdhede wat gekweek kan word ten einde aan te toon dat inligtingsopvoedingsprogramme noodsaaklik is vir die opvoeding van die persoon met 'n gehoorverlies. Daar word ook faktore uitgelig om aan te toon wat die vloei van inligting mag belemmer en implikasies wat dit vir die persoon met 'n gehoorverlies inhou. Die klem word daarna gelê op die waarde van inligtinggeletterdheid.

*Derdens* word inligtinggeletterdheid vir die gehoorgestremde bespreek en die belang daarvan vir die gehoorgestremdes. Die veranderlikes word aangetoon asook die implikasies daarvan op die gehoorgestremdes. Die rolspelers wat 'n insiggewende rol speel word uitgelig sodat die voordele wat inligtinggeletterdheid vir die gehoorgestremde bied, bereik en/of verhoog kan word. Dit impliseer dus daar sekere aspekte is wat nodig is alvorens die gehoorgestremde inligtinggeletterd kan raak en word hierdie aspek ook bespreek.

Die studie kan daartoe bydra dat *leerders met gehoorverlies* en alle ander programme hierby baat vind, omdat daar faktore aangetoon word wat inligtinggeletterdheid sal bevorder asook die voordele daaraan verbonde. 'n Tussenganger mag benodig word om as fasiliteerder tussen die persoon met 'n gehoorverlies en inligting op te tree. Die tussenganger kan die mediaonderwyser, onderwyser of inligtingkundige wees.

Die *gemeenskap* (publiek en familie) se persepsie en kennis aangaande die persoon met 'n gehoorverlies sal verbreed, aangesien aangetoon word dat persone met 'n gehoorverlies gesien moet word as mense met onontwikkelde potensiaal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorsing oor gehoorverlies sal as eindresultaat die daarstelling van 'n model hê waarvolgens "...educational practices and processes could be oriented to educate deaf children and adolescents to become the next generation of fully functioning deaf adults" (Welch 1993:197).

*Opleidingsinstansies* soos skole, kolleges en universiteite kan kennis neem van inligtingsopvoedingsprogramme wat aan persone met gehoorverlies die geleentheid sal bied om tersiêre opleiding te bekom, wat tans 'n groot leemte in Suid-Afrika is.

## 1.5 METODOLOGIE

Die benadering van Welch (1993:197) word as vertrekpunt gesien in die daarstelling van die metodologie van hierdie studie. Welch meen daar moet gekonsentreer word op persone wat sekere doelwitte suksesvol bereik het; daar moet gekyk word na die metodes waarvolgens hul dit bereik het sodat daardie inligting toegepas kan word om opvoedkundige, sosiale en persoonlike prosedures daar te stel in die opvoedingsprogram van persone met 'n gehoorverlies.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is dus 'n grondige studie gedoen van beskikbare, gepubliseerde sowel as ongepubliseerde materiaal, ten einde alle moontlike benaderings, standpunte en argumente na te vors. Boeke en tydskrifte wat geraadpleeg is, dateer van ná 1990, hoewel sommige vroeëre bronne ook ingesluit is.

Korrespondensie is met persone met 'n gehoorverlies oor die Internet gevoer, oorsee sowel as plaaslik ten einde met soveel mense moontlik te kommunikeer om hul menings in te win en gedagtes uit te ruil.

Berigte is geplaas in Suid-Afrikaanse tydskrifte en koerante ten einde mense uit te nooi en aan te moedig om bydraes en kommentaar oor die studieonderwerp te lewer.

As aanvullende metode om inligtinggeletterdheid en die situasie onder die persone met 'n gehoorverlies in Suid-afrika te ondersoek, is *onderhoude* met *persone met 'n gehoorverlies* gevoer, ten einde hul behoeftes, probleme en standpunte te identifiseer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Skakeling en onderhoudvoering* het met die Gautengse Onderwysdepartement, sowel as die Universiteit van Pretoria, geskied om kennis in te win oor die beleid en standpunte jeens persone met 'n gehoorverlies se inskakeling by tersiêre opleiding.

Onderhoude is gevoer met kundiges oor gehoorverlies soos die personeel van skole vir persone met 'n gehoorverlies (De La Batskool, Sonitus Skool vir Hardhorendes en Transoranje Skool en Carel du Toit Sentrum by Tygerberghospitaal) asook met die kundiges van die Departement Kommunikasiepatologie, Universiteit van Pretoria om hul betrokkenheid te bepaal en menings in te win aangaande inligtinggeletterdheid en leemtes by persone met 'n gehoorverlies.

## 1.6 AFBAKENING VAN DIE TERREIN

Die voorafgaande navorsing toon dat drie studievelde deur die navorsing gedek word naamlik gehoorverlies, inligtinggeletterdheid en onderwys in Suid-Afrika deur die gebruik van 'n inligtingskundige invalshoek. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die onderwerp *inligtinggeletterdheid vir persone met 'n gehoorverlies* slegs toegepas kan word mits inligting wat hoofsaaklik met inligtinggeletterdheid verband hou, deurgaans bestudeer word ten einde die realiteite van persone met 'n gehoorverlies en inligtinggeletterdheid te kan bestudeer.

Die navorsing toon dat daar talle aspekte is wat 'n studie op sigself sou kon regverdig. Slegs die relevante aspekte van toepassing op die tema word bespreek om riglyne vir die daarstelling van 'n inligtinggeletterdheidsprogram te formuleer. Geen belangrike of relevante inligting is egter verswyg of weggelaat nie.

Alvorens die afbakening van die terrein deeglik bepaal kan word, lig die begripsomskrywing die relevante begrippe toe wat in die tesis voorkom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 1.7 BEGRIPSOMSKRYWING

Begripsomskrywing van terme is nodig sodat kundiges op die verskeidenheid van terreine die studie toeganklik sal vind. Die begripsomskrywing gee slegs 'n kort oorsig waaroor die tesis handel aangesien in die daaropvolgende hoofstukke meer uitgebrei word ten einde die leesgemak te verhoog.

### 1.7.1 DIE GEBRUIK VAN DIE KONSEP *INLIGTING*

Longman's New Universal dictionary (1982:508) toon aan dat inligting is die "...communication or reception of facts or ideas; knowledge obtained from investigation, study or instruction" terwyl die Webster's Third New International Dictionary inligting omskryf as die "...process by which the form of an object of knowledge is impressed upon the apprehending mind so as to bring about the state of knowledge".

Dit blyk dus dat inligting die kommunikasie of oordra is van idees en gedagtes van een persoon na 'n ander persoon met die oog op bepaalde behoeftevervulling wat nodig is vir daaglikse funksionering in die samelewing. Hierdie inligting word verkry deur middel van navorsing, studie of leermetodes met die oog daarop dat 'n persoon insig kan verwerf en tot 'n bepaalde kennisbegrip kan kom. Dit gaan gepaard met die verkryging en toepassing van sekere vaardighede wat nodig is om sodanige inligting te benut, verwerk en toe te pas.

Inligting volgens Debons, Horn & Cronenweth (1988:3) word beskou as 'n *kommoditeit* (item in 'n boek of in iemand se gedagtes of in 'n leêr of statistiek), *energie* (iets wat eksperimenteel getoets kan word), *kommunikasie* (data wat van een persoon na ander oorgedra word), *feite* (verjaarsdag) of *data* (simbole wat volgens reëls en gewoontes georganiseer word).

Inligting kan 'n persoon help om belangrike besluite in die lewe te maak en leer hoe om in bepaalde situasies op te tree. Longman's New Universal dictionary (1982:508) beskryf inligting as "...communication or reception of facts or ideas; knowledge obtained from investigation,study or instruction", terwyl Brillouin (1962) dit beskou as "...the raw material and consists of a mere collection of data".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Webster se Third New International Dictionary omskryf inligting as die "...process by which the form of an object of knowledge is impressed upon the apprehending mind so as to bring about the state of knowledge".

Garbers (1985:197) beskryf dit as "die bewuste kennis van 'n individu van sy eie inligtingsbehoeftes en sy aktiewe optrede om daardie inligtingsbehoeftes te bevredig, kennis van benodigde inligting, kennis van die plek waar dit verkry kan word; vaardighede om dit te bekom, kennis van die wyse waarop dit aangewend kan word om die gesindheid, die gedrag en die vaardighede van 'n individu te verander; en die wil om inligting te bekom en te gebruik".

Inligting is dus kommunikasie of oordra *van idees en gedagtes* van een persoon na 'n ander persoon met die oog op bepaalde *behoeftevervulling* wat nodig is vir daaglikse funksionering in die samelewing. Hierdie inligting word verkry deur middel van navorsing, studie of leermetodes sodat 'n persoon *insig* kan kry 'n bepaalde *kennisbegrip* kan vorm.

Inligting gaan gepaard met die verkryging en toepassing van sekere vaardighede wat nodig is om sodanige inligting te benut, verwerk en toe te pas wat nie 'n maklike proses nie. Soos wat die mens ontwikkel deur fases, groei die bewusmaking van inligting sowel as die vaardighede om dit te ontsluit.

### 1.7.2 DIE KONSEP VAN INLIGTINGGELETTERDHEID

Hierdie konsep gaan slegs kortliks genoem word aangesien dit breedvoerig in hoofstuk 3 bespreek word. Verskillende outeurs huldig bepaalde menings aangaande inligtinggeletterdheid. Martin (in Boon 1992b:4), omskryf inligtinggeletterdheid as "...an awareness of the importance of information in everyday life, and a facility in obtaining, evaluating and using it for a wide range of workerday purposes", terwyl Lenox & Walker (1993:192) dit beskryf as "...a person's ability to access and understand a variety of information resources". Inligtinggeletterdheid impliseer dat 'n persoon inligting verstaan en dit doelmatig kan aanwend.

'n Inligtingsgeletterde persoon weet wat inligting is, hoe om dit te verwerk, te gebruik en toe te pas sodat die inligting weer aangewend kan word. Inligtinggeletterdheid verg egter sekere vaardighede wat aangeleer moet word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.7.3 DIE KONSEP VAN *INLIGTINGSOPVOEDING*

Inligtingsopvoeding word verbind met die opvoedingsproses "...educating people for the demands of today's information age" (Brevik in: Boon 1992c: 4) en is dit 'n "...proses waardeur kennis, gesindhede en vaardighede vir funksionering in 'n inligtingsamelewing verwerf word" (Marais 1992:75).

Breivik (in Boon 1992b: 40) stel dit ook as "...an integrated set of skills and knowledge" wat 'n persoon in staat stel om te kan lewe wat verder deur Boon (1990:2) onderskryf word as 'n proses "...of acquiring knowledge of, attitudes towards and skills in information, as a major determinant of the way in which people exploit reality, develop, live, work and communicate in an information society" (Boon 1990:2).

Inligtingsopvoeding as inset tot inligtinggeletterdheid het te make met 'n persoon se vaardighede, houdings, gesindhede en motivering om inligting ten einde inligting in al die fasette te benut. Hierdie stel vaardighede en kennis stel 'n persoon in staat om te kan leef (Breivik in Boon, 1992b:40). Dit is 'n proses van verkryging van "... knowledge of, attitudes towards and skills in information, as a major determinant of the way in which people exploit reality, develop, live, work and communicate in an information society" (Boon, 1990:2).

Inligtingsopvoeding stel mens dus in staat om in die samelewing te funksioneer deur hulpbronne aan te wend wat 'n jarelange proses is en wat gepaard gaan met bepaalde vereistes en tipes vaardighede.

### 1.7.4 INLIGTINGGELETTERDE PERSOON

'n Inligtingsgeletterde persoon word gesien as 'n persoon "...who is able to recognize when information is needed and has the ability to locate, evaluate, and use it effectively...have learned how to learn and are prepared for lifelong learning" (Ford 1989:892). So 'n persoon is dus iemand wat weet waar om inligting te kry, dit aan te wend na gelang van spesifieke behoefte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.7.5 INLIGTINGSVAARDIGHEID

Inligtingsvaardigheid is 'n vae term "…in a narrow sense it describes the ability to retrieve information from a given source, e.g. a person, book, or computer. In a broader sense the term refers to location, retrieval, selection, organization, evaluation and communication of information" (Brake 1980:1).

### 1.7.6 DIE BEGRIP *GEHOORVERLIES*

Gehoorverlies word omskryf as die "limited ability to hear what is being said in a conversation with one or more people, even when wearing a hearing aid" (Activity Limitation Survey, Statistics Canada 1991). 'n Gehoorverlies dui dus op 'n onvermoë om klank met of sonder 'n apparaat te hoor.

### *1.7.7* ONDERSKEID TUSSEN BEGRIPPE *DOOF, HARDHOREND* EN *GEHOORGE-STREMD*

- Die begrip *doof*

*Doof* word gebruik word vir iemand wat nie sy of haar gehoorkanaal ten volle kan gebruik vir die ontvangs van 'n ander persoon se spraak nie (Hugo 1987:2). Vroeg reeds in 1973 het Vernon (in Roos 1978:7) verwys na doofheid as "...a hearing loss in the better ear severe enough to prevent the understanding of conversational speech whether or not a hearing aid is used" en waarvan hierdie begripsomskrywing vandag steeds geld.

Vir die doel van hierdie studie sal die woord *doof* in hierdie studie gebruik word om 'n persoon se onvermoë om enige klank waar te neem, gebruik word (Ross, 1990: 69-79)

- Die begrip *hardhorend*

Die term *hardhorend* word gebruik om persone te beskryf wat nie normale gehoor het nie, maar wat nogtans die gehoor so kan gebruik (veral met die gebruik van 'n gehoorapparaat) dat dit die primêre kanaal vir spraakontvangs is (Hugo, 1987:2).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die begrip *gehoorgestremd*

*Gehoorgestremd* is 'n oorkoepelende term en word gebruik om die terme *doof* en *hardhorend* te omvat. Die Raad vir Geestesnavorsing beskou persone met 'n gehoorverlies as 'n toestand waardeur 'n persoon as gevolg van 'n sintuiglike gebrek teruggehou word of verhinder word om te hoor en wat nie in staat is om gehoor as primêre modaliteit te gebruik nie (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:10).

1.7.8 LEES

Lees word gedefinieer as "...the recognition of printed or written symbols which serve as stimuli to the recall of meanings built up through the reader's past experience" (Human Sciences Research Council, 1989:53).

## 1.8 HOOFSTUKINDELING

Om aan hierdie doeleindes te beantwoord, is die hoofstukke as volg ingedeel.

Naas die inleidende hoofstuk wat die agtergrond skets van die bestaande inligtingsera, word die sentrale probleemstelling, doel en bydrae van die studie bespreek asook begripsomskrywing van relevante begrippe, hoofstukindeling en die metodologie.

Hoofstuk twee bespreek persone met 'n gehoorverlies in die geheel, die algemene beeld en kenmerke van die persoon met 'n gehoorverlies, die ontwikkelingsaspekte wat kenmerkend is van persone met 'n gehoorverlies, gehoorverlies gekombineer met ander probleme en gevolge van persone met 'n gehoorverlies.

Bogenoemde aspekte lei nou na die derde hoofstuk wat inligtingsopvoeding as uitset tot *inligtinggeletterdheid* bespreek: die agtergrond, begripsomskrywing, bevoegdhede wat met behulp van inligtingsopvoeding gekweek word asook die rol en waarde van inligtingsopvoedingsprogramme.

Hoofstuk vier bespreek inligtinggeletterdheid en die gehoorgestremde, die belang daarvan vir gehoorgestremdes. Daar word aandag geskenk aan die veranderlikes wat 'n rol speel asook die

implikasies wat dit vir die gehoorgestremde inhou. Daar word deeglik aandag geskenk aan die waarde van rolspelers in die gehoorgestremde se lewe en word die voordele wat inligtinggeletterdheid vir sulke persone inhou, uitgelig. Die hoofstuk bespreek die faktore wat gehoorgestremdes benodig om inligtinggeletterd te raak en sluit dit af met samevattende opmerkings.

Hoofstuk 5 verskaf riglyne en aanbevelings aangaande die opstel van 'n inligtingsopvoedingsprogram waardeur die vlak van inligtinggeletterdheid by gehoorgestremdes verhoog kan word. Daar word ook aandag geskenk aan die situasie in Suid-Afrika, met verwysing na Kurrikulum 2005 as uitkomsgebaseerde onderrig.

Die slothoofstuk gee 'n opsommende samevatting van al die voorafgaande hoofstukke. Daar word voorstelle gemaak vir die implementering van die riglyne en is daar voorstelle vir verdere navorsing en 'n slot.

Elke hoofstuk word op 'n bepaalde wyse gestruktureer. Naas die aanduiding van die *doel* van elke hoofstuk van die betrokke hoofstuk word daar telkens 'n *metodologiese uiteensetting* gegee waarin *die strukturering* van die hoofstuk verduidelik word. Daar word ook *figure en tabelle aangetoon* ter illustrasie van bespreekte onderwerp om dit beter uit te lig.

Die *standpunt* van die aspekte wat bespreek word, word ontwikkel ten einde die terminologie en standaardisasie van begrippe toe te lig, te bespreek en beter te verstaan en word elke hoofstuk afgesluit met 'n gevolgtrekking of samevatting.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2
# PERSONE MET 'N GEHOORVERLIES

## 2.1 AGTERGROND

The problems of deafness are deeper and more complex,
if not more important than those of blindness. Deafness is a much
worse misfortune.
For it means the loss of the most vital stimulus-
the sound of the voice that brings language, sets thoughts astir, and keeps us
in the intellectual company of man
*(Helen Keller in Gregory 1995:1-2)*

Helen Keller, 'n doofblinde persoon het bogenoemde stelling gemaak as aanduiding hoe sy oor haar eie gehoorverlies voel (Gregory 1995:1-2). Sy reken dat so 'n persoon nie weet hoe om te kommunikeer nie, afgesluit is van die wêreld en nie in staat is om huidige gebeure te begryp of verwerk of weet wat die toekoms gaan inhou nie (Gregory 1995:187).

Dit is egter nie moontlik om 'n algemene stelling te maak oor wat presies die effek van gehoorverlies is op 'n indiviu nie aangesien daar variante by betrokke is wat die verlies van gehoorverlies kan verminder of vermeerder (Sanders 1982:166).

In die verlede was die term "doofheid" gebruik, maar dit word huidig vervang met die term "persone met 'n gehoorverlies" weens wanpersepsies wat daaraan geheg was, soos dat dowe persone byvoorbeeld niks kan hoor nie, nie kan praat nie, slegs met die hande praat (gebaretaal), na 'n *dowe* skool moet gaan, nie 'n normale werk sal kan verrig nie en dus nie sal kan verstaan as daar gepraat word nie.

Die graad van 'n persoon se gehoorverlies word algemeen beskryf in terme van geringe, erge of totale verlies (Hugo 1987:3) en weens bepaalde individuele gehoorverlies en ouditiewe insette (Sanders 1971:83) verskil so 'n persoon van 'n horende persoon. As die persoon met 'n gehoorverlies *gebore* is, ervaar so 'n persoon meer as net 'n ouditiewe verlies, naamlik *beperkings in die versameling en gebruik van inligting* aangesien die persoon dikwels nie oor dieselfde vermoëns beskik om te lees of te leer lees nie en is die kognisievlak nie op dieselfde vlak as die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 'n horende persoon nie (King & Quigley 1985). 'n Persoon met 'n gehoorverlies ondervind dus 'n probleem met dit wat gehoor word (inligting) wat weer lei tot 'n probleem om dit te stoor en te herwin en dit te korreleer met wat ervaar is (Sanders 1982:18).

Wanneer 'n kind met 'n gehoorverlies gebore word, besef die ouers dikwels nie die implikasies, probleme, verantwoordelikhede en alles wat daarmee gepaard gaan nie. So 'n baba lyk *normaal* maar die volle implikasies van die gehoorverlies word eers veel later besef. Ouers kan dus nie dieselfde verwagtings van kinders met 'n gehoorverlies koester soos in die geval van horendes nie en soms kan so 'n kind selfs vir die ouers 'n verleentheid wees (Braden 1994:2 & Marschark 1997:7).

Persone met 'n gehoorverlies is egter net *anders* en nie gebreklik nie "*...are different, not deficient*" (Erting, 1992 in Welch 1993:98) en vorm hul deel van 'n heterogene groep. Weens demografiese en omgewingsfaktore, is dit te verstane dat sodanige persone se taalontwikkeling kan verskil (Nowell & Marshak 1994:14). Persone met 'n gehoorverlies koester ook ideale en verwagtings waarvan die arbeidsmark kennis moet neem ten einde hul opvoeding, opleiding, fisiese en geestelike versorging op die regte manier te hanteer (Uys, Hugo & Louw 1992:78).

Inligting word nie net deur die geskrewe woord verkry nie, maar ook deur ander bronne soos radio, televisie, bioskoop, mondelinge oordrag en persoonlike ervaring. 'n Persoon se kennis van die wêreld word gevorm deur dit wat waargeneem word in konteks (Sanders 1982:17). Evans dui aan dat as die persoon met 'n gehoorverlies nie toegang het tot hierdie inligting nie, kan hy of sy nie kennis dra van die wêreld om hom of haar nie en word die wêreld as 'n onsekere plek beleef.

Evans (1988:235) verwys daarna as die *Unwelt, the world of stimuli and physical objects* wat reeds in die kinderjare waargeneem word. Die mate waarin die persoon met 'n gehoorverlies as kind dus bewus word van die omgewing om hom of haar, word bepaal deur die patroon en erns van die gehoorverlies (Sanders 1982:159).


Dit het natuurlik belangrike implikasie vir die opvoedingsproses. In Suid-Afrika word die tendense tot ontwikkeling en beter opvoeding ook vir gestremdes reeds in die Konsep WITSKRIF oor Onderwys en Opleiding in Oktober 1994 deur die Minister van Onderwys gepubliseer. Hierin word die stelling gemaak dat opleiding en onderwys basiese menseregte is waartoe elke persoon reg het "*...elke mens- kind, jeugdige en volwassene moet kan baat vind by die onderwysgeleenthede*

i15794885
b15236638

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*wat daarop gemik is om aan hulle basiese leerbehoeftes te voldoen"* (Departement van Onderwys 1994:24).

Figuur 2.1 dui die totale opvoedkundige terrein aan van die persoon met 'n gehoorverlies wat ooreenstem met die horende persoon se omgewings-, sowel as beroepswêreld en gesinslewe as mens kyk na die aspekte wat die kind raak; die familiestruktuur en skoolstruktuur waarin die kind homself of haarself bevind behalwe dat die persoon met 'n gehoorverlies bepaalde probleme ondervind.




Figuur 2.1: Die opvoedkundige terrein van die gehoorgestremde kind (verwerk uit Johnson, 1987 in Hugo, 1987:5).

In figuur 2.1 kan daar gesien word watter hoofkomplekse faktore 'n rol, soos die familie, skool en in die kind se lewe. Net in die kind se lewe alleen, speel sosiale, psigologiese, kommunikasie, fisiese en onderwys 'n rol. Dit word verder beïnvloed deur die ondersteuningsdienste, wetlike

aspekte en dienslewering. Al hierdie komplekse aspekte gaan deurlopend in die tesis ondersoek word ten einde later te kan bepaal watter relevante faktore, aspekte, probleme en implikasies 'n invloed mag uitoefen op die inligtinggeletterdheidsvlak van die persoon met 'n gehoorverlies (Hugo 1987:29-33).

## 2.2 ALGEMENE KENMERKE VAN PERSONE MET 'N GEHOORVERLIES

Gehoor en gehoorverwerwing is nie 'n eenvoudige proses nie en derhalwe word die aspekte wat persone met 'n gehoorverlies beïnvloed onder subafdelings bespreek, naamlik die plek van letsel, die graad en erns van die verlies, die stadium van verlies en die omgewing en aard van hulp. Die probleme wat daaraan gekoppel word, die implikasies daarvan en die gevolge wat dit meebring word uitgelig.

Katz en White (in Hull, 1998:20) dui aan dat daar 'n verskil is tussen gehoorverlies en gehoorgebrek. Gehoorverlies word geasossieer met die gehoorvlak en word soms nie waargeneem in die meting van dB nie, soos spraakdiskriminasie. Gehoorverlies impliseeer dat prestasie gewoonlik swakker is as gewoonlik en word dit aangetoon deur gering, matig of erg. Gehoorgebrek verwys na die resultate weens die gehoorverlies (Katz en White in Hull, 1998:20), byvoorbeeld 'n persoon met 'n verlies van 50 dB mag meer probleme in die omgewing ondervind as 'n ander persoon met 'n verlies van 30 dB wat so 'n persoon vereis meer om in staat te kan wees om te kommunikeer.

Ten einde die algemene kenmerke van gehoorverlies beter te verstaan, is dit nodig om eers te bepaal waar die plek van letsel in die oor is.

### 2.2.1 PLEK VAN LETSEL


Gehoor is belangrik, nie net vanaf die ontvangs van klank nie, maar tot by die proses van dekodering, begrip en toepassing daarvan. Die verlies aan gehoor kom organies, funksioneel en ouditief persepsioneel voor.

*Organiese gehoorverlies* dui op 'n versteuring in die vermoë om klank korrek waar te neem as gevolg van 'n fisiese skade/letsel in die gehoororgaan. 'n Persoon met so 'n gehoorverlies is nie in staat om klank korrek waar te neem, te verwerk en en tot sinvolle begrip te kom nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Funksionele gehoorverlies* dui op skynbaar abnormale gehoordrempels, met ander woorde dit hou nie verband met 'n organiese aantasting nie. Dit kan bewustelik of onbewustelik van aard wees.

*Ouditiewe prosesseerverlies* dui op 'n versteuring in die vermoë om klankpatrone te interpreteer. Figuur 2.2 dui die verskillende soorte gehoorverlies aan





Figuur 2.2: Soorte gehoorverlies (Boothroyd 1982:4 in Hugo & Cummings, 1990:4).

Figuur 2.2 toon dat daar verskillende soorte gehoorverlies is, naamlik organiese, funksionele en ouditiewe prosesseerverlies (Hugo, 1987:5). Organiese gehoorverlies kom ook voor in die oor op verskillende plekke. Daar gaan nou gekyk word verskillende soorte gehoorverlies.

*2.2.1.1 Konduktiewe gehoorverlies*

Konduktiewe gehoorverlies kan in die *buite- of middeloor* voorkom. Die middeloor is die plek waar die klankgeleiding plaasvind word en indien daar 'n verlies is, word dit konduktiewe gehoorverlies genoem. Hierdie verlies het dikwels 'n invloed op die kind se akademiese loopbaan aangesien hierdie verlies dikwels geassosieer word met swak gesondheid en fisiese omgewing (Webster 1986:98). Figuur 2.3 dui aan hoe 'n oudiogram met konduktiewe gehoorverlies lyk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 2.3: Gemiddelde konduktiewe verlies in die regteroor (Hugo, 1987:47).

Die tweede groep is die sensories-neurale verlies wat aangetoon gaan word.


2.2.1.2 Sensories-neurale verlies

Hier word verwys na die verlies wat voorkom in die binne of neurale oor. Sensories-neurale verlies dui die plek aan waar daar 'n vermindering is in die funksie van die ouditiewe senuwee. Die binneoor, en meer spesifiek die koglea vervul die sensoriese funksie, dit wil sê, 'n omskakelingsfunksie sodat die klank wat gelei is vanaf die buite en middeloor nou omgeskakel word vanaf klankgolwe na elektriese impulse sodat die senuwees en die brein dit kan hanteer. (Sanders, 1982:164).

Waar daar 'n gehoorverlies in hierdie deel ontstaan, beteken dit dat klank nie korrek ontvang en interpreteer word nie - sekere klankfrekwensies word verkeerd of swak ontvang of geïnterpreteer en kan dit nie korrek en sinvol toegepas word nie (Sanders, 1982:164). Daar is dus 'n probleem met duidelikheid of suiwerheid van klanke eerder as sensitiwiteit (Katz en White in Hull, 1998:23).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oudiometriese bevindings sal dus aanduidings toon van swakker woordherkenning as byvoorbeeld in koglêre gevalle. In figuur 2.4 word die gehoorverlies in 'n audiogram aangetoon:





Figuur 2.4: 'n Ernstige sensories-neurale gehoorverlies (Hugo, 1987:47).

Figuur 2.4 dui 'n ernstige sensories-neurale verlies aan – dit kan ontstaan weens verskeie rede soos voor geboortelike-, tydens geboorte en nageboortelike oorsake (Webster, 1986:20-23). Hierdie tipe verlies veroorsaak meer kommunikasieprobleme en daar is 'n opmerklike verswakking in die hoor van suiwer klanktone.

*2.2.1.3 Gemengde verlies*

Figuur 2.5 (Hugo 1987:5) toon die derde gehoorverlies aan, naamlik die gemengde verlies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 2.5: Gemengde gehoorverlies (Hugo, 1987:48).

Figuur 2.5 dui gemengde verlies aan, en is dit 'n verlies waar 'n persoon oor beide soorte, naamlik konduktiewe sowel as neurale verlies kan ly.

Uit bostaande oudiogramme kan mens duidelik waarneem dat daar verskillende soorte gehoorverlies is, elk met bepaalde *verlies* (die gehoor kan selfs swakker wees) wat aantoon hoe goed of swak *klanke* gehoor word.


### 2.2.2 GRAAD EN ERNS VAN DIE GEHOORVERLIES

Soos reeds gemeld, word grade van gehoorverlies word dus in desibels (dB) gemeet en kom dit voor by konduktiewe, sensories-neurale sowel as gemengde gehoorverlies naamlik en word dit in die volgende grade aangestoon:

- minimale verlies (16-25dB)
- geringe verlies (26-40)
- gemiddelde verlies (41-65dB)
- erge verlies (66-95dB)

- totale verlies (96dB en hoër) (Braden, 1994:16; Hugo, 1987:9, 19 & Marschark, 1997:30) soos aangetoon in figuur 2.6

In figuur 2.6 word die soorte gehoorgestremdhede aangetoon met hul onderskeie grade van verlies.




Figuur 2.6: Grade van gehoorverlies (Hugo, 1987:4).

Figuur 2.6 dui aan dat daar dus verskillende soorte gehoorgestremdhede is, en dat benewens die tipe verlies, en grade daar ook aangetoon word wanneer 'n persoon met 'n gehoorverlies beskou word as "doof" en/of "hardhorend" (gemeet in desibels). 'n Persoon met 'n gehoorverlies wat minimale tot erge verlies toon, word beskou as hardhorend, terwyl die persoon met totale verlies as doof beskou word.

Die graad en erns van gehoorverlies het 'n invloed op die leerproses (Sanders, 1982:18) aangesien dit die taalverwerwing beïnvloed wat weer 'n invloed het op die kognitiewe ontwikkeling, spraakpersepsie, en leervaardighede binne 'n ouditiewe omgewing (Sanders, 1982:162, Nowell & Marshak, 1994:19).

Die algemene stelling kan gemaak word dat as die omvang van die gehoorprobleem klein is, dit wil sê, die graad van verlies, is die implikasie wat dit vir die individu en die samelewing het klein. Hoe groter die probleem, hoe groter is die implikasie daarvan op die persoon met 'n gehoorverlies aangesien so 'n persoon deur sosiale tegnieke geleer moet word om klank te interpreteer ten einde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

begrip daaraan te heg (Sanders, 1982:160 en Katz en White in Hull, 1998:25). As daar 'n geringe mate van verlies is, dan sal die kind beter taalverwerwing hê, beter kan aanpas in die samelewing teenoor dié kind wat 'n erge probleem het (Sanders 1982:18). Waar 'n kind gemiddelde tot matige verlies toon, mag so 'n kind meer daarin slaag om begrip te heg aan inligting wat ingesamel word, terwyl diegene met erge verlies dalk nie eers bewus mag wees van wat aangaan om hom/haar nie (Sanders, 1982:167).

Hierdie verband tussen graad van verlies en implikasie op die ontwikkeling word volledig in figuur 2.7 uiteengesit.

| GRAAD VAN VERLIES | WAT DIE KIND SONDER APPARAAT HOOR | AS HULP NIE IN EERSTE JAAR ONTVANG WORD NIE- GEVOLGE | WAARSKYNLIKE SKOOL WAARHEEN KIND MOET GAAN |
|---|---|---|---|
| Minimale verlies (16-25dB) | Hoor vokale duidelik maar nie stemlose konsonante nie | Geringe/tydelike ouditiewe probleme | Dra apparate tydelik/ spraaklees/ Luisteropleiding/ Voorkeursitplek in klas |
| Geringe verlies (25-40dB) | Hoor net harde stemhebbende klanke | Ouditiewe leerprobleme/ Geringe vertraging van taalverwerwing/ en spraakprobleme | Dra apparaat/ Spraaklees/ Luisteropleiding/ Spraakterapeut/ Hoofstroomklas |
| Gemiddelde verlies (41-65dB) | Hoor feitlik geen spraak teen normale intensiteit nie | Swak spraak/ Erge taalvertraging/ Leerprobleme/ Swak ouditiewe aandag | Swak boogenoemde aspekte, kan vorder in hoofstroom met spesiale hulp |
| Erge verlies (66-95dB) | Hoor geen spraak nie, slegs baie harde omgewingsklanke | Swak spraak/ Erge taalvertraging/ Leerprobleme/ Swak ouditiewe aandag | Al bogenoemde aspekte, asook moontlike plasing in spesiale klas of skool |
| Totale verlies (96 en hoër) | Hoor geen spraak of klanke nie | Ernstige onvermoë om taal te verwerf Asook alle bogenoemde aspekte | Al bogenoemde aspekte, asook waarskynlike plasing in spesiale skool |

Figuur 2.7: Graad van gehoorverlies met gepaardgaande implikasies (Hugo, 1987:45).

Volgens figuur 2.7 toon gehoorgestremdes met verskillende grade van verlies, bepaalde eienskappe wat hul hoor sonder apparate, met/sonder hulp in die eerste jaar ontvang en word aanbevelings gemaak na watter skool hul behoort te gaan. Dit is egter nie die algemene norm nie, aangesien deur onderhoude gevoer met sommige gehoorgestremdes, daar wel suksesverhale is van gehoorgestremdes wat wel na die hoofstroom gegaan het en sukses behaal het. Daar kan weereens

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die opmerking gemaak word dat mens nie noodwendig op die onvermoëns moet konsentreer nie, maar wel op die vermoëns van die individuele gehoorgestremde.

'n Kind met 'n gehoorverlies aan wie byvoorbeeld gehoorapparate verskaf is, sal beter in die lewe funksioneer as diegene wat nie sulke hulp ontvang het nie (Sanders, 1982:159). Dit word opgemerk deur te kyk na die taal wat ontwikkel is, die spraak en akademiese vordering wat gemaak is. Dit behoort as aansporing te dien vir ander gehoorgestremdes om ook ten minste te probeer om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel eerder as om net op hul oudiogram met bepaalde vasgestelde verlies te konsentreer.

Persone met 'n gehoorverlies wat eers later apparate kry, se akademiese vordering is byvoorbeeld stadiger en swakker want so 'n persoon raak eers later in sy/haar lewe bewus van die omgewing om hom/haar (Sanders, 1982:160). As 'n persoon met 'n gehoorverlies daarin kan slaag om deur middel van 'n gehoorapparaat of versterking klanke beter te kan hoor, sal die inligting wat waargeneem word, beter geprosesseer kan word ten einde 'n begrip te kan vorm van die omgewing.

Ter samevatting kan gesê word oudiogramme kan wel aantoon hoe erg die persoon gehoorgestremd is, 'n aanduiding gee van die tipe gehoorverlies wat ervaar word en 'n aanduiding gee van welke metode gevolg behoort te word om so 'n persoon te help om die klankontvangsvermoëns te versterk of te verbeter. Dit is egter baie moeilik om vas te stel presies wat elke persoon se daaglikse aktiwiteite en behoeftes is en of die intervensiemetode wel tot hulp is (Hull, 1998:33).

Die volgende faktor wat gehoorgestremheid beïnvloed is die van stadium van verlies, dit wil sê, die tydperk toe die verlies vasgestel is.

### 2.2.3 STADIUM VAN GEHOORVERLIES

Die stadium van verlies verwys na die tydperk toe die kind se gehoorverlies opgedoen is en die stadium van hulpverlening nadat identifikasie vasgestel of bepaal is. Dit verwys dus na die stadium van toetsing van gehoorverlies, die dra van apparate en die leer-en onderrigmetode van die kind (Sanders, 1971:9). Hoe vroeër die plek of letsel van gehoorverlies, die graad en erns van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verlies vasgestel word, hoe gouer kan daar met die opvoedingsprogram van 'n kind met 'n gehoorverlies begin word (Sanders, 1982:20).

Deur 'n aan 'n kind met 'n gehoorverlies op baba of kleuterouderdom die regte hulp en gehoorapparaat te verskaf, sal so 'n kind se skolastiese vordering aangehelp word aangesien die inligting en opvoeding reeds op 'n vroeë ouderdom aan die kind beskikbaar gestel word. Wanneer 'n kind byvoorbeeld al op die ouderdom van drie jaar 'n verlies ondervind, is die taal en spraak reeds gevestig en sal dit nie verlore gaan nie (Hugo, 1987:10). Hoe vroeër die verlies opgedoen word, hoe groter sal die nadelige gevolge wees van so 'n verlies.

Die evaluering van 'n persoon of kind met 'n gehoorverlies sal meebring dat daar die nodige kennis aangaande so 'n persoon ingewin kan word ten einde 'n persoon of kind met 'n gehoorverlies doeltreffend en effektief van hulp te kan wees. Hieruit is dit derhalwe ook duidelik dat die omgewing waarin die persoon met 'n gehoorverlies hom of haarself bevind en die aard van hulp wat verleen word, die kind terdeë beïnvloed.

### 2.2.4 OMGEWING EN AARD VAN HULP

Die omgewing waar die persoon met 'n gehoorverlies grootword, beïnvloed die persoon met 'n gehoorverlies terdeë en word daar na die rol van die gemeenskap, dit wil sê, die *makro-omgewing* soos die skool, kerk ensovoorts en die *mikro-omgewing* verwys na die familie en ouers.

Dit is baie belangrik dat ouers oor die regte ingeligte keuses moet beskik alvorens besluit word op die opvoedkundige instansies waar die gehoorgestremde kind geplaas word. Dit behels die kommunikasiemedium, die skool waar die gehoorgestremde kind geplaas word, hetsy spesiale skool of die hoofstroom. Soos 'n ouer van 'n gehoorgestremde kind gesê het rakende samewerking tussen alle belanghebbende partye, soos gehoorgestremdes met of sonder gebaretaal, professionele persone, oudioloë, dokters en dies meer "we now work side by side driven by the belief that families must have choices and families must have access to the information that will allow them to make those informed choices" (Carver, 1998: URL:http://dww.deafworldweb.org/pub/c/rjc/agenda

As die skool byvoorbeeld die regte tipe van intervensie/hulp en bystand sou verleen, dan sal die persoon met 'n gehoorverlies kind beter op skool kan vorder en die regte progam vir die tipe

probleem en kind toegepas kan word ten einde beter in 'n leeromgewing te funksioneer (Sanders, 1982:254, 386).

Die hulp wat die skool verskaf, sluit die volgende aspekte in: kennis van die gehoorgestremde kind; kennis van die omgewing, die vakke, en metode van onderrig (Sanders, 1982:395). In figuur 2.8 word die verskillende grade van verlies met gepaardgaande implikasies aangetoon.

Dit is derhalwe dus nou nodig om die ontwikkelingsaspekte wat kenmerkend is van persone met 'n gehoorverlies te bespreek.

## 2.3 ONTWIKKELINGSASPEKTE WAT KENMERKEND IS VAN PERSONE MET 'N GEHOORVERLIES

### 2.3.1 DIE PERSOON MET 'N GEHOORVERLIES

"I want people to understand me the way I am-deaf"
*(Mark, 20 years, oral)* (Gregory *et al.*, 1995:181)

Nadat onderhoude met groot groepe persone met 'n gehoorverlies gevoer is, het Gregory *et al.* (1995:181) bogenoemde stelling gemaak. Persone met 'n gehoorverlies beleef die wêreld anders *because of their deafness, these persons are said to perceive the world differently, that is, they are forced to rely on their intact senses- for example, vision, touch, taste and smell- to develop cognitively and psycho-socially* (Paul & Jackson, 1993:5 en Jackson in Hull, 1998:39).

Literatuurnavorsing het aan die lig gebring dat persone met 'n gehoorverlies bewus is van hul stryd om te oorleef, en dat persone met 'n gehoorverlies as 'n bedreiging beskou word want dit *remind deaf individuals both of their daily struggle to overcome the threat to selfhood that deafness imposes and their exclusion from full participation in mainstream life* (Erting, 1982:131 in Welch, 1993:96).

Die wyse waarop persone met 'n gehoorverlies hulself beskou is belangrik aangesien dit die basis van hul toekoms vorm "...hearing loss leads to problems of adjustment in children, because problems with communication produce barriers to social development which are difficult to overcome. In turn, these barriers cause problems in social adjustmet (Freeman *et al.* 1981;

Schlessinger, 1078 & Kusche *et al.*, in Bench, 1992:201). 'n Goeie selfbeeld en besef van eie-waarde dra by tot suksesvolle aanpassing in die lewe.


Daar moet gewaak word teen die opvatting dat persone met 'n gehoorverlies vir hul eie probleme verantwoordelik is. So 'n beeld is simplisties en lei dit tot ' n minderwaardigheidsgevoel, gebrek aan motivering en gevoel van magteloosheid. Daar is ook 'n wanpersepsie dat persone met 'n gehoorverlies, ongeag watter hulp verleen sal word, altyd probleme sal ondervind met taalverwerwing (Carver 1990b: URL:http://dww.deafworldweb.org/pub/c/rjc/agenda).

Soos reeds genoem verskil persone met 'n gehoorverlies individueel van mekaar afhangende van faktore soos aard van verlies, tydperk van vasstelling van gehoorverlies en intervensie strategieë. Die voorkoms van veelvuldige vorme van gestremdhede soos persone met 'n gehoorverlies gekombineer met ander gebreke (Nowell & Marshak, 1994:39) plaas 'n groter stremming op die kind aangesien so 'n persoon dan met *meer as een* tekortkoming oor die weg moet kom en moet leer om daarby aan te pas, indien ooit moontlik. Dit bring mee dat die skoolonderrig meer gespesialiseerde onderrig vereis, wat geld en mannekrag impliseer wat 'n groot probleem is.

Deur te hoor kan 'n persoon klank bespeur, identifiseer en begrip vorm van wat die ouditiewe sein is, maar is dit baie moeilik om 'n akkurate begripsomskrywing te gee van wat 'n gehoorverlies presies is en hoe groot die impak daarvan op die mens is. Opvoedkundiges is geneig om die suiwer-toon oudiometriese toets te gebruik om die verlies te bepaal terwyl ander weer meer funksionele kriteria gebruik om te bepaal wat persone met 'n gehoorverlies kan hoor en wat nie. Oudiometriese toetse gee egter nie 'n akkurate meting van waartoe die persoon met 'n gehoorverlies in staat is nie (Gregory *et al.*, 1995:21-23) en kan selfs onvolledige inligting verskaf van die persoon met 'n gehoorverlies wat getoets word.

Sintuie vervul 'n belangrike rol as sensoriese waarneming naamlik om inligting in te win, kennis van die wêreld te verkry, beskerming van die individue te verseker en te help in die proses van oriëntasie (Sanders, 1971:83). Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat persone met 'n gehoorverlies veel meer implikasies het as net 'n sensoriese onvermoë (Hindley, 1997:101 & Hugo, 1987:10). Die aard hiervan word uiteengesit in figuur 27 en dui dit aan dat 'n persoon met 'n gehoorverlies 'n kern gehoor- en taalprobleem het wat aanleiding kan gee tot 'n aantal *sekondêre probleme* wat bepaalde gevolge inhou vir die persoon met 'n gehoorverlies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 2.8: Faktore wat persone met 'n gehoorverlies beïnvloed (verwerk uit Johnson, 1987: 242 in Hugo 1987:1, 5).

In figuur 2.7 sien mens duidelik dat daar verskeie faktore is wat die gehoorgestremde persoon beïnvloed. Gehoorgestremdes ondervind 'n taalprobleem wat gemanifesteer word in aspekte soos kommunikasie en spraak; daar is persoonlike, emosionele, kognitiewe, opvoedkundige invloede wat 'n bepaalde rol speel in die gehoorgestremde se beroepslewe, sosiale lewe in die mikro sowel as makro-omgewing.

### 2.3.2 DIE KERNPROBLEEM VAN GEHOORVERLIES EN DIE INVLOED DAARVAN OP TAAL EN KOMMUNIKASIE

Taal speel 'n groot rol in 'n mens se gedagteprosessering; self-identifisering; inligtingverkryging; neerslag van inligting en is dit ook 'n metode waardeur die emosionele tot uiting kom (King & Quigley, 1985:59). Deur die gebruik van taal deur die mens is dit 'n integrale deel van die familielewe en word die verhoudings tussen mense veral tussen die individuele lede en gesin as 'n geheel beïnvloed (Gregory *et al.*, 1995:255).

Kommunikasie verwys na 'n interaksie tussen twee of meer persone waardeur 'n persoon kan leer van wat in die wêreld aangaan "everything he knows as a human being, man has had to learn

from other human beings" (Levine, 1981:21, 51) en impliseer dit 'n voortdurende proses van enkodering en dekodering. Kommunikasie word aan taal gekoppel. Taal, kultuur en kommunikasie is interverwant aan mekaar. By die persoon met 'n gehoorverlies speel verskillende kulture en modaliteite 'n rol. Enkele hiervan is die volgende:

- *horende* versus *gebaretaal;*
- *dowe* kultuur versus *diverse* kulture
- twee tale veral by diegene wat slegs gebaretaal ken en gebruik: *gebare taal en Engels as tweede taal*;
- twee modaliteite: *hoor en sien*;
- drie modaliteite van uitdrukking en ontvangs : *lees/gebare; praat, en luister en lees en skryf* (Nowell & Marshak, 1994:30, 42 en Braden, 1994:32).

Daar is persone met 'n gehoorverlies wat slegs gebaretaal ken en nie van die orale taal gebruik maak nie. Dit bring mee dat aspekte soos taalsintaksis wat die horende ook in geskrewe vorm ken, nie so toeganklik is vir persone met 'n gehoorverlies wat net gebaretaal as voertaal gebruik nie.

Waar die horende persoon op veral die orale aspek staatmaak om te kommunikeer maak die persoon met 'n gehoorverlies veral staat op die *visuele* soos spraaklees, gebaretaal en wat op skrif is (Hindley, 1997:104). Dit is egter nie die natuurlike en mees gemaklike wyse van taalverwerwing nie. Wanneer taalverwerwing nie suksesvol geskied nie, hetsy oraal of gebaar, kan kognitiewe, sosiale, sowel as akademiese ontwikkeling nie plaasvind nie (Paul & Quigley, 1994: 287). Dit blyk dat persone met 'n gehoorverlies probleme op hierdie gebiede ondervind wat veral in hul lees-en skryfvermoëns weerspieël word. In die skool-en onderrigsituasie is dit baie belangrik vir die leer-en opvoedingsproses van 'n kind met 'n gehoorverlies (Bench, 1992:21, 214-215 en Hugo, 1987:108).

Vir die persoon met 'n gehoorverlies hou spraak en kommunikasie bepaalde implikasies in. ' n Mens het 'n ouditiewe, visuele en gehoorkanaal nodig vir die kommunikasie proses. As daar op een gebied probleme ontstaan, is die kringloop nie voltooi nie en kan dit keer dat daar totale begrip ontstaan. Taal is nie net 'n kwessie van simbole wat geuiter word nie, dit moet in die brein "georganiseer" word sodat dit kan lei tot begrip (Sanders, 1982:168).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.3.3 SEKONDÊRE PROBLEME

### *2.3.3.1 Spraak van die persoon met 'n gehoorverlies*

Die verhouding tussen taal en spraak is so nou dat dit moeilik sal wees om dit te verdeel in twee aparte aspekte (Kavanagh & Cutting in Sanders, 1982:168). Die gesproke taal is die mees natuurlike vorm waardeur inligting oorgedra word. Praat en luister is natuurlike uitvloeisel van die mens se ingebore vermoë tot kommunikasie (Holli 1991:779). Die navorser Bench (1992:11) stel dit meer eksplisiet wanneer hy sê dat taal *deur* kommunikasie *vir* kommunikasie geleer word.

Figuur 2.8 toon aan hoe taal ontwikkel vanaf die stadium wat 'n baba hoor, deur die fase van spraakonwikkeling totdat die mens uiteindelik volle beheer het oor taal asook in die gekrewe vorm.




Figuur 2.9: Die kommunikasieproses (verwerk uit Hugo, 1987:37)

Figuur 2.8 dui aan hoe die kommunikasieproses geskied vanaf die stadium wat die kind dinge in sy omgewing ervaar, hoofsaaklik hoor (kyk en voel), hierdie dinge word begryp wat innerlike taal ontwikkel en dit kom dan tot uiting in praat, lees, skryf. Bogenoemde modaliteite is moeilik vir die persoon met 'n gehoorverlies om te bemeester en is die toepassing van korrekte taalgebruik deur middel van woordeskat; sinsbou en grammatika van groot belang. Dit impliseer dat die persoon met 'n gehoorverlies in staat moet wees om taal as 'n stel simbole te kan ontleed, grammatika toe

te pas en betekenis te heg aan wat gehoor word - aspekte waaraan so 'n persoon nie van geboorte af aan blootgestel was nie (Nowell & Marshak, 1994:14).

Waar gebaretaal as primêre modes taalverwerwing bestaan, beteken dit dat die persoon met 'n gehoorverlies slegs enkele woorde/ gebare as teken waarneem en nie volledige sinne nie. Dit bring mee dat so 'n persoon nie sintaksis, volgorde, reëls en grammatika kan verwerf nie. Hiermee saam gaan vaardighede gepaard wat nodig is vir die hantering; verwerking; benutting en toepassing van inligting (Bench, 1992:9) soos kognisie en interpretasie.

Taalprobleme lei ook tot leesprobleme en kan dit meebring dat dit die persoon met 'n gehoorverlies 'n kind langer kan neem om 'n opvoedkundige loopbaan te voltooi as in die geval van horende kinders. Die waarde van taal lê daarin dat idees daardeur oorgedra word, identiteit word bepaal, inligting word gestoor, sosiale interaksie vind plaas, gedagtes en emosies word gekoester, uitgeruil en toegepas om byvoorbeeld godsdiens, politiek te bedryf of te beoefen (Paul & Quigley, 1994:2-7). Dit is alles aspekte wat by die persoon met 'n gehoorverlies te kort kan skiet en wat tot gevolg kan hê dat die persoon met 'n gehoorverlies nie as 'n totale persoon kan ontwikkel nie. Sosiale aanpassingsprobleme kan ondervind word en beperkte deelname aan familielewe en/of gemeenskapslewe kan na vore kom. So 'n persoon kan ook moeilik besluite neem wat die toekoms betref nie, standpunte in 'n debat inneem of voluit lewe.

Kretschmer en Kretschmer (1986:131 in Uys *et al.*. 1994:2) beklemtoon egter dat spraak nie die *enigste aspek* is wat taalverwerwing beïnvloed nie "...development of language in hearing-impaired children is a direct product of use, functions and extent of communication, regardless of the form, modality, or symbol used". Daar is ander faktore wat ook 'n rol speel soos houdings (stimulasie en motivering) van ouers, mense, gemeenskap, die portuurgroep, die opvoedkundige sisteem, moeilikheidsgraad van die taak en die onderrigmetodes wat toegepas word (Nowell & Marshak, 1994: 19-23).

Gebrek aan taalverwerwing sal meebring dat 'n persoon met 'n gehoorverlies nie sal kan praat, of kommunikeer nie en selfs eers later in die lewe kan leer praat. Die gehoorsintuig is die orgaan wat spraakuitinge monitor (Hugo, 1987:38) en deur innerlike taal wat gemanifesteer word deur spraak, lees en skryf, kom taalvermoë na vore. Die persoon met 'n gehoorverlies vind die proses van enkodering en dekodering van kommunikasie moeilik en vind daar 'n algemene fonologiese en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

morfologiese agterstand plaas weens 'n vertraagde taalverwerwingspatroon by veral die Afrikaanssprekende gehoorgestremde kinders (Uys *et al.*, 1994:16).

Benewens die probleem om te praat of 'n spreker te wees, moet die persoon met 'n gehoorverlies ook 'n luisteraar wees, aspekte wat vir so 'n persoon baie moeilik is (Bench, 1992:4). Deur nie te kan luister of mee te doen nie, word inligting nie voldoende ontvang, interpreteer of gekommunikeer nie.

*2.3.3.2 Persoonlike en emosionele probleme*

Persone met 'n gehoorverlies ervaar op persoonlike en sosiale gebied talle probleme en leemtes soos Roos (1978) en ander navorsers al getoon het. Die mening word gehuldig dat dat gehoorverlies so 'n persoon afsny van ander "...de*afness cuts you off from other people, blindness cuts you off from things* (Rodda & Grove 1987 in Gregory *et al.*, 1985:182).

Persoonlike en emosionele aspekte verwys onder andere na 'n persoon se innerlike wese, die vermoëns om selfversorgend te wees en te ontwikkel tot volwassenheid en selfstandigheid. Persone met 'n gehoorverlies is dikwels baie afhanklik van ander vir hulp. Op persoonlike vlak ondervind die persoon met 'n gehoorverlies dit soms moeilik om gedagtes, idees en opinies uit te druk - veral abstrakte begrippe soos dood, verlies, jammerte en dies meer (Hugo, 1987:8). Hierdie aspekte word deur die horende persoon as normaal en intuïtief ervaar aangesien die persoon deur vroeë ervaring en blootstelling daaraan, deur taal en kommunikasie daarmee kennis maak.

Een van belangrikste implikasies van swak persoonlike en emosionele ontwikkeling is dat die persoon met 'n gehoorverlies nie in staat is om 'n gehoorverlies te aanvaar nie. Dit lei dan tot 'n swak selfbeeld en onvoldoende ontwikkeling op persoonlike, kognitiewe, intellektuele en beroepsvlak en het dit weer 'n invloed op die sosiale en lewensvaardighede soos byvoorbeeld verhouding met portuurgroepe en onderwysers (Bramley, 1991:22).

Die gevoel van mislukking wat 'n gehoorgestremde ervaar, kan uiting toon en 'n impak hê op aspekte soos gesondheid; vryetydsbesteding en praktiese vaardighede (Nowell & Marshak, 1994:61-64).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*2.3.3.3 Intellektuele en kognitiewe probleme*

Hierdie aspekte verwys na die ontwikkeling van 'n kind se kognitiewe, intellektuele en perseptuele vermoëns, IK, aandagspan en geheue (kort-en langtermyn), denkverteenwoordiging, probleemoplossing, konsepformasie, metakognisie, persoonlike bewustheid, gedagtes en leermetodes- aspekte wat aan 'n kind 'n opvoeding behoort te verskaf (Welch, 1993:195). Hierdie kognitiewe aspekte impliseer dat daar 'n begrip moet ontstaan oor die taalverwerwingsvermoë van n persoon (Paul & Quigley, 1994:94).

Vygotksi (in Nowell & Marschak, 1994:16) beklemtoon dat alhoewel alle mense die vermoëns het vir verstandelike funksies (dws, doelbewuste geheue, organisasie en leer), dit slegs na vore kan kom as gevolg van wat aangeleer word *being taught or mediated.* Hierdie proses vind veral deur taal plaas. In die geval van horende persone, vind die leerproses veral verbaal plaas maar in die geval van persone met 'n gehoorverlies is dit moeilik.

Navorsers meen ook dat daar verskille voorkom tussen horendes en persone met 'n gehoorverlies in die manier waarop die brein en gedagtes werk, hulle intelligensievlak, kognisie en vermoëns. Indien dit wel so is dat die breinfunksies en werking van horendes en persone met 'n gehoorverlies verskil, die implikasies daarvan sou meebring dat persone met 'n gehoorverlies in hul metodes om inligting te versamel, verwerk en te prosesseer, ook sal verskil (Marschark, 1997:155) wat sou beteken dat daar metodes gevind moet word om persone met 'n gehoorverlies se kognitiewe denke en hul akademiese prestasies te verhoog of verbeter.

*2.3.3.4 Opvoedkundige probleme*

Die opvoedkundige aspek is belangrik aangesien dit verwys na die persoon met 'n gehoorverlies se totale opvoedingsvlak en/of omgewing waarin so 'n persoon hom/haarself bevind. Hier word nie net na die familie verwys nie maar ook die skoolopset waar die kind onder andere byvoorbeeld leer lees en skryf. Lees en skryf word verbind met die geletterdheidsaspek wat verwys na 'n persoon se vermoë om te lees en begryp of nie en moet dit getoets of geëvalueer word - *learning to read make illiterates literate* (Foster, 1993:245 en Hugo, 1987:86).

In die opvoedkundige aspek word inligting derhalwe aangewend om bestaande *kennis aan te vul* oor spesifieke sake; 'n persoon se *persepsie te verbreed* of *verander* afhangende van bepaalde

omstandighede. Inligting maak deure oop vir die omgewingstruktuur ten einde beter in die lewe te funksioneer.

Dit is belangrik om te noem dat horende kinders, wanneer hul skool toe gaan, hulle ‘n ontwikkelde taal het in teenstelling met gehoorgestremde kinders wat ‘n taal moet leer lees en skryf waaraan hulle nie gewoon is nie en is die proses van geletterdheid dus van kardinale belang vir persone met ‘n gehoorverlies (Nowell & Marshak, 1994:25). Persone met ‘n gehoorverlies ervaar dus lees-, sowel as skryfprobleme wat ‘n stremmende invloed op die vlak van inligtinggeletterdheid het.

Navorsers het bevind dat daar verskille voorkom tussen horendes en persone met ‘n gehoorverlies rakende gemelde aspekte en is dit belangrik om die persoon met ‘n gehoorverlies so gou as moontlik aan ondervindings bekend te stel waardeur so ‘n persoon kennis kan opdoen en poog om die leemtes aan te vul (Paul & Quigley, 1994:10). Dit is egter bykans onmoontlik om werklik hierdie leemtes, sowel as leesvaardigheid te meet (Moores, 1996:171; 286).

*2.3.3.5 Sielkundige en psigologiese profiel*

Jackson (in Hull, 1998:39) noem etlike sielkundige en psigologiese profiele op wat die gehoorgestremdes kan kenmerk. Die navorsing toon onder andere die volgende rakende die gehoorgestremde:

- Hulle is geneig om onvolwasse te wees.
- Hulle onttrek hulself dikwels veral tydens kommunikasieprosesse.
- Hulle is minder buigbaar as ‘n horende persoon.
- Is meer gesteld op ‘n vasgestelde roetine wat gevolg word.
- Hule het ‘n meer negatiewe selfbeeld wat gewoonlik die gevolg is van onvoldoende kennis aangaande hul gehoorverlies.
- Hulle openbaar ‘n beperkte belangstellingsveld.
- Openbaar swak sosiale oordeel.
- Neem mense oor die algemeen nie in ag nie.
- Is meer naïef as horendes.
- Is ook meer afhanklik van ander mense.
- Is soms onverantwoordelik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Ook impulsief.
- Is soms passief en aanvaar alles summier.
- Is geneig om depressief te raak veral rakende die gehoorverlies.
- Hulle is geneig om 'n ego-sentriese perspektief oor die lewe te handhaaf.

Hierdie aspekte het vanselfsprekend bepaalde invloede op die gehoorgestremde persoon se omgewing.

## 2.3.4 INVLOED VAN GEHOORVERLIES OP DIE INDIVIDU SE OMGEWING

### *2.3.4.1 Die makro-omgewing*

Die samelewing toon gebrek aan begrip en kennis aangaande persone met 'n gehoorverlies en koester 'n negatiewe persepsie oor mense met tekortkominge wat tot gevolg het dat die persoon met 'n gehoorverlies se selfbeeld en self-waarde op 'n negatiewe wyse aangetas word (Gregory 1995:263 & Nowell & Marshak 1994:19). Derhalwe voel persone met 'n gehoorverlies dat daar teen hulle gediskrimineer word (Sussman in Levine, 1981:44) en kan dit die persoon met 'n gehoorverlies keer om as 'n totale mens te ontwikkel. Derhalwe word persone met 'n gehoorverlies soms beskou as 'n minderheidsgroep vanweë bepaalde kommunikasieprobleme.

Dit blyk dat die probleem veral by die samelewing lê. Gemeenskappe slaag nie altyd daarin om toeganklike kommunikasiemiddele, geriewe en opleiding aan persone met 'n gehoorverlies te verskaf nie (Carver, 1997: URL:http://www.deafworldweb.org/dww/pub/r/research.fjc.html). Daar moet ook gewaak word om persone met 'n gehoorverlies met horendes te vergelyk want mens verskil individueel van mekaar weens verskillende probleme wat ervaar word (Nowell & Marshak 1994:77).

Deel van die makro-omgewing is die skoolomgewing en onderwysers. Hierdie omgewing speel 'n groot rol om te help dat die gemeenskap die persoon met 'n gehoorverlies aanvaar, verwerp en op te lei, asook om stimulasie te verskaf asook kennis en hulpvaardigheid ten einde die persoon met 'n gehoorverlies te help. Volgens die Departement Gesondheid (1987 in Uys *et al.*, 1995:3) word die kind met 'n gehoorverlies in Suid-Afrika op ongeveer driejarige ouderdom in 'n formele leersituasie geplaas. Die taalverwerwing is egter baie swak en oor die algemeen vorder so 'n kind


nie na wense nie. 'n Spesifieke opleidingsprogram gerig op die behoeftes van kinders met gehoorverlies wat by 'n skool gevolg word is van uiterste belang anders sal die taalverwerwing swak wees en bly en sal die kind met 'n gehoorverlies nie toegang verkry tot inligting ter wille van kennisverkryging, leer, ontspanning en oorlewing nie.

Die kwessie of die persoon met 'n gehoorverlies kind in 'n spesiale skool of hoofstroom geplaas word, gaan 'n bepaalde invloed op die kind toon. Sommige navorsers reken dat die kind 'n beter identiteit sal ontwikkel in 'n eie kultuurgroep, maar ander reken weer die stimulasie, blootstelling aan horende omgewing kan meer positiewe resultate verskaf (Nowell & Marshak, 1994:59). Hoe meer persone met 'n gehoorverlies te make het met horendes, *the better it is for them* (Nowell & Marshak, 1994:28). Persone met 'n gehoorverlies is in staat om wel in 'n horende samelewing te funksioneer ten spyte van taalverskille mits sekere voorsorgmaatreëls getref word.

Daar is 'n wanpersepsie dat persone met 'n gehoorverlies *onvolledig* en dom is en nie kan dink nie, dat hul IK laag is en dat hul minderwaardig is en word hul opvoedingstaak as feitlik onmoontlik gesien word (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling 1987).

Enige kultuurgroep vind egter neerslag in literatuur, organisasies en aritifakte wat deur middel van taal oorgedra word (Solit *et al.*, 1992:11) en funksioneer 'n persoon in 'n makro-omgewing wat bestaan uit 'n verskeidenheid van dimensies soos ras, geslag, etnisiteit, ouderdom, kultuur en fisiese vermoëns. Dit omsluit 'n persoon se totale identiteit wat nie verander kan word nie (Loden & Rosener, 1991:18-21) soos gesien kan word in figuur 2.9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 2.9: Diversiteit. (Loden en Rosener, 1991:18-21).

In figuur 2.9 kan mens sien dat 'n persoon, benewens geslag, ras, etnisiteit, ouderdom, kultuur en fisiese vermoëns binne 'n bepaald agtergrond funksioneer, soos die opvoedkundige, godsdienstige, politieke omgewing en war waardes, huwelikstatus, ouerstatus, militêre agtergrond, inkomste en geografiese ligging 'n bepaalde rol speel.

Sekondêre dimensies wat 'n rol speel in die makro-omgewing is aspekte soos opvoedkundige agtergrond; godsdiensoortuigings; politieke oortuigings; militêre opleiding; geografiese ligging; waardes; houdings; inkomste; huwelikstatus en ouerlike status soos ook aangetoon word in Jackson (in Hull, 1998:41). Hierdie dimensies is wel veranderbaar en het dit ook 'n impak op die mens se selfbeeld, hoe dinge ervaar word en situasies hanteer word.

Binne die makro-omgewing funksioneer die mikro-omgewing soos die familie, vriende en dies meer.

*2.3.4.2 Die mikro-omgewing*

Ouers, familie en/of ander sorgpersone/onderwysers vorm deel van die mikro-omgewing aangesien dit die plek is waar die opvoedingsproses plaasvind. Die ouer-kind-verhouding, interaksie wat plaasvind, seksualiteitsaspek, groepsdruk en soeke na identiteit speel alles 'n groot rol in hierdie omgewing en is dit nodig om kennis te neem van al hierdie aspekte ten einde die persoon met 'n gehoorverlies beter te verstaan (Neyhus & Austin, 1978: 266-273 en Jackson in Hull, 1998:41).

Waar 'n persoon met 'n gehoorverlies dowe/gehoorgestremde ouers gehad het, sal dit 'n bepaalde impak hê op die kind met 'n gehoorverlies. Daar word gereken dat dowe of gehoorgestremde ouers die kind beter begryp en meer kan voorberei op die lewe as wat horende ouers dit sou kon doen (Nowell & Marshak, 1994:55, 57 & Bench, 1992:135). Daar word ook gereken dat sulke ouers meer met hul kinders kommunikeer (Nowell & Marshak, 1994:20). Daar is egter nie baie navorsing beskikbaar om dit te bevestig nie.

Indien die familie die kind nie so normaal as moontlik grootmaak nie, dissipline toepas of stimuleer nie, sal die persoon met 'n gehoorverlies nie kan aanpas in die lewe nie. As die persoon die kind met 'n gehoorverlies kind in die regte opleidingsinstansie of skool plaas, bring dit mee dat die regte instruksieprogram toegepas word asook onderrigmetodes deurdat die ondersteuningsdienste en die dienslewering geskik is vir die kind met 'n bepaalde gehoorverlies.

Dit is dus nodig dat die familie nuwe perspektiewe sal moet ontwikkel, kommunikasietegnieke moet ontwikkel en baie aanpasbaar moet wees (Nowell & Marshak, 1994:76). Dit blyk dat persone met 'n gehoorverlies sosiale vaardighede en opleiding ontbreek om suksesvol te kommunikeer, sosialiseer en te funksioneer (Bench, 1992:208, 209).

*2.3.4.3 Sosiaal*

Talle persone met 'n gehoorverlies is bewus van die feit dat hulle weens die gehoorverlies, beperkings het en dat daar beperkte toekoms- en beroepsmoontlikhede bestaan. Persone met 'n gehoorverlies is bewus van die realiteit (Goodrich in Welch, 1993:198) en gevolglik vorm hulle dikwels nie deel van die horende gemeenskap nie (Hugo, 1987:7). Hierdie aspek kom veral na vore in die adolessensie-stadium waar die aanvaarding van die portuurgroep, teenoorgestelde geslag en sosiale gemeenskap 'n baie groot rol speel (Hugo, 1987:116-119).

'n Horende persoon wat oor die sosiale gereedskap, naamlik taal beskik, sosialiseer meer natuurlik en spontaan in teenstelling met 'n persoon met 'n gehoorverlies en hierdie sosialiseringsproses is 'n belangrike deel van enige persoon se ontwikkeling. Van babadae af hoor 'n baba stemme en word die stem met die persoon geassossieer wat praat. 'n Persoon leer benewens die sosialiseringsproses ook die waarde van menseverhoudinge, bepaalde gedragspatrone en morele kodes wat deur menslike oordeel waargeneem word. Die algemene aanvaarde stelling hoe groter die gehoorverlies is wat 'n persoon ervaar, hoe groter is die sosiale isolasie en hoe meer beïnvloed dit die aard en vlak van opvoeding (Bench, 1992:175; 1015). 'n Gehoorverlies kan dus meebring dat 'n persoon nie in staat is om sosiaal suksesvol te wees of te sosialiseer nie.

Gehoorverlies word dikwels beskou as 'n isoleringsprobleem wat moeilik is waar gehoor nie so intuïtief ontwikkel soos in die geval van horendes nie. By persone met 'n gehoorverlies is sosialisering 'n aangeleerde proses en nie 'n natuurlike proses nie (Higgins & Nash, 1987:59). Swak sosiale verhoudinge het 'n implikasie op die kognitiewe aspekte aangesien dit verhoed dat daar ontwikkeling plaasvind (Nowell & Marshak, 1994:53). Die persoon met 'n gehoorverlies vind dit moeilik om stemme te hoor, kan nie onderskei tussen nuanses, stemtoon en hoogtes nie en dus nie sinvolle interpretasies maak nie (Hugo 1987:7). Baie van hierdie swak verhoudings word ook veral toegeskryf aan die gemeenskap se onkunde jeens persone met 'n gehoorverlies se kommunikasiebehoeftes (Bench, 1992:207) en bring dit mee dat so 'n persoon afhanklik is van ander wat dikwels nie goed beleef word nie.

*2.3.4.4 Beroep*

In die verandering van skool tot beroep, is een van die grootste probleme wat die persoon met 'n gehoorverlies ervaar, die aspek van gebrek aan taal - en leesvaardighede wat hulle geleenthede vir werk en beroepe beperk (Nowell & Marshak, 1994:88,89). Dit impliseer dus geletterdheid in die algemeen sowel as funksionele geletterdheid *to reason effectively about what one reads or write.*

Dit het 'n invloed op 'n persoon se vermoë om kognitiewe verhoudings te skep, te leer van ander werk, sosiale gedrag en ander aspekte wat noodsaaklik is om in 'n gemeenskap te werk. Persone met 'n gehoorverlies benodig dieselfde *opleidingsgeleenthede en geleenthede* as horende persone om tot die arbeidswêreld toe te tree ten einde deel te neem aan 'n suksesvolle inligtingssamelewing "*...the workforce and to engage fully in democratic processes*" (Christie, 1990:3). Persone met 'n gehoorverlies beskik egter nie oor dieselfde *lewensvaardighede* as horende persone nie en kan hul

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie maklik onafhanklik, selfonderhoudend en selfstandig raak nie weens 'n *gebrek aan vaardighede* wat nodig is vir hantering, verwerking, benutting en toepassing van inligting om werklik te kan verstaan waaroor inligting handel, die noodsaaklikheid en toepassing daarvan.

Dit is dus noodsaaklik dat daar geleenthede moet wees om op alle gebiede te ontwikkel en opgelei te word soos in die geval van die horende persoon anders mag hulle 'n lae opvoedingspeil toon, nie weet hoe om met rekenaars, ander audio-visuele materiaal en apparaat te werk nie (Nowell & Marshak, 1994:83). Dit is derhalwe moeilik vir die persoon met 'n gehoorverlies om vanaf skool na beroep die nodige aanpassings te maak, veral weens die gebrek aan taal, lees-en inligtinggeletterdheidsvaardighede (Nowell & Marshak, 1994:88-89). Beperkte keuse van beroepe vir die persoon met 'n gehoorverlies bring ook mee dat finansiële probleme ook ondervind word (Hugo 1987:9) as die persoon met 'n gehoorverlies nie in staat is om 'n goed-betaalde werk te verrig nie.

Dit blyk dit dus dat taal, kommunikasie en taal intiem verwant is met mekaar, deurdat gebaretaal en orale taal in ag geneem moet word; visie en gehoor; en drie modaliteite van uitdrukking en ontvangs naamlik:

- gebaar of lees,
- praat of luister,
- lees of skryf.

Dit blyk dus duidelik dat die ekonomiese probleme van veral gehoorgestremde volwassenes ook onvoldoende werksverskaffingsgeleenthede of geen werksgeleenthede verskaf. Baie werkgewers koester talle wanpersepsies en onkunde jeens gehoorgestremdes wat dus hul geleenthede om werk te bekom, beperk (Jackson in Hull, 1998:43).

### 2.3.5 SAMEVATTING

Die implikasie van die diversiteit van die makro- en mikro-omgewing het 'n implikasie op die persoon met 'n gehoorverlies want dit beklemtoon die *verskeidenheid* en *andersheid* tussen horendes en persone met 'n gehoorverlies. Die sosio-kulturele milieu is belangrik in die opsig aangesien dit verwys na die omgewing wat gevul word met stimulerende en relevante leerervarings

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir die kind deur middel van interaksie met persone in die omgewing (Quigley & Kretschmer, 1982 in:Uys *et al.*, 1994:2). (Loden & Rosener, 1991:18-21).

'n Positiewe makro- en mikro-omgewing kan 'n persoon met 'n gehoorverlies beïnvloed om byvoorbeeld te presteer en behoort daar meer op die persoon met 'n gehoorverlies se vermoëns eerder as op hul onvermoëns gekonsentreer word, ook ter wille van eie-identiteit ontwikkeling. Dit kan lei tot beter verhoudings, begrip en aanvaarding en sal dit help om die prestasievlak van persone met 'n gehoorverlies te verhoog.

Dit vereis egter dat die makro- en mikro-omgewings kennis moet dra van die persoon met 'n gehoorverlies, vermoëns en behoeftes om te kan weet hoe om daarvoor voorsiening te maak, asook om kennis in te win oor die redes vir die gehoorgestremde se swak vlak van inligtinggeletterdheid (Shillinglaw, 1981:68). Daar is egter addisionele probleme wat persone met 'n gehoorverlies kan ervaar soos diegene met 'n bykomende tekortkoming.

Dit is belangrik om kennis te neem gehoorverlies dikwels 'n variasie het in voorkoms. Daar is diegeen met 'n unilaterale verlies (net met een oor) of diegene met ouditiewe prosesseringsprobleem, die doofblinde persoon en die veelvuldige gestremde persoon. Hoe meer probleme daar is, hoe groter is die omvang en implikasies van die gehoorverlies.

## 2.4 SLOT

Roos (1978:30) het in haar skripsie die stelling gemaak dat niemand regtig die gevolge en implikasies van persone met 'n gehoorverlies kan begryp of meet nie aangesien dit van persoon tot persoon verskil. Magde (in Roos, 1978:31) meld selfs dat persone met 'n gehoorverlies 'n langtermyntoestand is "...from birth to death" met bepaalde gevolge.

'n Persoon met persone met 'n gehoorverlies bring mee dat so 'n persoon:

- Nie oor voldoende kennis beskik van die wêreld om hom en nie in staat is om homself of haarself te handhaaf nie.
- Die nodige kennis en vaardighede ontbreek om inligting te ontsluit, benut, verwerk en toe te pas.
- Nie goeie verhoudinge met medemense het nie (Roos, 1978:31).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Sielkundige probleme kan ontwikkel weens die effek van gehoorverlies.
- Weier om die gehoorverlies te aanvaar en onttrek hul hul uit die samelewing.
- Nie in die beroeps-of arbeidswêreld kan oorleef nie.
- Voel dat daar teen hul gediskrimineer word, hul beskou word as stadige leerders, herhalers en selfs "uneducable" (National Commission on Special Needs in Education and Training (NCSNET) & National Committee for Education Support Services (NCESS), 1997:15).
- Weens lees en skryfprobleme, probleme ondervind met alle aspekte van inligting - hoe om dit te ontsluit, verwerk en toe te pas.

Dit blyk dat voordat mens die vlak/aard van inligtinggeletterdheid by die persoon met 'n gehoorverlies kan bepaal, 'n mens talle faktore eers in ag sal moet neem soos lewensgeskiedenis, sensoriese funksionering, kognisie, taal en akademiese prestasie, motoriese vaardighede, sosiale volwassenheid en emosionele gedrag (Roeser & Downs, 1988:117).

Uit die navorsing blyk dit dat persone met 'n gehoorverlies een van die grootste gestremdhede is wat gepaard gaan met spesifieke gedragspatrone, kommunikasieprobleme, wanpersepsies, sekere houdings en gesindhede. Dit bring mee dat die persoon met 'n gehoorverlies se eie persepsie negatief is en keer dat so 'n persoon ontwikkel tot 'n selfstandige volwasse persoon. Dit lei dan ook tot sekondêre probleme soos swak skolastiese prestasie en gebrek aan selfvertroue en is persone met 'n gehoorverlies baie afhanklik van ander persone. Daar ontstaan probleme om werk te bekom of 'n beroep uit te oefen, dikwels omdat daar nie geskikte opleiding en werksgeleenthede is nie.

Weens die hele opvoedkundige spektrum, onkunde wat heers, onvermoë vanuit omgewing, ervaar die persoon met 'n gehoorverlies gebreke en leemtes in die verkryging van inligtingsvaardighede en tipes geletterdheid.

In die volgende hoofstuk word inligtinggeletterdheid bespreek en inligtingsopvoeding as inset tot inligtinggeletterdheid met verwysing na die rol van inligtingsopvoedingsprogramme.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 3
# INLIGTINGGELETTERDHEID

Hoofstuk 3 word gewy aan inligtinggeletterdheid,
die agtergrond en terminologie.
Daar word gekyk na hoe 'n inligtingsgeletterde persoon lyk,
faktore en veranderlikes wat inligtinggeletterdheid beïnvloed.
Inligtingsopvoedingsprogramme word bestudeer,
die doel en waarde daarvan en die vereistes
waardaan dit moet voldoen.
Die hoofstuk word afgesluit deur die voordele van
inligtinggeletterdheid uit te lig wat 'n persoon in staat kan stel
om as inligtinggeletterde
persoon in die samelewing te kan optree.

## 3.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In die voorafgaande gedeelte is die aspek van gehoorgestremdheid in breë verband uitgelig en wil hierdie hoofstuk aantoon dat inligtinggeletterdheid 'n groot rol in die alledaagse lewe speel en ook dat dit talle implikasies vir die gehoorgestremde inhou aangesien dit belangrik is vir die gehoorgestremde om ook inligtinggeletterd te raak soos die horende persoon.

Die hoofstuk wil ook aantoon dat inligtinggeletterdheid bepaalde leemtes en gebreke inhou vir die gehoorgestremde.

## 3.2 DIE INHOUDELIKE STRUKTUERING

Inligtinggeletterdheid word bespreek met verwysing na die begripsomskrywing van lees, inligting, inligtinggeletterdheid, inligtingsopvoeding en inligtingsopvoedingsprogramme asook inligtingsgeletterde persoon. Die hoofstuk word opgevolg met verwysing na die implikasies wat inligtinggeletterdheid vir die gehoorgestremde persoon inhou.

## 3.3 INLIGTINGGELETTERDHEID

### 3.3.1 AGTERGROND

Die mening was voorheen gehuldig dat inligting 'n uitvloeisel is van kommunikasie, dat dit iets is wat tussen mense plaasvind- hetsy simbole wat die idee versend, naamlik taal wat òf geskrewe òf gesproke is of wat as gebaar gebruik word (Geldenhuys, 1994:1) "...any representation of facts concerning any subject or object, which representation is perceptible or may be transformed into a perceptible form".

Die horende persoon maak staat op veral die orale aspek om te kommunikeer maar die gehoorgestremde maak egter staat op die visuele aspek, naamlik gebaretaal en dit wat op skrif is. Laasgenoemde is belangrik aangesien inligtinggeletterdheid veral in die visuele sy inslag gaan vind waardeur die gehoorgestremde opgevoed en opgelei sal word. So 'n persoon ervaar egter probleme op taalgebied en mag daar probleme ondervind word op die gebied van skrif.

Debons *et al.* (1988:3) bevind dat inligting beskou kan word as 'n *kommoditeit* (item in 'n boek of in iemand se gedagteso in 'n leêr of statistiek); *energie* (iets wat eksperimenteel getoets kan word); *kommunikasie* (data wat van een persoon na ander oorgedra word); *feite* (verjaarsdag, ens.) of *data* - (simbole wat volgens reëls en gewoontes georganiseer word). Inligting se besonderse waarde lê dus daarin dat dit 'n persoon kan help om belangrike besluite in die lewe te maak en hoe om in bepaalde situasies op te tree.

Die neem van besluite is vir die gehoorgestremde van belang - indien so 'n persoon nie inligting effektief kan ontvang, benut en aanwend nie, bring dit mee dat hy of sy nie sinvolle besluite in sy lewe kan maak nie en kan die gehoorgestremde in groot onsekerheid lewe, soos wat Lancaster (1987:1) in die tagtigerjare bevestig "...it is that which reduces uncertainty, it is that which assists in decision-making." Die gehoorgestremde moet ook besluite kan neem en benodig so 'n persoon inligting om besluite te kan uitvoer net soos in die geval van 'n horende persoon.

Inligting is die kern van opvoeding. 'n Persoon soek inligting nie net in die breë sin of slegs vir ontspanning nie, maar kan relevante inligting op aanvraag verlang wat betrekking het op die werk-, studie en vakterrein ten einde op hoogte te bly van nuwe ontwikkelinge. Elke persoon het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n basiese mensereg om inligting te bekom, ten einde opgevoed en opgelei te word; 'n beroep te beoefen en om dieselfde geleenthede as 'n ander persoon te bekom. Inligting is dus 'n hulpbron wat aangewend kan word vir ekonomiese, sosiale of politiese doelstellinge en kan dit verhoudings bevorder tussen individue, lande en organisasies (Boon, 1990b:2).

Dit blyk dat inligtinggeletterdheid behels dat mens moet weet hoe om inligting deur

- middel van sekere ontsluitingsmetodes te vind,
- dit te verwerk en
- toe te pas na gelang van behoefte en
- om inligting oor te dra aan ander mense en
- selfs die betrokke inligting te kan toepas op 'n mens se eie lewe.

Harrison, Simpson & Stuart (1984:1) toon aan dat die inligtinggeletterdheidsproses gekoppel word aan die ontwikkeling van die individu in sy geheel en lei dit tot selfverbetering "...improvement in human well-being. Most people today aspire to higher standards of living, longer lives, and fewer health problems, education for themselves and their children that will increase their earning capability and leave them more in control of their lives; a measure of stability and tranquility; and the opportunity to do the things that give them pleasure and satisfaction". Die gehoorgestremde persoon veral, moet besef dat sulke moontlikhede ook vir hul bestaan.

'n Inligtingsgeletterde persoon is dus iemand wat weet dat inligting belangrik is, weet waar dit is, hoe om dit te bekom, te gebruik en toe te pas en kan 'n persoon deur die toepassing van inligtingsopvoeding inligtinggeletterd raak. Daar is egter bepaalde faktore of stremminge wat kan verhoed dat 'n persoon as 'n inligtingsgeletterde persoon kan funksioneer en wat vir die gehoorgestremde persoon bepaalde implikasies inhou soos byvoorbeeld die vlak en graad van fisiese gehoorgestremdheid; onkunde oor inligting en onvermoë om dit te benut en te verwerk.

Inligtinggeletterdheid kan op verskillende maniere verwerf word en nie net deur die visuele (geskrewe vorm) nie, maar ook deur orale oordrag (mondeling, radio, televisie) en tegnologiese (rekenaar) oordrag soos wat Lenox en Walker (1993:4-5) tereg opmerk "...whether information comes from the computer, a book, a government agency, a film, a conversation, a poster, or any

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

number of other possible sources, inherent in the concept of information literacy is the ability to dissect and understand what you see on the page or the television screen, on posters, pictures, and other images, as well what you hear".

### 3.3.2 SOORTE INLIGTING WAT BENODIG WORD

Daar is verskillende soorte inligting wat benodig kan word, hetsy persoonlike-, oorlewing-, funksionele-, maatskaplike-, algemene-, opleiding-, politiese-, maatskaplike-, besigheids-, bemarkings-, omgewings-, demografiese-, landbou-, wetlike-, statistiese-, stem- en burgerskapinligting (Boon, 1992a:232).

Daar word in hoofstuk 4 aangetoon hoe hierdie soorte inligting van belang kan wees vir die gehoorgestremde. Inligting kom in verskillende vorme voor soos in die onderstaande aangetoon sal word.

### 3.3.3 VORME WAARIN INLIGTING KAN VOORKOM

Inligting kan in verskillende fisiese vorme voorkom, naamlik boeke, tydskrifte, artikels, leêrs en rekenaars. In hierdie fisiese vorme van inligting word 'n stelling of mededeling gemaak en word daar met ander woorde, na die *skepper* of *effek* verwys wat die inligting op die leser het alhoewel die ontvanger nog steeds die inligting moet *interpreteer* dws. lees en verstaan (Farradane, 1979:13).

Die gehoorgestremde moet bewus wees van die feit dat inligting in verskillende vorme voorkom, dat dit 'n belangrike rol in die samelewing speel en moet so 'n persoon leer hoe om inligting sinvol te interpreteer en toe te pas.

### 3.3.4 INLIGTING EN INLIGTINGSBEHOEFTES IN DIE SAMELEWING

'n Inligtingsamelewing bestaan uit verskillende tipes persone met/sonder gebreke en ander rasse, kommunikasie en ervaring. Alle persone benodig dus inligting op intellektuele, ekonomiese, sosiale, finansiële, politiese en kulturele gebiede (Freebody & Welch, 1993:11).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Enige gemeenskap het sekere inligtingsbehoeftes wat ooreenstem met oorlewingsbehoeftes, soos wat die navorsing van Bekker en Lategan (in September, 1993:13) aangedui het, naamlik behuising, vervoer, opvoedingsdienstes, gemeenskapsdienste, gesondheids - en maatskaplike dienste en arbeidsmark Daar word in die inligtingsamelewing toenemend met inligting oor inligting gewerk. Dit maak inligtinggeletterdheid van soveel meer belang veral as mens kyk hoe die lewenstempo versnel het en hoedat toenemende eise gestel word aan die arbeidsvlak/mark en tegnologie (Debons *et al.*, 1988:1).

Alle mense toon op een of ander stadium behoefte na "...information, recreation, enculturation and self-actualization" (Fouché, 1982:41) en tipeer Martin (1988:40) 'n inligtingssamelewing as "...a society which is characterized by the use of theoretical knowledge, scientific decision-making and problem-solving, dependence on accurate and reliable information, and the existence of a well-developed infrastructure for the production, distribution, retrieval and use of information".

Om doeltreffend in 'n inligtingsamelewing te kan funksioneer, is dit egter nodig om inligtingsvaardighede te ontwikkel ten einde inligting te kan ontsluit. Foster (1993:344-345) meld dat inligtinggeletterdheid dikwels gekoppel word aan dit wat 'n persoon in staat is om te kan doen "...must be able to recognize when information is needed and have the ability to to locate, evaluate, and use effectively the needed information. Ultimately, information-literate people are those who have learned how to learn. They know how to learn because they know how knowledge is organized, how to find information, and how to use information in a way that other can learn from them".


Dit blyk dus dat 'n persoon doelbewus dit ten doel moet hê om die inligting wat verwerf word, toe te pas. Daar bestaan 'n doelbewuste verband tussen inligting en geletterdheid.

### 3.3.5 DIE VERBAND TUSSEN INLIGTING EN GELETTERDHEID

Geletterdheid word dikwels geassosieer met lees. Lees is egter *een* van die aspekte wat bydra tot inligtinggeletterdheid wat veral vir die gehoorgestremde van belang is, aangesien hulle dikwels probleme ondervind om te lees soos in hoofstuk 4 breedvoerig aangetoon gaan word.

Geletterdheid word benewens die assosiase met lees, verbind tot die vaardighede van lees, skryf, luister, praat sowel as die denkproses soos onderskryf word deur Teale & Sulzby (in Cooper, 1993:6) en Wells (in Cooper 1993:6) "...to have the disposition to engage appropriately with texts of different types in order to empower action, feeling, and thinking in the context of purposeful social acitivity".

Olson, Hildyard & Torrance (1985:14) onderskryf ook die waarde van geletterdheid as volg "...literacy is important for what it permits people to do- to achieve their goals or to bring new goals into view". Hierdie vaardighede ontwikkel nie afsonderlik nie maar wel gelyktydig en kan dit verskil van persoon tot persoon afhangende van fisiese ontwikkeling; kognitiewe vermoëns en belemmerende faktore soos in die geval van die gehoorgestremde persoon waar die persoon met 'n gehoorverlies bepaalde beperkende faktore toon. Geletterdheid word dikwels gesien as 'n voorvereiste vir funksionele geletterdheid soos aangetoon in figuur 3.1.




Figuur 3.1:Funksionele geletterdheid (verwerk uit Wagner en Puchner, 1991:120).

Figuur 3.1 dui aan dat funksionele geletterdheid verbind word met lees, skryf en numeriese vaardighede asook siviele, ekonomiese en beroepsvaardighede. Hierdie vaardighede lei tot goeie inkomsteverdienste asook goeie gesondheid. Die figuur dui aan dat daar bepaalde strategieë

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behoort gevolg te word ten einde funksionele geletterdheid te bereik soos navorsing, ontwikkeling en dies meer. Daar gaan in hoofstuk 5 meer aandag aan hierdie aspek gewy word.

Lees bring dus mee dat daar 'n verbintenis of konnotasie tussen die leser en skrywer bestaan terwyl inligtinggeletterdheid impliseer dat inligting versamel en geprosesseer en begryp moet word ten einde sekere afleidings te maak en doelwitte te bereik. Sodra mens lees, vind daar 'n interaksie plaas tussen die leser (horende persoon) en die teks. Die leser is in staat daartoe om met die omgewing te identifiseer maar die gehoorgestremde in teenstelling met die horende ondervind dit egter baie moeilik vanweë verskeie faktore soos taalbeperking, moeilikheidsgraad van woordontleding, assimilasie, begrip en interpretasie. Hierdie faktore word breedvoeriger bespreek in hoofstuk 4.

Die kommunikasie- sowel as die leesaspek is 'n komplekse proses en is dit ook afhanklik van die ontsyferingsproses "...higher order cognitive, metacognitive, and linguistic skills, such as interferencing, syntax, and semantics, as well as lower order decoding skills and letter and word recognition" (King & Quigley, 1985 :xi-xii). Hierdie prosesse is van toepassing op beide die horendes sowel as die gehoorgestremdes.

Geletterdheid behels dus veel meer as net die herkenning van simbole, ontleding en assimilasie. Dit gaan *gepaard met* houdings, verwagtinge, gedragspatrone sowel as met spesifieke vaardighede wat verband hou met die gesproke taal. Geletterdheid is 'n proses; dit skep 'n magsgevoel; bevorder die kwaliteit van lewe en denke; is 'n interaksie en kommunikasieproses wat lei tot beter produktiwiteit en voorspoed.

Wanneer 'n persoon se vlak van geletterdheid baie laag of swak is, word so 'n persoon die geleentheid ontneem om as 'n "...totale mens" te ontwikkel en verhoed om deel te neem aan 'n suksesvolle inligtingsamelewing soos Christie (1990:3) dit gestel het "...in the workforce and to engage fully in democratic processes".

Burchinal (in:Behrens, 1992:3) was een van die eerstes wat die konvensionele siening van geletterdheid by inligtinggeletterdheid ingesluit het "...regardless of how successful we have been with conventional literacy, we need to look ahead to achieving a new kind of national literacy-information literacy. To be information literate requires a new set of skills. These include how to efficiently and effectively locate and use information needed for problem-solving

and decision-making. Such skills have wide applicability for occupational as well as personal activities". Hierdie outeur onderskryf dus 'n stel vaardighede wat nodig is alvorens mens werklik as inligtinggeletterde persoon in staat sal kan wees om te funksioneer; probleme op te los en besluite te neem.

Vroeër was 'n mening gehuldig dat geletterdheid in die *eerste vier jaar* op laerskool vasgestel of ontwikkel kan word maar dit kan egter nie as *norm* aangeneem word nie aangesien skole; kinders; onderrigmetodes sowel as lande van mekaar kan verskil (Fouché, 1982:43). Dit is ook baie moeilik om die vlak van inligtinggeletterdheid te bepaal of vas te stel aangesien dit van mens tot mens verskil "...it is either present or absent in a person' (Fouché, 1982:42).

Soos wat 'n persoon deur die verskillende vlakke van geletterdheid beweeg, toon 'n persoon verskillende behoeftes na inligting byvoorbeeld vir ontspanning, studie of blote inligting. 'n Persoon moet individueel op *elke vlak* hanteer word na gelang van behoefte en omstandigheid, solank 'n persoon wel progressief beweeg totdat die vlak van inligtinggeletterdheid bereik word, dit wil sê, in staat is om inligting te verwerf, te gebruik en toe te pas.

### 3.3.6 'N ONGELETTERDE PERSOON

'n Persoon met swak geletterdheidsvermoëns word beskou as 'n ongeletterde persoon met sekere bepaalde eienskappe daaraan gekoppel.

'n Gehoorgestremde persoon word dikwels beskou as 'n ongeletterde persoon vanweë bepaalde beperkinge. Mamomba (1990:12) lig sekere verbandhoudende eienskappe uit en tipeer 'n ongeletterde persoon as iemand wat:

- bang is om *kanse te neem* en om in die verleentheid gestel te word;
- *staatmaak op* herhalings, aanwysings en aanmoediging;
- stadiger as ander mag *reageer;*
- oor 'n *verdedigingsmeganisme* mag beskik wat moeilik is om af te breek;
- dit makliker vind om inligting deur *ander kanale* eerder as lees te bekom;
- waarskynlik uit òf 'n *verarmde of ongestimuleerde familie* kom waar baie
- dinge verbeur is en waar sekere voorregte ook ontneem is;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- oor die vermoë mag beskik om wel te kan leer maar *nie geleer* is hoe om dit toe te pas nie en probleme mag ondervind om leerinhoud te bekom, te konsentreer en toe te pas.

Die persepsie bestaan dus dat 'n ongeletterde persoon geneig is om nie na die geskrewe woord te kyk as 'n bron van inligting nie. Alle persone benodig leesvaardighede ten einde te begryp wat 'n teks se inhoud en betekenis is.

## 3.4 DIE INLIGTINGGELETTERDE PERSOON

### 3.4.1 AGTERGROND

Na aanleiding van die begripsverheldering rakende aspekte van *inligting, geletterdheid en lees* kan die aspek van inligtinggeletterdheid in breë verband omskryf word alvorens aandag gegee gaan word aan die implikasies wat dit vir die gehoorgestremde inhou.
Swak kommunikasie; leesvermoëns en kognisie; emosionele en sielkundige verskille speel 'n beduidende rol by geletterdheid sowel as inligtinggeletterdheid in die geval van gehoorgestremdes. Hierdie faktore bring mee dat so 'n persoon se vermoëns om ten volle inligtinggeletterd te raak belemmer word aangesien dit die ontwikkelingsproses vertraag.

### 3.4.2 EIENSKAPPE VAN DIE INLIGTINGSGELETTERDE PERSOON

#### *3.4.2.1 Waardes en houdings*

'n Inligtingsgeletterde persoon is iemand wat weet dat mens *inligting* benodig en wat in staat is om die probleem te *definieër*; die regte vrae te *vra* rakende die probleem; sodanige inligting te kan *identifiseer* om die probleem op te los en/of die vrae te *beantwoord;* die inligting te kan *vind,* te *evalueer, organiseer* en te *sintetiseer* ten ende 'n *oplossing of antwoord* te vind.

Hierdie vermoëns skep dan ook die grondige basis vir verdere leeromgewing. So 'n persoon benodig dus 'n stel van vaardighede "...These include how to locate and use information needed for problem-solving and decision-making efficiently and effectively" (Behrens, 1992:82). Die gehoorgestremde persoon ondervind egter probleme in die verkryging van hierdie vaardighede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*3.4.2.2 Inligtingsvaardighede*

*3.4.2.2.1 Agtergrond*

Inligtingsvaardighede verwys na die vermoë om inligting vanuit 'n sekere of bepaalde bron te verkry hetsy uit 'n boek, van 'n persoon of rekenaar. Dit is dus die "...location, retrieval, selection, organization, evaluation and communication of information (Brake, 1980:1).

*3.4.2.2.2 Kenmerke van inligtingsvaardighede*

Volgens van der Walt (1992:39) is daar ses vaardighede waaraan voldoen moet word ten einde inligting suksesvol te benut, ontsluit en toe te pas:


- Is 'n persoon in staat om sy *inligtingsbehoeftes te formuleer* ten einde dit sinvol te kan navors?
- Kan die persoon die inligting *opspoor*?
- Die inligting *evalueer* ten einde te bepaal of dit die regte inligting is wat benodig word?
- Die inligting *organiseer* in bepaalde vorm om daarmee te kan werk?
- Die inligting *kognitief verwerk* sodat dit sinvol geïnterpreteer kan word?
- Nadat die inligting begryp is, in staat is om dit te *kommunikeer* aan ander persone?

Eissenberg & Berkonvitz (1990:5) verdeel weer die ses vaardighede deur middel van ander konsepte naamlik:

- inligtingsbehoefte wat gedefinieer word.;
- die soektogstrategieë wat gevolg word;
- opsporing en toegang tot inligting;
- gebruik van die inligting;
- die organisering daarvan en
- die evaluasie daarvan.

In figuur 3.2 kan die proses van navorsing gesien word vanaf hoe 'n persoon moet besluit of hy/sy wel inligting benodig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 3.2: Die denkproses (verwerk uit California Media and Library Educators Association (CMLEA), 1994:5).

Figuur 3.2 dui die presiese stappe aan waar 'n persoon in staat moet wees om te besluit watter inligting belangrik is, wat sal van waarde wees, hy/sy moet besluit waar om te begin en besluite te neem oor die bronne wat geraadpleeg moet word, en ook hoe om dit aan te wend. Eerstens moet die navorser/gebruiker besluit wat hy/sy wil weet, waaruit bestaande kennis bestaan en dies meer.

*3.4.2.2.3 Kriteria waaraan vaardighede moet voldoen*

'n Persoon moet dus aan die inligtingsbehoefte gestalte gee en die inligting benut, afhangende van die vorm waarin dit voorkom. Dit is dus nodig om die behoefte te verstaan, asook om te weet watter inligting is nodig om aan die behoefte te voldoen.

Rakende die soektogstrategieë is dit nodig om te weet welke metodes gevolg moet word om aan die behoefte te voldoen. Daar is nie 'n spesifieke *korrekte* metode of spesifieke korrekte inligting nie. Die vraag moet afgevra word *"kan ek inligting oor hierdie onderwerp vind? Wat is die beste strategieë beskikbaar om hierdie inligting op te spoor?"*(Eissenberg & Berkovitz, 1990:6).

Die soektogstrategieë is dus nou verbonde met die navorser/student/persoon se vermoë om die ontsluitingsmateriale effektief te benader, te ontsluit, toe te pas en aan te wend. So 'n persoon

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet dus ook weet hoe om byvoorbeeld die rekenaarkatalogus te gebruik. So 'n persoon moet ook in die evalueringsproses aandag gee aan die bruikbaarheid en kwaliteit *en* kritiese denke toepas rakende keuring, logika, organisasie, verbintenis en organisering van inligting. Die resultaat wat bereik sal word, is dat inligting effektief gebruik word ten einde bepaalde doelstellings te bereik. Soos wat kennis vermeerder word, word kreatiwiteit ook aangemoedig.

Elke individu, hetsy horend of gehoorgestremd, toon eiesoortige karaktereienskappe; waarde-opvattings en perspektief en beweeg binne 'n spesifieke omgewing wat meebring dat dinge verskillend ervaar en beleef mag word wat 'n impak kan toon op funksionering binne 'n bepaalde situasie. Die horende individu benodig ook sekere vaardighede om inligting te verwerk, benut en toe te pas maar die gehoorgestremde vind dit egter moeiliker en benodig so 'n persoon spesifieke aangeleerde vaardighede ten einde inligting suksesvol te benut.

In tabel 3.1 word aangedui welke kognitiewe vaardighede vereis word tydens die inligtingsproses waardeur 'n persoon beweeg.

| **PROSES** | **KOGNITIEWE VLAK** |
|---|---|
| **Identifiseer inligtingsbehoefte** | **Kennis** |
| **Verduidelik die verhouding tussen inligtingsbronne en benadering om oplossing te probeer vind** | **Begrip** |
| **Kies geskikte inligting vanuit verskeidenheid van opsies** | **Toepassing** |
| **Ondersoek elemente en analiseer die houdings tussen die inligtingsbronne** | **Analiseer** |
| **Herstruktureer en kommunikeer die inligting** | **Sintesis** |
| **Oordeel oor inligting in verhouding tot spesifieke inligtingsbehoeftes** | **Evaluasie** |


Tabel 3.1: Prosesse en kognitiewe vlakke (Eissenberg & Berkovitz, 1990:12).

Tabel 3.1 dui aan dat elke proses gekoppel is aan 'n kognitiewe vlak soos duidelik opgemerk kan word ten einde aan die bepaalde inligtingsbehoefte te voldoen. Daar moet egter beklemtoon word dat bogenoemde stappe nie noodwendig in daardie bepaalde volgorde sal verloop nie. Dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hang af van 'n bepaalde situasie wat vanweë'n bepaalde behoefte ontstaan en dit hang ook af van die student of persoon wat die probleem ondersoek- nie almal volg dieselfde metodes nie (Eissenberg & Berkovitiz, 1990:13). Die kognitiewe aspekte is egter belangrik en sluit in die aspekte van kennis, begrip, toepassing, analise, sintesis en sluit af met evaluasie.

Ten einde navorsing te doen, moet sekere stappe van navorsingsprosesse gevolg word soos aangetoon in figuur 3.3.




Figuur 3.3: Stappe in die navorsingsproses (verwerk uit California Media and Library Educators Association, 1994:6) (CMLEA).

Soos reeds voorheen genoem moet die navorser/persoon of student eers die inligtingsbehoefte identifiseer alvorens die inligtingstrategieë gevolg kan word, soos die soek van inligting, opsporing, toepassing, aanwending en evaluasieproses daarvan.

Deur die aanleer van sekere vaardighede en toepassing van inligtingsopvoedingsprogramme sal die gehoorgestremde daarin kan slaag om die massa inligting wat bestaan, te ontsluit.

*3.4.2.2.4 Samevatting*

Na aanleiding van bogenoemde aspekte, kan die volgende afleidings nou gemaak word. Inligting vorm 'n integrale deel van menswees waarsonder geen persoon, gemeenskap, industrieë kan funksioneer nie. Die mens bekom inligting deur die geskrewe woord sowel as deur ander bronne soos die televisie, mondelinge oordrag, persoonlike ervaring en dies meer.

Inligting in sy breë geheel, omsluit talle aspekte waaraan egter talle voordele sowel as probleme verbonde is. Inligting is ‘n fisiese bewys dat daar data is aangaande dit wat die mens op kognitiewe vlak waargeneem het. Die mens raak bewus van die gebeure om hom/haar, al word dit nie heeltemal begryp nie. Wanneer 'n mens data vir 'n spesifieke doel aanwend of gebruik, word dit as inligting beskou want dit klaar onsekerheid, kennis en/of leemtes op.

Benewens die aspek van data, word kennis en inligting ook verbind met inligtinggeletterdheid en speel dit ‘n groot rol by inligtingsopvoeding- en programme. Hierdie aspekte is veral van belang wanneer dit ter sprake kom by die gehoorgestremde se swak vlak van inligtinggeletterdheid. Hierdie aspek word in die volgende hoofstukke uitgelig. Gehoorgestremdes moet bewus gemaak word van verskillende soorte inligting wat beskikbaar is asook van die impak of effek en waarde daarvan op persone soos hulle.

In Suid-Afrika is daar talle leemtes op die gebied van inligtinggeletterdheid, nie net as gevolg van omstandighede/verskillend bevolkingsgroepe nie, maar daar is ‘n besliste verband tussen ongeletterdheid, armoede en onderontwikkeling. Soos wat ontwikkeling plaasvind, ontstaan daar weer inligting wat weer op sy beurt lei na verdere ontwikkeling.

*3.4.2.3 Kennis*

Kennis is die geheelbeeld van beelde van wat in die mens se siel “gevestig” is (Debons *et al.*, 1988:9). Kennis is volgens HAT (1994:512) “...iemand wat weet; die geheel van wat iemand weet”. Kennis wat verwerf word, kan verkry word weens ‘n *gebeurtenis* wat plaasvind, deur *simbole/tekens, getalle/prente* verteenwoordig wat gebruik word om te begryp wat gelees word, te analiseer, verwerk, verwerp of aanvaar word. Hierdie data kan enkel- of meervoudig wees. Dit is dus ‘n fisiese verteenwoordiging (rekords en dies meer) wat kennis meebring wat saamval

met waardes, wysheid en insig. Hierdie aspek van verhouding tussen inligting en ontwikkeling kan bestudeer word deur te kyk na figuur 3.4.




Figuur 3.4: Inligting en ontwikkeling. (verwerk uit Boon, 1992c:65).

Soos gesien kan word in figuur 3.4, bespreek Boon (1992c:65) die proses vanaf data wat gesoek word deur middel van

- data wat gesoek word deur middel van organisering tot
- inligting waar die prosesse geanaliseer en beoordeel word wat lei tot
- kennis en aksie gemanifesteer in opvoedin, besluitneming, ontwikkeling en innovasie.

Kennis wat verwerf word is egter nie noodwendig korrek of verkeerd nie. Dit is afhanklik van die ontvanger se interpretasievermoëns, individuele vermoëns en intellek. 'n Mens word aanvanklik bewus van gebeure deur die sintuie (hoor, sien). Dan word dit verwerk, geanaliseer, gestoor in die geheue of dit vind die pad in rekord (boeke, tydskrifte, artikels, verslae, referate, audio-visuele materiaal en dies meer). Sodra dit in regte perspektief geplaas word, is dit kennis wat deel vorm van die mens se denkvermoë, geheue en die vermoë om te kyk na die wêreld wat die mens omring.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kennis is 'n breër konsep as inligting. Sodra dele van inligting saamgevoeg word tot 'n geheel, en lei tot begrip, is dit kennis. Wanneer waardebepalings, kriteria toegepas word, gaan saam met kennis ook wysheid gepaard. Die gemeenskap se sienings, standpunte of waardes speel 'n groot rol en deur nodige kennisverkryging kan die lewe met al sy fasette en probleme beter hanteer word. Om egter tot kennisbesef te kom, is dit nodig om inligtingsbronne doeltreffend te benut, te ontsluit en toe te pas. Daar word later aangetoon dat die kennissisteem, sekere kognitiewe vaardighede vereis. Hier word veral verwys na byvoorbeeld inligtingsisteme van skole, biblioteke, universiteite en inligtingsdienste rakende die effektiwiteit, doelstelling, ontsluitingsmeganismes daarvan. Inligting moet dus toeganklik wees vir almal ten einde te lei tot kennisverkryging.

*3.4.2.4 Samevatting*

Inligtinggeletterdheid word derhalwe gesien as die vaardigheid van studente om inligting en inligtingstegnologie effektief aan te wend, te kies en te gebruik om nuwe kennis te skep en insigte te verkry. Dit kan gedoen word op die volgende maniere:

- Rekenaargebaseerde dienste te gebruik om relevante inligting te soek in 'n wye konteksveld vir doel-georiënteerde take
- Vaardigheid om inligting te herwin deur die gebruik van verskeidenheid van media
- Vaardigheid om inligting te dekodeer in verskeidenheid van vorms soos geskrewe, statisties en grafies
- Inligting krities te evalueer en gebruik te maak van sisteem-denke om die verskillende kennisvelde se interverwantskap te ondersoek
- Om deur middel van rekenaargebasseerde dienste gebruik te maak om inligting te analiseer, skryf, inligting aan te bied en te kommunikeer ten einde om kennis en insig te verkry
- Inligtingstegnologie aan te wend om netwerke van medewerkers te skep en te gebruik in die navolging van kennis en deel van inligting (URL:http://www.ispo.cec.be/infosoc/educ/learn).

## 3.5 FAKTORE WAT INLIGTINGGELETTERDHEID BEÏNVLOED

Daar is bepaalde faktore by die horende persoon wat inligtinggeletterdheid beïnvloed. Wanneer hierdie faktore by gehoorgestremdes te kort skiet, kan dit verhoed dat so 'n persoon inligtinggeletterd kan raak. Dit is belangrik om dit te bespreek omrede dit 'n inpak het op die inligtinggeletterdheid van die gehoorgestremde persoon.

### 3.5.1 PERSOONLIKHEIDSFAKTORE

Persoonlikheidsfaktore behels karaktereienskappe, gewoontes, intelligensie-neigings, self-konsep, waardes, houdings, besluite en doelwitte vir die toekoms (Louw, 1991:17).

Persoonlike ontwikkeling behels die totaliteit van 'n persoon se ontwikkeling wat al die aspekte omsluit soos kognisie; waardes; houdinge; gewoontes; emosies; vooroordele en doelwitte. Hierdie faktore bepaal hoe 'n persoon gaan ontwikkel en baan dit die weg tot 'n persoon se ontvanklikheid vir inligtinggeletterdheid en sodanige groeiproses.

Ander aspekte van persoonlike ontwikkeling behels motivering, belangstelling, agtergrond en opleiding wat 'n persoon gaan beïnvloed ten einde inligting beter in al die fasette te verwerk, dit doeltreffend te ontsluit en toe te pas (Louw, 1991:13). Vaardighede wat saamhang met die persoonlikheidsfaktore, behels die kognitiewe en intellektuele vaardighede.

### 3.5.1 KOGNITIEWE EN INTELLEKTUELE VAARDIGHEDE

Hier word verwys na 'n persoon se intellektuele vermoëns wat hom/haar in staat stel om te kommunikeer, probleme op te los, akademiese vordering te maak en om te leer. Dit word gekoppel aan 'n persoon se ervaring; agtergrondsveld, en verwysingsraamwerk - dit wil sê, die vermoëns om uit ondervinding te leer en dit toe te pas. Kognitiewe aspekte bestaan uit begripsvermoëns, geheue, sensoriese en perseptuele waarneming, emosionele aspekte, die taalontwikkeling en die vlak van intelligensie soos deur Louw (1991:19) bespreek is.

Begripsvermoë verwys na die denkproses en is dit 'n strategiese proses. Dit verwys ook na die rede hoekom 'n persoon lees- dit wil sê vir ontspanning of vir inligting. Rosenshine (in Cooper, 1993:5) meen egter dat dit feitlik *onmoontlik* is om begripsvaardighede uit te lig en dat dit uiters

moeilik is om dit vir leerlinge aan te leer. Die gehoorgestremde persoon ervaar dikwels probleme op hierdie gebied veral vanweë fisiese probleme; intellektuele en kognitiewe probleme soos later aangetoon sal word soos breedvoeriger in hoofstuk 4 aangetoon word.

Verwysingsraamwerke wat in die geheue voorkom, is konsepte, begrippe, inligting en idees; vertolkingsdiepte en reseptiwiteit wat beteken dat indien 'n persoon *reeds* met 'n betrokke situasie in aanraking gekom het, dit makliker is om dit beter te verstaan, in teenstelling met die persoon wat dit nog nie beleef het nie (Coetzee, 1977:51).

Sensoriese waarneming verwys na die vermoë om met ander mense te kommunikeer en om inligting te prosesseer. Indien 'n persoon oor swak sensoriese waarneming beskik, kan dit die prosessering van inligting vertraag. Dit is veral van toepassing op die tegnologie wat dikwels nie die menslike aspek in berekening bring nie, soos in die geval van rekenaars met verwysing na die fisiese toegang sowel as die ontwerp van inligtingstoegang (Frost, 1987:4).

Persepsie is 'n kognitiewe proses wat inligting verskaf vanaf die oomblik wat 'n persoon dinge voel, waarneem en 'n bepaalde gedagte of mening vorm teenoor sintuiglike vermoëns van praat, hoor en sien wat ingespan word om inligting waar te neem. In die geval van horendes, is sulke persone in staat om al hul sintuie in te span, terwyl die gehoorgestremde nie daartoe in staat is nie, weens bepaalde beperkinge soos vlak van gehoorgestremdheid, met of sonder addisionele probleme of gebreke daaraan gekoppel, soos later breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek gaan word (Frost, 1987:10).

Op emosionele gebied kan 'n persoon talle negatiewe ervarings beleef soos verwerping en die onvermoë om veral abstrakte dinge te begryp soos byvoorbeeld die dood, verlies en simpatie. Dit is aspekte wat deur die horendes as logies en instinktief ervaar word. Abstrakte begrippe word deur taalvaardigheid en inligtinggeletterdheid na die bewussyn gebring waar mens dit kan verwerk, begryp en eie kan maak.

Taalontwikkeling omsluit die aspekte van kommunikasie, taal en spraak. Kommunikasie, behels die wissel en oordra van inligting. Spraak is die manier van praat, waardeur woorde oorgedra word. Taal is die stel reëls waardeur spraak gemanifesteer word. Al hierdie aspekte is komplekse prosesse wat afhanklik is van 'n ontsyferingsproses rakende die "...higher order cognitive, metacognitive, and linguistic skills, such as interferencing, syntax, and semantics, as

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

well as lower order decoding skills and letter and word recognition" (King & Quigley, 1985:xi-xii). Taalontwikkeling bestaan uit:

- taalverwerwingsaspek (King & Quigley, 1985:xiii) wat verwys na die metode waardeur taal verkry word;
- ontsyferings- en begripsproses (Ewoldt, 1990:85) waardeur woorde ontleed word;
- ontleding en woordherkenningsproses rakende die vaardigheid van spoedlees, vlotheid en die vermoë om woorde vlugtig te kan lees (die term *dekodering* word ook gebruik wat die gebruik van ontleding behels van grafiese simbole, naamlik konteks, fonetiek en strukturele analise) (Cooper, 1993:15);
- teksanalise waardeur hoofidees en ondergeskikte idees met mekaar in verbinding gebring kan word;
- teksevaluasie waardeur die styl, die helderheid en samehang van die teks begryp en waardeer kan word. Cooper (1993:14) verwys na die tekstruktuur as *narrative* wat die storie (stories of novelles) vertel en na die *expository* wat weer inligting en feite verskaf soos in handboeke);
- integrering van inligting en verskeie bronne ten einde vas te stel of dit begryp word;
- opsomming waardeur die leser in staat gestel word om 'n realistiese weergawe van die leesstuk te gee. Cooper (1993:13) benadruk die feit dat die leser moet in staat wees om dit wat hy lees, te kan *verbind* met die ondervindinge en ervaringe wat opgedoen is "...the meaning that the reader constructs or assigns does not come from the printed page; it comes from the reader's own experiences that are triggered or activated by the ideas the author presents";
- sistematisering om te sien of leser byvoorbeeld diagramme noukeurig kan aanteken; begripsvermoë ten einde te verstaan wat deur die teks bedoel word, hetsy direk of onderliggend; die teks te analiseer en te bepaal of die woordeskat voldoende is en in logiese en kronologiese volgorde verstaan kan word (Human Sciences Research Council, 1989:55 en Cooper, 1993:12-14);
- gesindheid wat reg moet wees ten einde die belangstelling aan te wakker om te *wil* lees (Coetzee, 1977:8);
- kind se ontwikkeling deur sy groeijare, soos die ouderdom, geslag, beroep, vlak van lees (Coetzee, 1977:43);

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- skematiese vaardigheid wat verband hou met die kennis- en begripsontwikkeling wat deur die jare opgebou is. Cooper (1993:10) verwys daarna as die "schemata", die strukture wat "...represent the generic concepts stored in our memory "(Rumelhart in Cooper, 1993:10-11);
- geïmpliseerde inligting waardeur die leser se agtergrond so 'n persoon in staat kan stel om dinge beter te kan begryp en verwerk eerder as *direkte inligting* wat oorgedra word (Cooper, 1993:10);

Intelligensie is 'n onderafdeling van kognisie. Dit word beskou as die individu se vermoë om die wêreld met sy probleme en fasette te begryp en word dit gekoppel aan die perseptuele; taal-en numeriese vermoëns. Daar moet melding gemaak word van die rol wat IK speel. Intelligensie verwys na die vermoë om probleme op te los terwyl IK gebruik word om 'n persoon se vlak van intelligensie te meet. Die volwasse intelligensievlak word gewoonlik vasgestel op die ouderdom van sestien jaar (Louw, 1991:11-12).

Lees en geletterdheid speel ook 'n rol in die kognitiewe verwerkingsvermoë van die mens en moet die krag van die geskrewe woord nie onderskat word nie wat ook verbind moet word met die taal- en skryfaspek. Die invloed van die omgewing waar 'n persoon hom/haarself bevind, speel ook 'n rol. Dit word gemanifesteer op sosiale, fisiese en insidentvlak.

### 3.5.3 OMGEWINGSINVLOEDE

Die sosiale invloed verwys na die sosialisering van die familie, groepe, skool gebeure, werk en groepskultuur (Louw, 1991:17). 'n Ander tipe impak is die sosiale omgewing wat mense en groepe betrek met wie 'n persoon in aanraking kom (familie, vriende); kommunikasiemetodes (radio, televisie, lees) en observasiemetodes soos kultuur en kuns. Al hierdie faktore is belangrik aangesien dit direk of indirek inligting verskaf en bydra tot 'n persoon se vlak van inligtinggeletterdheid en /of gebrek daaraan (Louw 1991:25).

Die taal en demografiese aspekte (ouderdom, onderwyspeil, beroep, woonplek, huwelikstaat en opvoedingsvlak) en visuele geletterdheid speel 'n rol in die doeltreffende benutting van inligting want soos reeds aangetoon, verskil mense van mekaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aspekte wat 'n invloed het op 'n mens se lewe is aspekte soos opvoeding, opleiding; huwelikstaat en beroep. Die horende persoon ervaar hierdie dinge sonder dat daar merkwaardige probleme mag voorkom in teenstelling met die gehoorgestremde persoon. Daar sal later aangetoon word in hoe 'n mate hierdie faktore wel 'n rol speel en so 'n persoon se vlak van inligtinggeletterdheid beïnvloed. Daar word veral probleme ondervind op taalgebied en is die gehoorgestremde persoon dikwels aangewese op eie moedertaal, hetsy gebaretaal en 'n tweede taal wat in *geskrewe vorm* gemanifesteer word. Die gehoorgestremde se tweede taal, is nie noodwendig 'n fisiese tweede taal soos Engels nie.

Sosiale ontwikkeling verwys dus na bepaalde interaksie met ander persone soos tussen moeder-en-kind; interpersoonlike kontak; gedragswyses; geslagsontwikkeling; morele ontwikkeling; homogene en heteroseksuele verhoudinge (Louw 1991:13). Waar daar swak sosiale verhoudinge en interaksie bestaan, kan dit bepaalde stremminge veroorsaak aangesien dit kan lei tot swak kognitiewe en intellektuele ontwikkeling omdat die stimulasie wat gewoonlik uitspruit uit gesonde sosiale verhoudinge, dan ontbreek.

Waar die horende persoon min of geen probleme op sosiale gebied kan ondervind nie, mag die gehoorgestremde persoon wel probleme ervaar. So 'n persoon benodig rolmodelle waarvolgens geleer kan word om op te tree in bepaalde lewenssituasies en is 'n gehoorgestremde persoon baie afhanklik van ander persone. In hoofstuk 4 word die verskillende rolmodelle wat 'n bepaalde invloed toon op die gehoorgestremde, deeglik bespreek. Hierdie inligting kom in verskillende vorme voor soos in die onderstaande aangetoon sal word.

Die fisiese omgewing behels die klimaat, populasiedigtheid en tegnologie (Louw 1991:17) waarin 'n persoon homself/haarself bevind. Die fisiese omgewing het 'n impak op die psigologiese funksionering van die mens wat ook 'n persoon se gedragswyses kan beïnvloed (Louw 1991:25) soos in die geval van gehoorgestremdes waar die fisiese tekortkoming bepaalde karaktereinskappe en gedragswyse tot gevolg het.

Bepaalde gebeurtenisse in mens se lewe kan die pad vorentoe heeltemal verander of beïnvloed (Louw 1991:29). Dit behels aspekte soos die ontmoeting van bepaalde persone, dit wat 'n persoon lees, 'n ongeluk wat plaasgevind het, dinge wat 'n persoon ervaar en dies meer. 'n Ander aspek wat ook 'n rol speel by inligtinggeletterdheid, is die fisiologiese invloed wat verwys na die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gene, volwassenheid, samestelling (constitution) soos senuweestels, die fisiek self en gesondheid (Louw 1991:17).

### 3.5.4 FISOLOGIESE INVLOEDE

Inligtinggeletterdheid moet gekoppel word aan die ontwikkeling van die mens wat onderhewig is aan talle onderliggende aspekte soos ontwikkeling, groei en ouderdom. Elke persoon groei en ontwikkel individueel, sommige vinniger as ander. Dit kan 'n besliste impak op die individu se vordering toon. Bepaalde omgewingsfaktore speel ook 'n rol (Louw, 1991:6) en kan negatiewe invloede verhoed dat 'n persoon inligtinggeletterd raak.

Louw (1991:10-14) dui spesifieke ontwikkelingsareas aan waaraan aandag geskenk word aangesien dit ook 'n rol gaan speel by die gehoorgestremde. Dit behels die fisiese groei en veranderinge in die struktuur en funksionering van die mens wat 'n bepaalde invloed het op die emosionele, geestelike, kulturele en godsdienstige aspekte. Hierdie fisiese aspek is veral van toepassing op die gehoorgestremde (Louw, 1991:10) aangesien dit 'n persoon se vermoë om inligtinggeletterd te kan raak, kan benadeel. Hier word verwys na die vlak en graad van gehoorgestremdheid; die ouderdom toe dit vasgestel is; die gebruik van addissionele hulpmiddels soos byvoorbeeld gehoorapparate en die persoon se vermoë om te kompenseer deur byvoorbeeld die gebruik of toepassing van spraaklees en -of gebaretaal om so 'n persoon te help om beter te kommunikeer.

Sommige gehoorgestremdes hoor swakker of beter as ander persone en beïnvloed dit ook die graad van inligtinggeletterdheid wat verwerf kan word. Dit is derhalwe nou nodig om vas te stel in watter mate biblioteke en inligtingsentra 'n rol kan speel om 'n persoon, veral die gehoorgestremde persoon se vlak van inligtinggeletterdheid te kan verhoog en word dit derhalwe nou bespreek.

## 3.6 ROL VAN BIBLIOTEKE EN INLIGTINGSENTRA TEN OPSIGTE VAN INLIGTINGGELETTERDHEID

Hier word verwys na biblioteke, mediasentrums en inligtingsentra, privaat of openbaar wat die gebruiker kan help om inligtinggeletterd te raak. Dit word gedoen deur verskaffing van leesmateriaal, hetsy vir akademiese en/of ontspanningsdoeleindes. Inligtingsentra verskaf

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bekwame en kundige leiding, en help gebruikers om die regte leesstof te bekom en is die meeste inligtingsentra vandag toegerus met gevorderde tegnologie en bronne (Position statement on information literacy: URL: http://www.birchlane.davis.ca.us/library/infolit.htm).
Inligtingsentra moet inligting nie misken nie want inligting het bruikbare waarde en kan dit meebring dat 'n persoon inligtinggeletterd kan raak. Die vloei van inligting word beperk of misken wanneer

- daar geweier word om inligting aan diegene te verskaf wat dit benodig;
- daar nagelaat word om potensiële gebruikers te adviseer van die bestaan en beskikbaarheid van inligting;
- inligting nie in verstaanbare of bruikbare formaat aangebied word nie;
- die beprysing van inligting en dienste sodanig is dat dit onbekostigbaar is;
- daar versuim word om inligting betyds te verskaf;
- daar onvoldoende dienste gelewer word of om eenvoudige stappe in te stel om inligting te bekom (Carpinter, 1991:14).

Inligting moet deur inligtingsentra verskaf en beskikbaar gestel word. Derhalwe is die ontsluitingsmeganisme van skole, biblioteke, universiteite en inligtingsdienste belangrik aangesien dit 'n persoon se vlak van inligtinggeletterdheid beïnvloed soos wat Stoffle (1998: URL:http://www.itrc.ucf.edu/webcamp/final_projects/barney/big6) dit beklemtoon wanneer hy klem lê daarop dat vrye toegang tot inligting belangrik is "...unconstrained access to information as a condition essential to every democratic society". Inligting moet en behoort vir almal toeganklik te wees. Sodoende sal die individu, hetsy horend of gehoorgestremd, die werklike waarde en voordele van inligtinggeletterdheid besef.

Die verspreiding van inligting moet sonder enige beperkinge kan geskied. Dit verskyn nie net in gedrukte vorm nie, maar ook in oudo-visuele vorm, op rekenaars en dies meer. Inligting moet betroubaar wees want mense is krities is oor dit wat verskaf word aangesien inligting menings, standpunte, oortuigings, waardes kan beïnvloed, verander of bevestig (MacBride, 1980:172).

Wanneer die biblioteek- en inligtingsdiens gebreke toon aan leesfasiliteite, toerusting, beskikbaarheid van leesmateriaal, sal dit geleenthede, leesbelangstelling en geletterdheidsvlak van persone beïnvloed. Ander faktore wat ook die vloei van inligting mag beperk is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

biblioteekfasiliteite; ure wat hul oop is; beperkings wat gehef word op mense wat van die fasiliteite gebruik mag maak; uitleenbepalings; beskikbaarheid van terminale; gebruik van katalogusse en databasisse (die moeilikheidsgraad); die hoeveelheid inligting beskikbaar; die ontwerp van die biblioteek (die bereikbaarheid daarvan) en dies meer (Stoffle, 1987: URL:http://www.itrc.ucf.edu/webcamp/final_projects/barney/big6).

Inligtingsdienste en biblioteke vervul ook 'n sosiale funksie, gebruikers moet die sentrum as toeganklik sien, bereikbaar, as 'n omgewings-vriendelike plek, 'n plek waar hul behoeftes bevredig kan word of ignoreer word. (Stoffle, 1987: URL:http://www/itrc.ucf.edu/webcamp/ final_projects/barney/big6).

Waar daar swak kommunikasiekanale is; swak of geen infrastrukture (dit wil sê korrekte en effektiewe bestuurstelsels), swak produksiestelsels; uitsluiting van groepe in die kommunikasiebestuur; swak begrip as dit kom by ontsluiting of begrip van inligting, dan kan dit die demokratisering van inligtingvloei beperk (Mcbride, 1980:168). Hier word gedink aan die ongeletterdes, semi-geletterdes, minderbebevoorregtes of armer dele van die bevolking en gestremdes wat nie die nodige fasiliteite of toegang het tot inligting nie. Vir 'n inligtingsentrum of biblioteek om effektief te funksioneer, is dit dus nodig dat personeel wat die sentra beman, voldoende opgelei is en weet hoe en waar om inligting te bekom, dit te genereer sodat gebruikers daarby kan baat.

Hier word dus verwys na bekwame onderwysers, media-leiers, inligtingkundiges wat deur middel van beskikbare bronne, materiale en kundigheid inligting aan mense beskikbaar kan stel.

Inligtinggeletterdheid gaan die opvoedingstelsels van alle lande beïnvloed in die sin dat rekenaargebasseerde tegnieke al hoe meer in die klaskamers gebruik gaan word en indirek as 'n logiese gevolg van die algemene beskikbaarheid van inligtingsbronne en inligtingsstelsels. Daar word dus al hoe meer eise gestel aan opleiding en fasiliteite om meer inligtingsgeoriënteerd te raak (Breivik & Gee, 1989:25).

## 3.7 SAMEVATTING

Dit blyk dus duidelik dat daar talle faktore is wat inligtinggeletterdheid beïvloed en dat die inligtingsentra 'n besliste rol speel. Daar is 'n besliste lyn wat opgemerk kan word vanaf die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

proses wat data ontvang word, tot die stadium wat dit bruikbare inligting word, wat weer tot die kennisbesef en dan na aksie lei soos Boon (1992c: 64) dit duidelik uitwys. Op elke vlak kom daar sekere aspekte na vore vanaf die tydperk wat data ingesamel. Hier word verwys na die groepering, klassifisering en formatering van inligting.

Inligting wat na kennis lei impliseer die analisering en oordeel van data dit wil sê, inligting word geïnterpreteer, vergelykings word getref, dit word geëevalueer, gesintetiseer, daar word opsies en voor-en nadele verskaf, alvorens tot aksie oorgegaan kan word. Die aksieproses verwys na die eindproduk; wanneer inligting aangewend word vir besluitneming, opvoeding; ontwikkeling en innovasie wat lei tot die insameling van nuwe data. Hierdie nuwe data beweeg dan weer ook deur dieselfde proses totdat daar 'n nuwe proses van ontwikkeling ontstaan. Vir enige mens om te ontwikkel, is dit baie belangrik- mens se self-waarde word verhoog; dit skep geleenthede vir keuses wat gemaak kan word en besluite wat geneem kan word en kan inligting meehelp om in die basiese lewensbehoeftes te voorsien.

Ten einde die gehoorgestremde persoon intellektueel toe te rus om inligting effektief te gebuik, hetsy vir besluitneming, ontspanning, ontwikkeling en/of probleemoplossing is inligtingsopvoedingsprogramme noodsaaklik en word daar in die volgende gedeeltes aandag geskenk.

## 3.8 INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAMME

Met inligtingsopvoeding word opvoeding vir volwassenheid geïmpliseer, wat 'n sekere ingesteldheid en vaardighede vereis ten opsigte van die aanskaf, gebruik en verspreiding van inligting. Die programme moet gerig moet wees op die primêre, sekondêre en tersiêre onderrigvlakke waar die kurrikulum ingestel moet wees op selfstandige studie met die einddoel om kinders en volwassenes te leer om inligting effektief te gebruik.

Inligting is 'n waardevolle hulpbron wat bydra tot die ontwikkeling en groei van die individu. Soos wat 'n persoon ouer word, word daar beweeg op 'n ander vlak met veranderde behoeftes en moet die inligtingsopvoedingsprogram daarby aangepas word. Inligtingsopvoedingsprogramme is dus gerig op bepaalde teikengroepe en moet dit nie net konsentreer op die horende gemeenskap nie, maar ook op ander groepe soos byvoorbeeld die gehoorgestremdes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aangesien inligting 'n hulpbron is vir alle samelewingsgroepe, moet die teikengroepe wat bereik moet word deur inligtingsopvoeding en programme, gerig wees op alle persone; skole; kolleges; universiteite en ook ondernemings (Boon, 1992c:12). Inligtingsopvoeding is ook deel van die algemene samelewingsopvoeding waar die biblioteek en inligtingsdienste 'n waardevolle rol behoort te speel.

### 3.8.1 DOEL VAN INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAMME

Inligtingsopvoedingsprogramme is daarop gemik om die volgende aspekte te bevorder, soos aangetoon deur Marais (1992:75):

- Bevordering en begrip van inligting as 'n menslike verskynsel, die impak daarvan op die gemeenskap en die belangrikheid van effektiewe gebruik daarvan.
- Skepping van 'n bewustheid en die vermoë om te besef dat inligting waardevol in die alledaagse lewe is.
- Die daarstelling van vaardighede vir onafhanklike en effektiewe verkryging, hantering, bestuur en gebruik van inligting en die daarstelling van inligtingskultuur om as 'n suksesvolle mens in die samelewing te funksioneer.

Boon (1992b:8) maak weer die volgende stellings rakende die doel van inligtingsopvoedingsprogramme en sê dat die programme

- gerig moet wees op die inligtingsamelewing en op die toekoms
- die klem moet plaas op onafhanklike studie oftewel lewenslange leer
- dit deel moet uitmaak van alle opvoedingsprogramme
- moet kan aanpas by alle tipes omstandighede, geskik wees vir alle soorte mense
- dit trend moet hou met die veranderde tegnieke rakende alle aspekte van inligting
- dit gebaseer moet wees op inligtingswetenskap en opvoedkundige beginsels.

Inligtingopvoedingsprogramme het dit dus ten doel om die mens behulpsaam te wees in die verkryging, vaardighede en nodige houdings en gesindhede ten einde effektief in die inligtingsamelewing te funksioneer. Die aanbieders van inligtingsopvoedingsprogramme kan verskillende persone wees soos in die onderstaande bespreek gaan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 3.8.2 AANBIEDERS VAN INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAMME

Wanneer dit kom by die kwessie van aanbieders van opvoedingsprogramme kan gesê word die taak berus aanvanklik op skoolvlak by die media-onderwyser/skoolvoorligter in samewerking met die vakonderwysers. Op tersiêre vlak kan die akademiese inligtingsdienste asook akademiese departemente byvoorbeeld. die Inligtingkunde departement die verantwoordelikheid neem. Vir die publiek kan instansies soos die radio, televisie, gemeenskapsinligtingsentra programme individueel en gesamentlik ontwikkel en aanbied.

Wanneer daar na verspreiders van inligting verwys word, word bedoel persone wat inligting beskikbaar kan stel en wat as tussenganger kan optree tussen die gebruiker en inligting. Op skoolvlak, is dit onderwysers, medialeiers, ouers en familie. Op tersiêre vlak, is dit onder andere inligtingkundiges en op gemeenskapsvlak is dit gemeenskapsbiblioteke en besighede.

Rakende verantwoordelikheid van inligtingsopvoedingsprogramme, is onderwysers wat 'n *geletterdheidssamelewing* voorstaan en waardeer, in staat om 'n beter begrip vir kontekse, prosesse en produkte rakende leeraspekte te verskaf. Hulle dra daartoe by dat 'n kind se kennnis kan vermeerder asook hul verbeeling kan geprikkel word "...enlarge a child's knowledge, experience, and imaginative (Truax 1992:403). Onderwysers verstaan immers hoe taal ontwikkel, faktore wat 'n rol speel in die ontwikkeling en kan onderwysers doeltreffend demonstreer wat lesers en skrywers doen, waaroor daar gekommunikeer word, en kan die proses van skryf/lees as metodes van kommunikasie aangemoedig en bevorder word (Truax, 1992:404).

Onderwysers kan inligtinggeletterdheid bevorder deur onder andere die volgende metodes aan te wend:

- vraelyste op te stel waardeur die behoeftes vasgestel kan word;
- kontak met ouers bewerkstellig;
- uitstallings bied om leesbelangstelling te prikkel;
- stories vir kinders voor te lees sowel as om dit aan hul beskikbaar te stel;
- plakkate maak wat die aandag trek en kinders se nuuskierigheid prikkel - veral as dit 'n treffende prent is met gepaste byskrif;
- 'n boekklub te stig;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- selfs 'n klein prys uit te loof vir die kind wat die meeste boeke gelees het;
- poog om kind se belangstelling te bepaal en daarvoor boeke te voorsien;
- die televisie as medium te gebruik om ook die leesbehoefte aan te wakker (Thomas & Loring, 1979).

Onderwysers kan dus die regte materiaal; lees- en leermetodes verskaf; geleenthede skep vir die kinders om toegang tot inligting te verkry; kinders leer om op geskrewe manier te kommunikeer en om uit die literatuur inligting te bekom en toe te pas afhangende van bepaalde behoeftes. Die skoolkurrikulum moet daarop ingestel wees om die ses inligtingsvaardighede toe te pas naamlik die:

- taak te definieer (wat is die probleem?);
- soektogstrategieë toe te pas (hoe vind ek dit?);
- vas te stel wat beskikbaar is (wat het ek?);
- te kies wat nuttig is (wat is belangrik?);

  te sintetiseer (hoe pas dit in en wie wil weet?) en te evalueer (wat nou? wat het ek geleer?) (Teaching information literacy, 1998: URL:http://itrc.ucf.edu/webcamp/final_ *projects/barney/big6.html*

3.8.3 INHOUD VAN INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAMME

Dit is belangrik dat die inhoud van inligtingsopvoedingsprogramme sinvol en treffend moet wees ten einde die gebruiker op te voed oor die waarde van inligting. So 'n program moet ten doel hê om 'n persoon inligtingsbewus te maak van die bestaan, waarde en voorkoms van inligting en moet die program die gebruiker inlig rakende die inligtingsproblematiek, tegnieke, metodes en sisteme ten opsigte van bekom van inligting, organisering en verspreiding.

Inligtingsopvoedingsprogramme moet ook ten doel hê om inligtingsvaardighede te ontwikkel deur middel van onwikkeling van kennis van bestaande inligtingsbronne, waarneming van inligting, kognitiewe waarneming en verwerking (analisering, korrelering, sintese), inligting aan te teken, te beoordeel; inligting funksioneel te maak byvoorbeeld relevante praktiese toepasing en oordeelkundige besluitneming en vaardighede om te leer om inligting te evalueer en te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beoordeel en laastens vaardighede te ontwikkel om inligtingsisteme en databasisse te kan benut (Marais in Boon, 1992b:9).

Inligtingsopvoedingsprogramme kan ook slegs suksesvol wees mits daar suksesvolle aanbieders is wat die inhoud sinvol en doelmatig aanwend. Inligtingsopvoedingsprogramme moet egter voldoen aan sekere vereistes.

### 3.8.4 BELANGRIKE VERANDERLIKES WAARAAN INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAMME MOET VOLDOEN

Inligtingsopvoedingprogramme behoort 'n persoon mens bewus te maak van die belang van inligting, die aard en voorkoms daarvan. Programme moet aantoon hoe kontak met inligting bewerkstellig kan word en moet dit aantoon hoekom inligting belangrik is vir die mens. Dit vereis egter dat daar 'n bewussyn en kennis moet wees rakende die aspek van inligtingsproblematiek, tegnieke, metodes en sisteme oor hoe inligting verkry kan word, die organisering, verspreiding en toepassing daarvan.

Sekere vaardighede is nodig om inligtingsopvoedingsprogramme doeltreffend te kan benut, verstaan en toe te pas ten einde inligting te verwerk, te evalueer en te beoordeel (Marais in Boon, 1992b:9). Die doelwit van inligtingsopvoedingsprogram moet gerig wees op veral primêre, sekondêre en tersiêre onderrigvlakke. Die inligtingsopvoedingsprogramme moet verder gebaseer wees op inligtingkundige sowel as opvoedkundige beginsels.

Soos reeds aangedui in die studie is die teikengroep gerig op die volwasse gehoorgestremde persoon. Inligtingsopvoedingsprogramme is, soos reeds genoem, afhanklik van aanbieders wat bekwaam en doelgerig is met inagneming van interne en eksterne faktore wat dit beïnvloed. Alle persone is teikengroepe van skoolvlak tot kollege- en/of universiteite; mense van die algemene samelewing soos in biblioteke en inligtingsentrums, televisie , radio en dies meer.

Ook ondernemings waar inligting as hulpbron geïdentifiseer word, is 'n voorbeeld van teikengroepe waar programme toegepas kan word. Programme moet egter aanpas by spesifieke groepe, hul omstandighede, behoeftes en bepaalde probleme. Daar moet rekening gehou word met veranderde tegnieke om inligting te bekom, te verwerk en te gebruik. Dit gaan dus om inligtingsgebuik (Boon 1992b:8) en moet die klem gelê word op selfstandige studie.

Die kurrikulum moet ingestel wees op selfstandige studie met die eindresultaat om kinders en volwassenes te leer om inligting effektief te gebruik. Inligting is 'n waardevolle hulpbron wat bydra tot die ontwikkeling en groei van die individu/samelewing ongeag horende of gehoorgestremd (Position statement on information literacy. URL:http://www.birchlane.davis. ca.us/http://library/infolit. (Accessed 20/8/00).

Op primêre vlak met aanbieding van programme het dit tot gevolg dat inligting as hulpbron gebruik word, dws die groei en ontwikkeling van die individu. Soos wat kinders grootword, op sekondêre en tersiêre vlak, behoort die programme aangepas en meer gevorderd gemaak te word (Boon, 1992b: 9).

Wanneer die programme deeglik en suksesvol toegepas word is inligtingsprogramme suksesvol. Soos wat die student ouer word, moet daar kennis geneem word van die vlak waarop die student hom/haarself bevind en sy/haar behoeftes sodat die programme daarby kan aanpas en na 'n meer progressiewe vlak beweeg kan word soos wat benodig of vereis word. Studente moet weet hoe om inligting effektief te gebruik, probleemoplossings te vind om sodoende belsuite te neem wat hul alledaagse lewe raak sowel as sy/haar beroepslewe en/of toekomsplanne. Soos wat individue ouer raak, sal daar gevind word dat inligtingsbronne meer deeglik, gesofistikeerd geword het wat weereens inligtingsprogramme op primêre vlak beklemtoon.

Die inhoud van die kurrikulum op primêre vlak sal verskil van tersiêre vlak soos vasgestel kan word deur 'n analise te doen. Net so sal die kurrikulum van programme by 'n besigheid of onderneming verskil en kan dit byvoorbeeld inligting bevat rakende inligtingsbeleid, etiek en verpakking van inligting en dies meer.

Cresson & Bangeman (1985: URL: :http://www.ispo.cec.be/infosoc/educ/learn) meld dat inligtingstegnologie "...and all that it now offers, has crossed the technical rubicon into the realm of consciousness, to the realm of culture. Multi-media today gives us instruments which allows us to shape information in so many forms that they can become an integral part of our life's experience".

Die ontwikkeling op tegnologiese gebied vereis dat leerders se vermoë om inligting te herken en te evalueer, voortdurend verbeter of verhoog moet word. Dit vereis egter dat personeel deeglik opgelei en ontwikkel moet word om te verseker dat "...all young people, independent of their

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ability or background are able to have access to the tools that will help them to develop dthe skills and knlowedge necessary to work and go about their normal daily life in the information society" (Cresson &Bangemann, 1985: URL::http://www.ispo.cec.be/infosoc/educ/learn).

Vir inligtingsopvoedingsprogramme om suksesvol te wees, vereis dit daar daar voortdurend evaluasie toegepas moet word ten einde trend te hou met die vordering wat leerders/studente maak en ook om sodoende die programme te kan aanpas by veranderde behoeftes .

### 3.8.5 SAMEVATTING

Dit blyk dus duidelik te wees dat inligtingsopvoedingsprogramme vir alle persone tot voordeel kan wees, hetsy onderontwikkelde persone of gemeenskappe, maar ook vir persone soos byvoorbeeld gehoorgestremdes. Inligtingsopvoedingsprogramme word daargestel vir bepaalde persone met bepaalde behoeftes en is gerig op *lewenslange leerproses.* Enige leerproses vind plaas binne 'n bepaalde leeromgewing wat 'n persoon in staat sal stel om te leer, oplossings vir probleme te vind, meer kreatief te wees en te lei tot self-ontwikkeling. Dit hang saam met 'n persoon se kennis van inligtings, sy/haar persoonlike waardes, gesindhede en houdings en die besef van die waarde van inligting,

Inligtingsopvoedingsprogramme het dit ten doel om inligting effektief in alle vorme te hanteer ten einde tot kennisbesef te kom. Wanneer inligtingsopvoeding toegepas word, kan sekere voordele van inligtinggeletterdheid na vore kom.

## 3.9 VOORDELE VAN INLIGTINGGELETTERDHEID

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking, kan die voordele van inligting en inligtinggeletterdheid nou uitgelig word, aangesien die vermoë om met inligting te werk die geleentheid en kanale vir 'n horende persoon skep om:

- as 'n volwaardige persoon 'n regmatige plek in die samelewing in te neem ten einde die lewenskwaliteit te verhoog en sodoende 'n groter rol op ekonomiese en sosiale gebied te vervul;
- beter geleenthede te hê om werk te bekom sowel as om akademies te presteer;
- werk beter te kan verrig, soos byvoorbeeld in die geval van akademici, sowel as professionele persone;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- 'n beter begrip te verkry van die samelewing en interpersoonlike verhoudinge positief te beïnvloed;
- deel te neem aan die transformasieproses, inisiatief te neem, aan projekte deel te neem en volwaardige kultuurmens te word;
- wêrelde te ontdek wat oopgemaak word as gevolg van die ontsaglike hoeveelheid leesmateriaal en studiemateriaal wat beskikbaar is en wat andersins onbereikbaar sou wees;
- bewus te word van die krag van die geskrewe woord wat meer kennis ontsluit;
- groter rol te speel in die gemeenskap; selfvertroue en status te verhoog soos wat Olson, Hildyard & Torrance (1985:14) meld "...it permits people to do- to achieve their goals or to bring new goals into view";
- dinge, plekke en geleenthede te ontdek en te beheer (Foster, 1991:39); kennis op te doen en inligting aan ander oor te dra.

Inligtinggeletterdheid is dus die weg na kennis, selfontdekking -en ontwikkeling en selfverryking waardeur 'n persoon die geleentheid kry om beter vir die toekoms voor te berei, probleme en aktuele sake te hanteer. Inligting wat neerslag vind in gedrukte vorm kan kenniswêrelde ontsluit; kan lei daartoe dat 'n persoon 'n groter rol kan speel in die industriële en tradisionele gemeenskappe om bepaalde doelwitte te bereik en sodoende 'n beter kans staan om werk te bekom.

'n Inligtingsgeletterde persoon is "...flexible, can adapt to change and are able to function independently and in groups". So 'n persoon leer dus om te leer, oplossings te vind en by te bly met die nuutste ontwikkelinge en die verband te sien tussen die wêreld en studieomgewing. Soos reeds genoem, dit vereis egter dat 'n persoon moet verstaan wat gelees en geleer word, in staat wees om "...to see patterns and relationships between facts and ideas, and to use facts as tools for understanding and organizing concepts and principles" (Colorado Education Media Association 1994:3).

Inligtinggeletterdheid bring mee dat 'n persoon veral op funksionele gebied kan funksioneer, soos byvoorbeeld om deel te neem aan sosiale en politiese aspekte (byvoorbeeld. die stem/invul van vorms) en dus deelneem aan 'n demokratiese proses soos aangetoon deur die VSA se verklaring van Menseregte "...everyone has the right to freedom of opinion and expression; this

right includes freedom to hold opinions without interference and to seek, receive and impart information and ideas through any media and regardless of frontiers" (McBride, 1980:137).

Inligtinggeletterdheid keer dat die mens in 'n semi-ongeletterde toestand verval. Dit is die weg na kennis en self-ontdekking en om veral die aanslae van die lewe beter te hanteer wat veral vir ontwikkeling "...As ek nie die betekenis van klank nie ken nie, sal ek vir die spreker 'n vreemdeling wees, en die spreker sal vir my 'n vreemdeling wees" (Bybel:1 Kor 14:11).


'n Mens word beter voorberei vir die toekoms want beter begrip en insig in die lewe word ontwikkel deur verkryging van inligting. Inligting verskaf kennis - daarmee saam gaan gepaard kennis en insig wat meebring dat ervaring opgebou word die gehoorgestremde van kardinale belang is.

## 3.10 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande studie blyk dit duidelik dat inligtinggeletterdheid vele voordele meebring. Hiermee word dus die formulering van 'n teoretiese raamwerk gelê vir die gehoorgestremde. In die volgende hoofstuk word inligtinggeletterdheid met betrekking tot veral die gehoorgestremde bespreek. Inligtinggeletterdheid is 'n proses is wat gepaard gaan met houdings, verwagtinge, gedragspatrone sowel as spesifieke vaardighede wat verband hou met die gesproke taal. Dit bring 'n magsgevoel en selfvertroue; bevorder die kwaliteit van lewe en denke en is 'n interaksie en kommunikasie wat lei tot beter produktiwiteit en voorspoed.

Gemelde inligtinggeletterdheidsfaktore en belemmerende faktore hou implikasies in vir veral die gehoorgestremde persoon. Dit is egter nie maklik om te verstaan hoe inligting georganiseer en versamel word nie. Soos wat 'n persoon ouer word en ontwikkel, speel inligting 'n àl groter rol in 'n persoon se lewe en benodig so 'n persoon benodig sekere vaardighede ten einde inligting te verkry; te ontsluit en toe te pas.

Diagram 1 toon aan dat inligtinggeletterdheid gesien kan word as 'n kontinuum wat beweeg vanaf die proses van geletterdheid na inligtinggeletterdheid wat veral bereik kan word deur die toepassing van inligtingopvoedingsprogramme.




Die diagram dui navorser se eie voorstelling van die proses van kontinuum van geletterdheid tot inligtinggeletterdheid wat in hoofstuk 5 deeglik bestudeer gaan word as 'n raamwerk of model wat gevolg kan word ten einde die vlak van inligtinggeletterdheid te verhoog.

Daar kan enkele opmerkings gemaak word soos dat daar verskillende vlakke van geletterdheid is wat bestaan uit verskillende soorte geletterdheidsvorme. Gebruikersopleiding lei tot inligtingsopvoeding en programme waardeur 'n persoon inligtinggeletterd kan raak sodat so 'n persoon weet wat inligting is, waar dit is, hoe om dit aan te wend en toe te pas en al die vaardighede, houdings en gesindhede wat nodig is om dit te bereik.

Na aanleiding van navorsing gedoen op die Internet, is die volgende stelling opgelewer oor die waarde van inligtingsopvoeding.. Dit moet poog om "...to ensure that all young people, independent of their ability or background are able to have access to the tools that will help them

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

to develop the skills and knowledge necessary to work and go about their normal daily life in the information society" (Cresson & Bangeman, 1995. URL:http://www.espo.cec.be/infosoc/ URL:promo/speech/speech/eurim).

Inligtingsopvoeding is dus gerig op die bevordering van inligting as menslike fenomoon; die bewusmaking van inligting as sulks; die toerus van vaardighede wat nodig is en die bevordering van 'n inligtingskultuur (Marais, 1992:75).

## 3.11 SLOT

Inligtinggeletterdheid keer dat die mens in 'n semi-ongeletterde toestand verval. Dit is die weg na kennis en self-ontdekking en om veral die aanslae van die lewe beter te hanteer wat veral vir ontwikkeling "...As ek nie die betekenis van klank nie ken nie, sal ek vir die spreker 'n vreemdeling wees, en die spreker sal vir my 'n vreemdeling wees" (Bybel:1 Kor 14:11).

'n Mens word beter voorberei vir die toekoms want beter begrip en insig in die lewe word ontwikkel deur verkryging van inligting. Inligting verskaf kennis - daarmee saam gaan gepaard kennis en insig wat meebring dat ervaring opgebou word die gehoorgestremde van kardinale belang is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 4

# INLIGTINGGELETTERDHEID EN DIE GEHOORGESTREMDE PERSOON

## 4.1 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

In die voorafgaande hoofstukke is die temas van inligtinggeletterdheid en gehoorgestremdheid bespreek en die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon hoe die twee temas van die studie, van belang is vir die gehoorgestremdes ten einde inligtinggeletterd te raak.

Inligtinggeletterdheid vir die gehoorgestremdes word bespreek aan die hand van die belang daarvan vir die gehoorgestremdes deur die veranderlikes te bespreek wat 'n bepaalde invloed het op inligtinggeletterdheid. Ander aspekte wat ook bespreek word, sluit die volgende in: implikasies en voordele van inligtinggeletterdheid en rolspelers wat 'n rol speel in die lewe van die gehoorgestremdes.

Die hoofstuk word opgevolg met faktore wat gehoorgestremdes benodig ten einde inligtinggeletterd te raak en dit word afgesluit met enkele samevattende opmerkings.

## 4.2 DIE BELANG VAN INLIGTINGGELETTERDHEID VIR GEHOORGE-STREMDES

Tye-Murray (1999:2) dui aan dat blindheid 'n sigbare verlies is, teenoor gehoorverlies wat onsigbaar is. By die horende kind, speel die eerste vyf jaar van 'n kind se lewe 'n groot rol wanneer blywende indrukke en bepaalde gewoontes vasgestel word (Hart, 1978:34).

Alhoewel die meeste mense die vermoë het vir verstandelike funksies (soos doelbewuste geheue, organisasie en leer), kom dit slegs na vore deur middel van 'n aangeleerde proses soos Vygotski (in Nowell & Marschak, 1994:16) dit stel "being taught or mediated". Een van die aangeleerde prosesse is die vermoë om te luister. Die luisterproses by die horende kind is 'n natuurlike vorm om taal waar te neem en word veral deur interaksie met familie aangemoedig wat bydra tot die kind se taal- en geletterdheidsontwikkelingsproses. In gevalle waar die gehoorgestremde kind egter nie kan staatmaak op die luisterproses nie, sal op ander prosesse staatgemaak moet word. So sal die aspek van lees meebring dat die gehoorgestremde kind talle dinge aangaande

hom/haarself, die omgewingswêreld en hom/haar sal leer en ook leer om verbeeldingryk te ontwikkel wat sal meebring dat die lewe meer sinvol ervaar kan word.

Die opvoeding van die gehoorgestremde kind moet dus sodanig wees dat die kind tot sy of haar volle potensiaal kan ontwikkel, onafhanklik kan raak en in staat kan wees om later in die volwasse lewe 'n beroep uit te oefen. Akademiese opleiding is dus van kardinale belang. Totale kommunikasie tuis en by die skool lei tot vordering by alle kinders (Luterman, 1986:94). Die erg gehoorgestremde kind benodig baie stimulasie en blootstelling, veral aangesien sodanige individue sekere probleme, soos byvoorbeeld om abstrakte dinge te begryp en in woorde om te sit, ervaar.

Sodra 'n gehoorgestremde kind inligtinggeletterd is en oor funksionele vaardighede besit, sal so 'n persoon in staat wees om deel te neem aan gemeenskapsaktiwiteite, doeltreffende besluite te neem, vir sekere regte op te staan, asook in staat wees om hom/haarself op alle gebiede te laat geld.

Indien die gehoorgestremdes se vlak van inligtinggeletterd kan verhoog, sal hulle 'n meer effektiewe en nuttige bydrae tot die gemeenskap kan lewer. Daar bestaan geweldig kompetisie in die privaat sowel as besigheidssektore, en indien die gehoorgestremde nie voldoende opgelei is nie, sal so 'n persoon beperk wees tot net sekere beroepe soos byvoorbeeld handwerk, tuinwerk en dies meer.

Suid-Afrika se diverse kulture en veelvuldige tale skep vir die gehoorgestremde persoon addisionele probleme, soos die voorsiening van tolke, gespesialiseerde opleiding, hetsy op skoolvlak en tersiêre gebiede en geskikte werksgeleenthede. Daar sal in hoofstuk 5 melding gemaak word van die huidige situasie in Suid-Afrika rakende die GROEN en WITSKRIF met betrekking tot gestremdes.

## 4.3 BELANGRIKE VERANDERLIKES TEN OPSIGTE VAN INLIGTINGGELETTERDHEID VIR GEHOORGESTREMDES

Paul en Jackson (1993: 12) verwys na bepaalde fundamentele aspekte van gehoorgestremdheid en spesifiek na een, naamlik "...one and one only! Language, and then language - spoken, spelled, or written and the power to read, and the power to understand what is read. Other

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

requirements will then follow more easily and with greater results than now attained". Hier word verwys na die aspekte van kognisie, assimilasie, gedagte, balansering van verhouding tussen die individu en die omgewing (Paul & Jackson, 1993:92-95).

Die eerste veranderlike wat bespreek gaan word, is die aspek van taalvaardigheid, die ontwikkeling daarvan en die invloed daarvan op gehoorgestremdes.

### 4.3.1 TAALVAARDIGHEID

Die invloed van taalverwerwing is vroeg reeds bestudeer, onder andere deur Psammetichus I, 'n Farao van die antieke Egiptiese tye (Schirmer, 1994:4). Eers in die laat negentiede eeu is dit egter op sistematiese wyse bestudeer en wel met betrekking tot die ontwikkeling op sintaksis semantiek.

Highfield (1999:8) maak die stelling dat lank voordat 'n baba sy of haar eerste woord uitspreek, hy of sy reeds 'n oor het vir die moedertaal wat in die huis gebruik word. Dit onderskryf die wonder van gehoor. Op die ouderdom van 4 ½ maande herken 'n baba alreeds 'n onvoltooide sin en op ses maande kan 'n baba klanke van 'n vreemde taal herken. Op die ouderdom van 7 ½ maande kan so 'n baba ook onderskei tussen fonetiese soortgelyke klanke, byvoorbeeld "hat" en "sat" in die Engelse taal.

Schirmer (1994:6) wys daarop dat daar 'n verband is tussen taalverkryging en kognitiewe ontwikkeling. Highfield (1999: 8) bevestig ook hierdie stelling en meld dat akademiese mislukking veral op die swak of onvolledige verwerwing van taal gebasseer is, wat weer onderhewig is aan lae intelligensie, fisiese gebreke, gehoorverlies, onvoldoende onderrig en ouers wat te veel ambisie besit.

Onder leiding van Dr Dorothy Bishop aan die Oxfordse Universiteit (Highfield, 1999:8) is daar tot die slotsom gekom dat vanaf die oomblik wat daar vasgestel is dat die kind by geboorte nie kan hoor nie, die boodskap nie doeltreffend by die brein uitkom nie. Die kind word dus nie in staat gestel om denkvaardighede te ontwikkel nie en dit word dan ook in die taal weerspieël. In die geval van 'n kind met 'n gehoorverlies, is die implikasies selfs meer omvattend. Dit blyk dat die taalbasis die regte denkproses moet skep, wat weer op sy beurt lei na strategieë om byvoorbeeld te leer lees. Sodoende word inligtinggeletterdheid beïnvloed. Dit is baie belangrik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir skole om op die taalbasis van 'n kind voort te bou "...whatever language a child has developed" (Cooper, 1993:10). Dit is moeilik om altyd taalprobleme, taalfunksies of inhoudsgebondenheid te verklaar, maar dit blyk duidelik dat sekere taaltekortkominge tot latere probleme van skryf en lees kan lei (Highfield, 1999:8)).

Ouers speel 'n belangrike rol in die taalontwikkeling van die kind, hetsy horend of gehoorgestremd en die ouer het 'n bepaalde verantwoordelikheid om soveel taal as moontlik by die gehoorgestremde kind tuis te bring, deur byvoorbeeld vanaf babadae met die baba te praat (Schirmer, 1994:19). In die geval van die gehoorgestremde kind, is dit belangrik om so 'n kind so gou as moontlik met 'n apparaat toe te rus. Sodoende kan die gehoorgestremde kind so vroeg as moontlik aan klank gewoond raak, al is die proses stadiger as by 'n horende kind.

Bader (in Hull, 1998:121) beklemtoon dat taalontwikkeling van 'n kind gesien moet word in die lig van sy totale omgewingsontwikkeling en leeromgewing wat in die vroeëe kinderjare plaasgevind het. Figuur 4.1 dui aan hoe die taalproses verbind is met ander prosesse. Die invloed van taal op veral die vermoë om te skryf en lees gaan vervolgens bespreek word, om aan te toon dat dit een van die faktore is wat die vlak van inligtinggeletterdheid by die gehoorgestremde persoon kan beïnvloed.

Rakende die *taalontwikkeling*, vra Marschark (1997:87) die vraag of gehoorgestremdes taal op dieselfde wyses aanleer as horendes? Hier word byvoorbeeld onder andere verwys word na teenstrydige menings of die orale taal of gebaretaal die beste kommunikasiemiddel vir gehoorgestremdes is. Dit is 'n onderwerp op sy eie en het eie meriete en nadele volgens talle navorsers.

Soos reeds gemeld, gebruik babas babbeltaal nie soseer om aanvanklik te kommunikeer nie, en berei dit hulle voor vir taal. Dit vind natuurlik plaas, ongeag die omgewing of gehoorstatus (Marschark, 1997:90). Slegs wanneer die baba grootword, kan 'n onderskeid getref word tussen die gebabbel van 'n horende baba teenoor dié van 'n gehoorgestremde baba. Die gehoorgestremde baba toon 'n besliste agterstand, maar indien daar vroeë ingryping plaasvind, kan die baba met die orale taal begin grootword. Mens kan egter ook die meriete insien van gebaretaal, aangesien sulke babas wat met gebare en handtekens grootword, waarskynlik gouer in staat is om te kommunikeer. 'n Mens se taalbasis word egter in die eerste 0 tot 6 jaar gevorm, en die navorser huldig die mening dat babas eerder oraal moet grootword indien moontlik, veral


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangesien die oorgrote meerderheid van die bevolking orale taal gebruik.

### 4.3.2 LEESVAARDIGHEID

Reeds in 1756 gee William Godwin (in Pumfrey, 1991a:1) 'n treffende aanhaling oor die waarde van lees "...he that loves reading has everything within his reach. He has but to desire and he may possess himself of every species of wisdom to judge and power to perform". Later noem Neyhuss en Austin (1978:321) dat baie min navorsing nog gedoen is op die gebied van gehoorgestremdes rakende die proses van lees en skryf. Hulle beklemtoon ook die feit dat daar vasgestel moet word wat die gehoorgestremde persoon se opvoedkundige geskiedenis, graad van gehoorverlies, spraak- en taaldiskriminasie, spraakleesvermoë en ander vaardighede is, alvorens daar 'n program vir die gehoorgestremde se leesverwerwing ontwikkel of verbeter kan word (Neyhuss & Austin, 1978:328).

Die mens word nie gebore as 'n leser nie en die taalbasis skep die regte *denkproses,* wat weer op sy beurt lei na die *strategie om te leer* lees, soos gesien kan word in figuur 4.1.





Figuur 4.1: Sosio-sielkundig lingüistiese standpunt van die taalproses (verwerk uit Sampson, 1991:311).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Figuur 4.1 dui aan dat die leesproses ontstaan uit die taalbasis wat die kind ken, en die skole moet daarop voortbou uit die ervaring van die kind, want die kind het die reg om sy/haar geletterdheid voort te bou uit die taalstruktuur wat hy/sy ken (Sampson, 1991:311). Schirmer (1994:113) wys daarop dat lees 'n proses is van interaksie tussen die leser en die teks. Lees lei tot die uitbreiding van gedragspatrone en vaardighede en stel die gehoorgestremde persoon in staat om bokant die gehoorverlies uit te styg en probleme op te los, al lees en vorder elke kind teen sy/haar individuele spoed. Marschark (1997:136) vestig weer die aandag op verskillende vaardighede soos "...the ability to distinguish arbitrary marks on a background, whether stone, paper, or computer screen"

Volgens Crandall (in Neyhuss & Austin, 1978:319) toon die horende persoon komplekse gedragspatrone wat outomaties geskied, sonder dat 'n persoon bewus is daarvan. Hier word verwys na taal wat gebaseer word op die ouditiewe sowel as die visuele aspek. Die ouditiewe aspek verwys na die orale taal wat die horende persoon moeiteloos aanleer, terwyl dit baie moeilik vir die gehoorgestremde is om dit aan te leer. Die tweede aspek naamlik die visuele taal, verwys na die gebruik van gebaretaal, en die mening word uitgespreek dat die meeste gehoorgestremdes dit moeiteloos kan aanleer.

Sampson (1991:14) dui aan dat die proses van lees nie los gesien moet word van die proses van skryf, praat, denke en redenasievermoëns nie.




Figuur 4.2: Kommunikasieproses in verhouding tot geletterdheid (verwerk uit Sampson, 1991:14).

Figuur 4.2 dui die kommunikasieproses in verhouding tot die ontwikkeling en ontdekking van die geletterdheidsproses aan deur middel van lees wat in allerlei vorme voorkom vanaf gedrukte vorm tot tydskrifte, gedigte waar die leser kennis maak met letterkundige opinies van ander (Sampson, 1991:14). Dit manifesteer ook in kuns, musiek en drama. Webster (1986:149) beklemtoon ook die kind se vermoë om te interpreteer, dink en te redeneer. Dit is dus nodig dat die gehoorgestremde persoon moet poog om te hoor, hetsy met versterking, kogleêre inplanting en spraaklees ten einde beter te kan verstaan wat daar gelees word. Lees behels die gebruik van simbole, beperkte stel klanke, woordeskat, ordening van woorde en sinne en reëls vir die gebruik daarvan in sosiale konteks, soos ook deur Marschark (1997:136) onderskryf word.

Dit is 'n feit dat gehoorgestremdes, al dra hulle gehoorapparate, dikwels agterstand toon in vergelyking met horende kinders (Tye-Murray, 1999:245). Dit is nodig om te kyk na die waarde van lees, ten einde vas te stel of dit vir die gehoorgestremde persoon kan help om sy of haar vlak van inligtinggeletterdheid te verhoog. Die waarde van lees word deur sekere outeurs soos volg aangedui:

- Rosenblatt (in Cooper, 1993:18) maak die stelling dat 'n persoon leer om te ontspan en dat die verbeelding geprikkel word om te ontvlug van die beperkings van tyd, plek en omgewing.
- French (1990:4) meen die natuurlike nuuskierigheid word bevredig aangesien 'n persoon meer inligting wil bekom oor byvoorbeeld vaardighede soos koekbak, houtwerk, kleremaak en stokperdjies. Dit word ontwikkel en aangemoedig en sodoende kan mens al meer belangstellingsvelde ontdek. Daar word ook alternatiewe oplossings tot lewensprobleme gevind.
- Rosenblatt (in Cooper, 1993:18; Potgieter, 1992:13 & Bernstein, 1983:21) meld dat deur te lees, 'n persoon leer om sensitief en ontvanklik te wees vir ander persone se behoeftes, lewenswyse, kultuur, vrese, hoop, verwagtings en probleme.
- Die Wetenskaplike Raad vir Geestelike Navorsing (1989:15) beklemtoon die feit dat 'n persoon bewus kan word van geleenthede om verder te studeer, persoonlik te groei en meer selfstandig te wees en daarvolgens op te tree
- Hart (1978:34) beklemtoon weer dat 'n persoon sosiaal, kognitief en emosioneel kan ontwikkel, wat saamhang met die ontwikkeling van oog-, handkoördinasie, leesproses van links na regs en die bemeestering van die logiese proses van volgorde.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Marshall (1981:124) benadruk ook dat 'n persoon bewus kan word van verdere geleenthede vir opvoeding, veral as daar byvoorbeeld vir die jonger kind voorgelees word. Sodoende leer die kind om die visuele met die ouditiewe te verbind. Vir die gehoorgestremde is hierdie aspek van belang, want die kind leer om assosiasies te vorm om makliker te kan verstaan wat bedoel word.
- Strydom (1993:21) is van mening dat funksionele vaardighede deur lees aangeleer kan word, soos om geldaspekte, kalenders en datums, openbare tekens en simbole, telefoongids, woordeboeke en voltooiing van vorms te hanteer.

Daar is verskillende soorte leesprogramme wat van toepassing is op verskillende ontwikkelingstadia van 'n kind, soos aangedui deur Hugo (1987:110-112) en is dit veral in belang van die gehoorgestremde om aan die volgende aandag te skenk:

- *Ontwikkelingslees* bevorder die lees van 'n bekende taal wat rondom die kind se ervaringsveld en taalbegrip gebaseer is.
- *Funksionele lees* is die lees van materiaal wat die kind in staat stel om kennis in te samel en dit toe te pas. Dit het te make met daaglikse lewensituasies soos die invul van vorms, lees van resepte, volg van instruksies, verstaan van padtekens, koop van kruideniersware, en dies meer.
- *Lees vir plesier* is gerig op die kind se belangstellingsvelde. Hierdie vorm van lees is baie belangrik want dit kan die kind stimuleer om meer te lees en derhalwe sy/haar taalvaardigheid, vlak en begrip te verhoog.

Alvorens die gehoorgestremde kind se leesstadia bespreek kan word, is dit nodig om die horende kind se leesstadia te bespreek. Verskeie outeurs dui die horende kind se leesstadia verskillend aan en daar gaan na enkele outeurs se menings gekyk word. Volgens Chall (in Wagner, 1987:69) is daar bepaalde leesstappe by horendes, kom daar op elke *vlak* 'n bepaalde leesgraad voor, en word die waarde en belangrikheid van lees uitgelig:

- Stadium 0 is die voorskoolse lees waar daar onder die eerste graad gelees word, waar die kind blootgestel word aan die aard en voorkoms van die gedrukte woord. Die kind leer byvoorbeeld om sekere simbole en tekens te herken en selfs om sy/haar naam te skryf.
- Die eerste stadium is waar die kind begin om te lees en die klanke te verbind aan die

bepaalde skrif deur middel van die alfabet, die vaardighede om dit neer te skryf, asook om eenvoudige tekste te lees. Die kind is in staat om ongeveer 1000 woorde van algemene belang te lees.

- Die tweede stadium word verbind aan die aspek van vlotheid en hier leer die kind om sinvolle betekenis te heg aan die gedrukte woord. Teen die einde van hierdie stadium kan die kind ongeveer 3000 bekende woorde lees.
- Die derde stadium word gekoppel aan die vemoë om nuwe inligting te lees, dit te dekodeer en sodoende maak die kind kennis met nuwe inligting, idees, houdings en waardes. Daar vind dus 'n groei plaas met betrekking tot die kind se agtergrondskennis, woordeskatbetekenis en kognitiewe vaardighede.
- Die vierde stadium is op hoërskoolvlak waar die kind 'n wye verskeidenheid van komplekse materiale kan absorbeer, kennis maak met verskillende standpunte, begrip toon en krities sowel as letterlik kan beoordeel.
- Die vyfde stadium is die proses van konstruksie en herkonstruksie, en verwys na die jongmens op tersiêre vlak wat gewoonlik lees ter wille van self-kennis, ontwikkeling, opleiding hetsy professioneel, persoonlik of siviel. Die jongmens se kennis word integreer met dié van ander en hy/sy leer om nuwe kennis te skep.

Pumfrey (1991a:97) verdeel die ses leesstadia volgens *ouderdomsgroepe* in:


- 0-5 jaar as tydperk van voorlees. Die kind ontwikkel gesproke taal en word bewus van die gebruik van simbole om voorwerpe en gebeure uit te druk, dws. letters, frases en sinne en die verbintenis tussen die woorde en die fisiese voorwerpe word herken.
- 5-7 jaar as die tydperk waar geleer word om te lees. Letters word met klank geassossieer en gebruik om betekenis aan geskrewe woorde te heg.
- 7-9 jaar as periode van uitgebreide lees. Eenvoudige boeke wat dikwels gebaseer is op bekende aspekte, en waar die leesproses outomaties begin plaasvind, word gelees en die leesspoed versnel.
- 9-13 jaar is die tyderk waar daar gelees word om nuwe begrip te ontwikkel en word kennis sodoende uitgebrei.
- 13-18 jaar is die tydperk van waardering van getuienis en argumente en die leser kan teenstrydige dinge teen mekaar begin opweeg.
- 18+ jaar is die tydperk van konstruksie en rekonstruksie van begrip ten einde oordeel,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook oor bepaalde outeurs, te vorm. Die leser se kennis, oordeel, geloof en waardes word getoets.

Webster (1986:102) huldig die mening dat lees komplekse intellektuele prosesse behels soos visuele persepsie, patroonherkenning, woordidentifikasie, kort- en langtermyngeheue, begrip, taal, denke en redenasievermoëns. Daar kan veelvuldige faktore wees wat bydra tot probleme om te lees, soos beskryf word deur Webster (1986:103; Paul & Quigley, 1994:149-153), wanneer daar na verskillende leesstrategieë verwys word:

- *"Bottom-up models of reading"*: Dit behels dat lees beskryf kan word as 'n stadium van 'n hiërargie waar elke stadium 'n spesifieke uitkoms toon en waarvan die insette dan lei na die volgende vlak, waar die volgende begripsproses plaasvind. Dit beteken eenvoudig dat 'n leser 'n sin stap vir stap sou volg soos in die sin "I had an apple for lunch". Hierdie metode van lees kan gesien word in figuur 4.3




Figuur 4.3: *"Bottom-up"* leesmodel (Webster, 1986:104).

Figuur 4.3 toon die proses van lees as die metode waarvolgens daar van letterstekens, na letters beweeg word, dan na woorde, dan sinne totdat daar uiteindelik 'n betekenis gevorm word (Webster, 1986:104). Wray & Medwell en Medwell (1991:98) dui weer op sy beurt die *"bottom-up"* leesmodel soos volg aan:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 4.4: *"Bottom-up"* leesmodel (Wray & Medwell, 1991:98).

Daar word in figuur 4.4 aangedui dat die gedrukte woord eers onderskei moet word, daar dan 'n verbintenis moet plaasvind tussen fononemene wat dan saamsmelt met die uitstpraak totdat daar 'n sinvolle betekenis daaraan geheg kan word.

Paul & Quigley (1994:153) verwys na ander teorieë wat ook gehandhaaf word, naamlik die van interaktiewe metodes soos die "text-based, reader-based and context- (or task-based). Hierdie *teksgebasseerde* metodes behels die gebruik van woordeskat (woordkennis), grammatika (fonologie, morfologie en sintaks) van die taal en ortografie (soos opskrifte, parantesis ens).

Die *leesgebasseerde* metodes behels die leser se eertydse kennis, metakognitiewe vaardighede, motivering en belangstellings. Die *konteksgebasseerde* metode verwys na die doelstelling van lees, die omgewing waar die leesproses plaasvind en instruktiewe faktore, dit wil sê of die leser weet wat van hom /haar verwag word (Paul & Quigley, 1994:155). Hierdie selfde outeurs (1994:187) beveel aan dat daar nog baie navorsing gedoen moet word rakende die aspekte, aangesien daar 'n behoefte is om die verwantskappe vas te stel tussen die aspekte van teorie, navorsing, toetsing, kurrikulum en instruksie.


Webster (1986:105) verduidelik dat letteraspekte dui op letters, wat lei na woorde, dan sinbetekenis, en dan na teksbetekenis. 'n Mens moet dus oor visuele persepsievemoëns beskik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om hierdie manier van lees te volg, maar daar kan nie summier aangevoer word dat 'n gebrek in hierdie vermoëns noodwendig lei tot gebrek aan leesvermoëns nie. Die skrywer is ook van mening dat "klank" 'n rol speel in identifikasie van lees in dié opsig dat die leser 'n bepaalde stel reëls volg om letters uit te spreek, insinuasie en volgorde aan te toon (Webster, 1986:107). Die aspek van fonetiek is ook ter sprake, aangesien daar nie sommer aangeneem kan word dat die leser daardeur woorde makliker sal kan onderskei nie (Webster: 1986:111).

- *"Top-down models of reading":* Hierdie proses behels dat die leser die leesproses benader met 'n spesifieke doelwit voor oë, met ander woorde, die leser wil iets spesifieks vind. Die gehoorgestremde kan 'n leemte ondervind by hierdie proses.

Die leser se ervaring, ondervinding van taal, wêreld en kognitiewe strategieë speel hier 'n groot rol, soos gesien kan word in figuur 4.5.





Figuur 4.5: *"Top-down"* leesmodel (Webster, 1986:113).

In figuur 4.5 word beklemtoon dat die visuele and klankaspekte van letters in woorde lei tot woorde en sinne in konteks, wat dan weer lei tot bepaalde hipoteses oor die betekenis van die teks (Webster, 1986:113). Waar hierdie leemtes dus by die gehoorgestremdes ervaar word, moet daar gepoog word om hierdie leemtes aan te vul, ten einde die leser te help om allerhande wenke in die letters en woorde te volg met die oog daarop om bepaalde betekenis te heg aan dit wat gelees word.

Figuur 4.6 toon 'n ander voorstelling van die *"top-down"* leesmodel aan.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 4.6: *'Top-down"* leesmodel (Wray & Medwell, 1991:99).

Daar word in figuur 4.6 aangetoon dat vorige ondervinding, verwagtings en taalaanvoelings 'n rol speel in die herkenning van die gedrukte woord wat lei tot betekenis en dan tot moontlike klank en uitspraak (Wray & Medwell, 1991:99).

Webster (1986:117) is van mening dat beide bogenoemde twee metodes gelyktydig gevolg kan word.




Figuur 4.7: Verhoudingsproses (verwerk uit
Webster, 1986:106).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In figuur 4.7 word daar gesien dat taal gesien moet word in samehang met uitspraak, grammatika en betekenis met hul onderskeie komponente soos by:

- uitspraak waar fonetiek en fonologie geld;
- grammatika waar morfologie en sintaksis ter sprake is, en
- betekenis waar woordeskat en gesprekvoering die gevolg is (Webster, 1986:106).

Webster glo dit is alles moontlik, aangesien die leser oor verskillende bronne van inligting beskik, naamlik letters, klanke, frases en dies meer en terselfdertyd voorspellings kan maak uit dit wat hy/sy lees.

By die gehoorgestremde is die leesprosesse egter nie so eenvoudig nie, en word die leesstadia by die gehoorgestremde kind dus beperk: Dit is baie moeilik om presies vas te stel hoe 'n mens lees en watter faktore 'n rol speel. Daar is talle faktore wat die wyse van lees van 'n persoon beïnvloed (Webster, 1986:157). In hierdie studie gaan daar nie intensief gekyk word na die leesproses en skryfproses nie, maar gaan enkele opmerkings wel gemaak word.

Die gehoorgestremde kind het net eenvoudig nie dieselfde begrip as die horende persoon met betrekking tot die leesproses nie (Webster, 1986:151). Daar is byvoorbeeld gedeeltes van spraak wat die gehoorgestremde persoon nie kan verstaan wanneer daar gepraat word nie, en wat ook nie in die leesaspek gemanifesteer word nie. Hoe meer beperk die gehoorgestremde se taalstruktuur is, hoe meer sal so 'n kind sukkel om te lees en ook om te skryf. Dit verklaar dus hoekom die meeste gehoorgestremde kinders meer staatmaak op die visuele aspekte soos gebaretaal, eerder as om te konsentreer op die lees- en skryfaspekte (Webster, 1986:151).

Tye-Murray (1999:426) dui daarop dat leesprobleme veral ontstaan weens die kind se gebrek aan algemene kennis en van dinge wat rondom hom/haar gebeur. Hier word verwys na gebeure wat oor die televisie gebeeldsend word of wat in koerante gepubliseer word. Dit bring mee dat as die gehoorgestremde kind nie perspektiewe vanuit 'n ander oog kan beskou nie, dit vir so 'n persoon moeilik is om geskrewe woorde te verstaan of waarde daaraan te heg.

Marschark (1997:141-145) lig verskillende aspekte van lees uit wat 'n rol speel by die gehoorgestremde, naamlik:

- Fonologiese kennis en spelling: Ten einde fonologie te verstaan, moet die kind kan hoor en blyk dit dat die spelvaardighede op 'n later stadium ontwikkel as dié van die horende kind. Derhalwe is dit belangrik dat die kind se gehoorverlies so vroeg as moontlik geïdentifiseer moet word en toegerus word met versterkte apparate en/of koglêre inplantings om die gebrek aan klank te oorkom.
- Woordeskat en kennis van die wêreld: Dit behels die blootstelling aan taal, lees, stimulasie en interaksie met mense. Dit is so dat die gehoorgestremde probleme mag ondervind met die abstrakte vorme, aangesien 'n gehoorgestremde persoon beter vaar met enkelvoudige begrippe, en veral waar die fisiese voorwerp getoon kan word om sodoende assosiasie en herkenning te bewerkstellig.
- Grammatikabegip: Daar bestaan talle teenstrydige menings, maar die algemene gevoel is dat die gehoorgestremde kind aan soveel as moontlike opvoedkundige basisse bekend gestel behoort te word, hetsy, oraal of gebaretaal.

Weereens, dit verskil van die individue tot individu en dié se motivering, agtergrondsbasis en omgewing waaruit die kind kom, die verwagtinge wat aan die kind gestel word, en dit wat die kind self wil bereik. Elke kind het ook bepaalde positiewe en negatiewe aspekte rakende leesvermoëns. Leerlinge mag ook teleurstelling en frustrasies ondervind, wat die vorderingsgehalte kan vertraag (Pumfrey, 1991b:6).

As 'n gehoorgestremde kind dus 'n probleem met die taalsimbole ondervind, dit nie kan herken nie, word die leesaspek 'n taalleer-probleem (Webster, 1986:152). So 'n kind moet dus gehelp word met die proses hoe om te leer. Daar moet ook rekening gehou word met die feit dat selfs horende kinders met die leerproses probleme kan ondervind.

Die gehoorgestremde kind met 'n matige gehoorverlies sal minder sukkel om te lees en skryf as diegene met 'n erger verlies, aangesien hulle meer in staat sal wees om die taalklank in geskrewe woorde te manifesteer, te herken en toe te pas (Webster, 1986:153). Pumfrey (1991a:131) beklemtoon dat leesprobleme wat by die gehoorgestremde kind voorkom saamhang met die agtergrond en omgewing, en dat lees ook gemanifesteer word met die uitkomste van opvoeding.

Dit is 'n feit dat daar 'n bestaande gebrek aan *geskikte en beskikbare leesmateriaal* vir gehoorgestremdes is, waardeur hul leesvermoëns getoets of geëvalueer kan word, en dat daar leemtes is rakende die opvoedingsaspekte, swak ontwerp van die leerprogram, vaardighede van

die onderwysers en die betrokkenheid van die ouers en gesin (Tye-Murray, 1999:426).

Die stelling kan nou gemaak word dat dit blyk dat deur die leesproses, die kommunikasieproses aangehelp kan word en daar word nou gekyk na die verband tussen lees en kommunikasie.

### 4.3.3 KOMMUNIKASIE EN VERBAND TUSSEN TAAL-LEES-KOMMUNIKASIE

Soos reeds in Figuur 4.2 aangetoon is deur Sampson (1991:14), is dit duidelik dat kommunikasie uit die ontdekkingsfase bestaan wat gemanifesteer kan word in byvoorbeeld die *orale*, die teater en so meer. Dit lei tot self-ontdekking waar 'n persoon kennis maak met ander uitdrukkingsmodaliteite van ander persone en self-uitdrukking in die vorm van kuns, musiek en drama. 'n Persoon word verder verryk deur *lees* wat voorkom in interaktiewe koerante en tydskrifte, gedigte, prosa en so meer. Hierdie aspekte lei weer tot die *kommunikasieproses* waar 'n leser dit wil oordra aan ander.

Coetzee (1977:x) meld dat kommunikasie aanvanklik geskied tussen die kommunikeerder en die ontvanger en wanneer die boodskap verstaan en geïnterpreteer word, is dit suksesvol. Hiervoor is dit nodig dat die ontvanger 'n sekere mate van kennis moet besit en vaardig moet wees in bepaalde denkprosesse. Coetzee (1977:270) dui die volgende aspekte aan wat nodig is om die invloed wat lees op die kommunikasieproses het, uit te lig:

- Mededeler (sit kommunikasieproses aan die gang)
- Enkoderingsaksie (beskikbare simbole wat gebruik word om die boodskap te vorm)
- Boodskap (kan óf gesproke óf geskrewe wees)
- Kanaal/medium (kan óf mondelings óf skriftelik wees)
- Reaksie/terugvoer (is die interpretasie korrek of verkeerd)
- Ontvanger/dekodeerder (taal en begrip is nodig vir die een wat die boodskap ontvang)

Leesgebeure word dus gesien in samehang met die kommunikasieverkeer wat plaasvind binne 'n gemeenskap en/of samelewing (Coetzee, 1977:27) en wat in die orale aspek, lees en skryf gemanifesteer word. Volgens navorsing wat gedoen is, blyk dit duidelik dat lees- en lesersaspekte 'n belangrike rol speel by inligtinggeletterdheid Dit is veral van belang vir die gehoorgestremde kind, aangesien so 'n kind pobleme ondervind met taal, wat ook gereflekteer

word in die kommunikasieproses. Om dus sy of haar kennisveld te verbreed of enigsins toe te lig, is die aspek van lees belangrik, aangesien dit 'n middel is waardeur gebrek aan inligting aangevul kan word. Lees is egter 'n baie komplekse verskynsel wat dikwels afhang van die gemeenskap waarin 'n individu hom/haar bevind.

Reeds vanaf die vroegste tye in die geskiedenis was daar tekens en simbole om kennis en inligting op 'n sigbare manier oor te dra. Hier kan mens maar dink aan die hiërogliewe, Egiptiese skrif, Boesmantekeninge en dies meer (Maybin, 1993:157). Geletterdheid was dus op hierdie maniere aan die samelewing oorgedra. Vir die doel van hierdie tesis gaan daar egter nie breedvoerig ingegaan word op die proses van geletterdheid, die ontstaan daarvan en dies meer nie. Van belang is egter net die wete dat die proses van lees al vroeg in die Weste vanaf 3100 vC ontwikkel het.

Daar gaan dus nou in die breë aandag geskenk word aan die lees- en lesersaspekte, ten einde te bepaal hoe 'n groot rol dit speel by die gehoorgestremde en sy vlak van inligtinggeletterdheid. Die keuse van metode van taalverwerwing toon 'n besliste verband met lees en dus met die verwerwing of verbetering van inligtinggeletterdheid.

Daar bestaan talle menings en verskille oor of die orale onderrigmetode of gebaretaal die beste sou wees vir die gehoorgestremde persoon. In hierdie verband noem Paul & Quigley (1994:35) die volgende kwelvrae wat onbeantwoord is:

- Die keuse van gebaretaal en/ of orale taal en indien wel, verkieslik vanaf watter ouderdom?
- Of dit moontlik is dat gehoorgestremde kinders 'n tweede taal sou kan aanleer?
- Of 'n gehoorgestremde wel geletterdheidsvaardighede kan aanleer?
- Wat die verhouding is tussen taal teenoor dié van kognisie?

Inligtinggeletterdheid is nie net verbonde aan die aspek van orale taal, residuele gehoor, kommunikasie en lees nie, maar ook aan die aspek van skryf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.4.4 SKRYFVAARDIGHEID

Ten einde te kan skryf, is dit eers nodig om te kan lees (Bench, 1992:151). Marschark (1997:145) stel dit soos volg "...the "input" domain of reading is mirrored in the "output" domain of writing". Die gehoorgestremde kind toon 'n agterstand teenoor dié van die horende kind. Met betrekking tot die skryfproses, toon hul skryfvermoë ook sintaktiese foute (Tye-Murray, 1999:426). Om te kan skryf moet die gehoorgestremde persoon oor 'n taalsimboolsisteem beskik.

Die lees- en skryfproses het in gemeen dat by beide die konstruksie van begrip deur teks geimpliseer word, soos aangetoon deur Schirmer (1994:139) en Paul & Quigley (1994:145-147). Die skryfproses behels die volgende aspekte:

- Die proses van beplanning (doelstelling en kennismobilisering).
- Verfyning van betekenis soos wat die proses benader word.
- Inskakeling rakende die verstandhouding jeens die toeskouer of leser.
- Hersiening (die proses van interpretasie, verandering van hipotese, analisering en modifisering van doelwitte.
- Die kontroleringsproses (interaksie met die self om vas te stel of doelwitte wel bereik is).

Daar moet in ag geneem word dat 'n kind gewoonlik die taal aanleer voordat hy/sy leer om te skryf. Dit beteken dat 'n kind alreeds kennis dra van fononeme, morfeme, woorde, sinne, frases en langer gesprekvoeringstegnieke (Crandall in Neyhuss & Austin, 1978:320). Daarmee saam gaan ook die spellingproses en die begripsproses gepaard, wat 'n moeilike proses is (Webster, 1986:202). Die kind kan selfs woorde uitlaat, wat tipies voorkom (Marschark, 1997:147). Die gehoorgestremde kind toon byvoorbeeld ook probleme met die gebruik van grammatika, taalsisteme, sinonieme, antonieme, metafore en dies meer (Tye-Murray, 1999:427).

Dit is wel belangrik om op te merk dat gehoorgestremde persone ook skryf om te kan kommunikeer. Indien gehoorgestremdes nie voldoende versterking (apparate) en/of spraaklees het, volgens Bench (1992:151) nie, benodig hulle beslis skryfvaardighede wat dus ontwikkel en aangemoedig moet word. Hier kan mens byvoorbeeld dink aan die gehoorgestremde persoon wat gebaretaal gebruik en die horende persoon wat hom/haar nie kan verstaan nie, en ook in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geval waar hulle nie spraak kan gebruik nie. Lees en skryf is 'n noodsaaklikheid as kommunikasiemiddel en inligtingsverwerwingsmetode.

Daar is reeds gemeld dat dit nodig is om die behoeftes van lees-, skryf- en begripsvermoëns van die gehoorgestremde kind te ondersoek, sodat vasgestel kan word op welke wyse die vaardighede aangemoedig of verbeter kan word. Die proses van lees verskil van die proses van dekodering, dit wil sê om die korrekte begrip toe te heg aan dit wat gelees word (Webster, 1986:184).

Die gehoorgestremde kind moet dus leer om te skryf met 'n agterstand van die natuurlike aanleerprosesse soos alreeds genoem. Saam met die skryfproses gaan motoriese vaardighede vir die koördinasie met die interne taalstruktuur. Dit verklaar ook hoekom die meeste gehoorgestremdes probleme ondervind met spelling sowel as punktuasies. (Crandall in Neyhuss in Austin, 1978:320). Om skryfvaardighede werklik te benut, beteken dit dat die klankinsette baie belangrik is. Waar 'n gehoorgestremde kind dus swak insette het, word dit veral in die kind se lees- en skryfvermoëns opgemerk.

'n Verdere stremming vir die gehoorgestremde is dikwels dat die motivering om lees en skryf ontbreek vanweë die feit dat die kind daarmee probleme ondervind. Daar sal in die aanbevelings aangetoon word watter riglyne gevolg kan word om die gehoorgestremde kind te motiveer om te lees en skryf, sowel as om die belangstelling daarin aan te moedig.

Die onderwyser wat werk met die gehoorgestremd kind, sal so 'n kind se lees-en skryfvlakvaardighede moet bepaal, alvorens die vaardighede verbeter kan word. Soos alreeds vantevore opgemerk, speel kennis 'n rol, maar as die gehoorgestremde nie kan skryf en lees nie, sal so 'n persoon nie daarby kan baat nie. Bench (1992:155) meld dat daar nie genoeg navorsing gedoen is rakende die skryfproses, die vaardighede, vermoëns en vorderings van die gehoorgestremde nie.

Schirmer (1994:140) beklemtoon egter dat dit WEL moontlik is dat gehoorgestremdes oor kognitiewe vermoëns beskik en bekwame lesers en skrywers kan word en dat mens nie hoef te wag vir 'n bepaalde taalkognitiewe vlak wat eers ontwikkel moet word alvorens 'n persoon sal kan lees of skryf nie. Solank as wat 'n mens *kan kommunikeer*, op *welke metode* ookal, hetsy oraal of gebaar, is dit moontlik om te kan skryf en lees, en dus inligtinggeletterd te raak. Vir die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

erg tot totale dowe persoon mag dit egter moeilik wees om suksesvol te kan leer lees en skryf (Bench, 1992:159).

Ten einde bogenoemde veranderlikes enigsins te kan hanteer, aan te spreek, toe te pas en te verhoog, is dit nou nodig om te kyk na watter vaardighede benodig word ten einde doelwitte te bereik.

## 4.4 ASPEKTE WAT ONTWIKKEL MOET WORD OM INLIGTINGGELETTERDHEID BY GEHOORGESTREMDES TE VERBETER

Aspekte wat ontwikkel moet word om inligtinggeletterdheid by gehoorgestremdes te verbeter, sluit dus die volgende in: lees- en leervaardighede en inligtingontsluiting (Cutlip, 1988:40) en dit word derhalwe nou bespreek.

### 4.4.1 LEESVAARDIGHEID

Coetzee (1983:xi-xiv) verwys na sekere vaardighede of voorwaardes alvorens mens kan verstaan wat daar gelees word:

- Vorm van lees en interpretasie. Is die leser emosioneel en verbeeldingryk en kan die leser feite inneem en betekenis verstaan of nie?
- Is daar motivering om te lees?
- Is die leser ontvanklik? Beskou die leser sekere dinge as waar/onwaar en gaan 'n neutrale houding gekweek word of nie?
- Is daar diepte van interpretasie en in welke mate sal die gehoorgestremde in staat wees om dit wat gelees word, te interpreteer?
- Het die leser ontsyferingsvaardighede – kan die alfabet ontsyfer word en die letters met klank geassosieer word of nie?
- Hoe is die interpretasie van geskrewe teks? Ontbreek die vermoëns by die gehoorgestremde om soos die horende persoon die korrekte afleidings te maak van taal, uitspraak, gesigsuitdrukkings, en sal die gehoorgestremde gebruik moet maak van taalkennis en basis?


- Wat is die houding teenoor lees - word daar gelees vir ontspanning of vir studiedoeleindes?
- Wat is die bestaande kennis van verskillende soorte leesmateriale wat beskikbaar is, hetsy fiksie, nie-fiksie of populêre literatuur?

Levine (in Hutton, 1992:11) stel dit dat leesvaardigheid 'n proses is. Dit is eerstens die herkenning van woorde/simbole wat saamhang met psigologies, taalkundige sowel as sosiale prosesse totdat mens in staat is om 'n volle abstrakte teks te lees. Tweedens behels dit ook kognitiewe vaardighede dit wil sê, verstandelike vermoëns soos opsporing, navorsingstrategieë, kennis van bronne en metodes ten einde inligting effektief te kan ontsluit en te evalueer soos deur Brevik gestel "...for a given need" (Breivik, 1985:723).

Lees impliseer dus 'n sekere kwaliteit denkvermoë en persoonlike ervaring (Hart, 1978:35). Kinders behoort vanaf kleintyd geleer en aangemoedig te word om te lees, deur die gebruik van storieboeke met prente en rympies wat lei tot latere ware leesvaardighede, totdat so 'n kind in staat kan wees om gevorderde leesstof te kan lees. As die kind selfs voorlees en boeke hanteer, kan 'n positiewe lees- en boekegesindheid gekweek word. Figuur 4.8 dui aktiwiteite aan wat verband hou met lees.

Dit sluit aspekte in soos voorlesing, wat dan uitgebrei kan word na vrae en antwoorde, wisselwerking tussen lesers, onderwyser en kind, maak van plakkate en skepping van stories waar die kind aangemoedig kan word om onder andere, te fantaseer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 4.8: Aktiwiteite wat verband hou met voorlees (Smith, 1994:115).

Figuur 4.8 dui dus aan dat lees nie net 'n eenvoudige proses is nie, en dat dit deur talle aktiwiteite aangevul kan word, en ook die liefde vir lees en inligting kan aanmoedig. Goodman, Harste, Woodward & Burke, Heath, Sulzby (in Cooper 1993:9) huldig die uitgangspunt dat kinders in die lees- en skryfprosesse sonder 'n werklike begin- of eindpunt groei, wat reeds *voor* skoolgaande ouderdom plaasvind, namate hulle aan sekere aktiwiteite deelneem en ondervindings opdoen deur middel van kontak met maats en volwassenes. Hierdie blootstelling en stimulasie is baie belangrik vir suksesvolle ontwikkeling van lees- en skryfvaardighede.

Behrens (1990:353) beklemtoon egter dat hierdie vaardighede aangevul moet word ten einde te voldoen aan groeiende ekonomiese vereistes wat aan mense gestel word in die inligtingsamelewing waarin hul hul bevind. Nes 'n horende kind, gaan 'n gehoorgestremde kind deur verskillende stadia van ontwikkeling en opvoeding en kom verskillende geletterdheidsvlakke na vore, wat aansluit by die reeds aangeleerde prosesse waarmee 'n persoon in die omgewing in aanraking kom. Hier word verwys na die ontwikkeling van sekere basiese geletterdheidsvlakke soos lees, syfer- en numeriese vaardighede, soos omskryf word deur Teale en Sulzby (in Cooper, 1993:8) wanneer "...children have mastered a set of basic skills prerequisite to reading". Op elke vlak toon mens verskillende behoeftes waarvan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

samelewing kennis moet neem en daarby aanpas deur die toepassing en aanwending van sekere inligtingsbronne met inagneming van bepaalde ouderdom en behoefte.

Daar moet altyd onthou word dat die gehoorgestremde bepaalde probleme kan ondervind weens die aard, oorsaak en graad van gehoorverlies, tydperk van intervensie en tyd toe met onderrig begin is. Stimulasie is van uiterste belang, sodat die gehoorgestremde kind so gou as moontlik in aanraking kan kom met inligting, al is dit hoe gering.

Geletterdheidsvlakke en leesvaardighede kan slegs deur leervaardighede bereik word en word dit derhalwe vervolgens bespreek.

### 4.4.2 LEERVAARDIGHEID

Ten einde inligtinggeletterd te wees of om die vlak daarvan te verhoog, moet die leervaardighede aangemoedig en ontwikkel word. Moores (1996:171) is van mening dat beskikbare getuienis die bewys lewer dat die toestand van gehoorverlies nie spesifiek die gehoorgestremde beperk rakende sy/haar kognitiewe vermoëns nie, en dat dit ooreenkomste toon met dié van horende kinders en dat opvoeders nie genoegsaam kennis inwin oor gehoorgestremdes nie. Leervaardighede sal meebring dat die gehoorgestremde in staat sal wees om inligting te bekom, ontsluit en toe te pas ter wille van selfverryking, ontspanning en vir persoonlike gebruik.

Die dimensies van leervaardighede omsluit vyf dimensies van denkprosesse (URL:http://www.calvertnet.k12.md.us/instructions/instructstratgies/dol.html). :

- houdings en persepsies rakende leerprosesse
- verkryging, begrip en integrasie van kennis
- uitbreiding en verfyning van kennis
- betekenisvolle gebruik van kennis
- produktiewe gewoontes van die brein

Rakende die *leerfaktore* herbevestig Paul & Quigley (1994:93-94) die verband tussen kognisie, intelligensie en taal, en beveel hulle ten sterkste aan dat daar meer aandag geskenk moet word aan die verbetering van akademiese kwalifikasies, opleiding en metodes. Daar word gewaarsku dat die gehoorverlies die gehoorgestremde se kognitiewe en intellektuele vermoëns nie summier

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tipeer en in 'n bepaalde kategorie geplaas word nie. Gehoorgestremdes moet aangemoedig word om hulle bestaande vermoëns en residuele gehoor te ontwikkel tot die beste van hul vermoë.

Die belangrikste om te onthou, ongeag die kommunikasiemetode, hetsy oraal, gebaretaal, of totale kommunikasie, is dat dit essensiël is om 'n vroeë taalbasis te onwikkel "...at early an age as soon as possible" (Paul & Quigley, 1994:144). Talle suksesverhale word vertel van studente wat erg tot baie erg gehoorverlies getoon het, en 'n orale benadering gevolg het. Daardeur was hulle in staat om byvoorbeeld beter werksgeleenthede te bekom (Paul & Quigley, 1994:125

Daar is ook spekulasies of die gehoorgestremde kind van dowe of horende ouers beter sou vaar? Marschark (1997:140) kan ondersteun word as hy sê dat mens moet onthou dat verskillende omgewingstoestande elk lei na verskillende sterk-en swak punte oftewel resultate. As mens egter kyk na die merkwaardige vordering op tegnologiese gebiede soos kogleêre inplantings, vroeë diagnosering en passing van gehoorapparate wat die kind so gou as moontlik aan klank blootstel, dan word die kanse al hoe beter dat die gehoorgestremde inligtinggeletterdheid kan raak. Veral die gehoorgestremde kind, wat met 'n gehoorverlies gebore word, wat gou geïdentifiseer word en versterking ontvang, maak gouer met klank kennis. Dit bring mee dat so 'n kind gouer spontaan begin reageer, al is die proses aanvanklik stadiger as in die geval van 'n horende kind.

Dit blyk dus duidelik dat daar in die toekoms gepoog moet word om die ouers in te lig, en bewus te maak van alternatiewe opleidingsinstansies en metodes. Mens moet egter in die oog hou in watter land die gehoorgestremde kind hom/haarself bevind en of dit prakties uitvoerbaar en bekostigbaar is. Waar lande voorsiening maak vir erg gehoorgestremde kinders en vertolkers en spesiale opvoeding verskaf, is dit 'n ander saak.

In Suid-Afrika is daar nog talle leemtes, alhoewel daar al meer vordering is en meer erkenning gegee word aan gestremdes op polieke, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige gebiede. Rakende gehoorgestremdes word egter meer voorbrand gemaak vir diegene met gebaretaal as voertaal, eerder as die orale taal. Hier kan maar gekyk word na die rol wat DEAFSA speel. Hulle het daarin geslaag dat die regering gebaretaal as 'n amptelike taal erken.

Daar kan dus nou gekyk word na watter rolspelers 'n vername rol speel by gehoorgestremdes, om hulle in staat te stel om suksesvol in die samelewing aan te pas. Leervaardighede is dus

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

belangrik alvorens die vlak van inligtingeletterdheid verhoog kan word en dit impliseer die gebruik, ontsluiting en toepassing van inligting wat derhalwe nou bespreek word.

### 4.4.3 INLIGTINGONTSLUITING

Die gehoorgestremde moet in staat wees om inligting suksesvol te bekom en effektief te benut, dit krities te evalueer en akkuraat en kreatief toe te pas URL:http://infolit.org/definitions/9standards.htm). Alvorens die gehoorgestremde in staat kan wees om inligting te benut en toe te pas, moet die gehoorgestremde persoon weet hoe die biblioteek, media of inligtingsentrum hulle inligting ontsluit. Gehoorgestremdes moet dus weet hoe werk die katalogusse sodat hulle kan weet waar om inligting te bekom.

Indien gehoorgestremdes nie inligtinggeletterd is nie, en hulle wil byvoorbeeld die inligtingsentrum gebruik of benut, mag hulle onder andere die volgende probleme ondervind:

- Hulle is nie in staat om vrae te vra nie.
- Hulle kan nie die boek vind nie.
- Hulle kan nie met die bibliotekaris of inligtingkundige kommunikeer nie.
- Hulle vind dit te moeilik om die boek/artikel te lees (URL:http://www.asahi-net.or.jp/~gw2f-kbys/defprob-e.htm) .

Dit blyk dus duidelik dat daar talle veranderlikes is wat 'n rol speel rakende inligtinggeletterdheid, en hierdie veranderlikes se implikasies op gehoorgestremdes word nou bespreek.

### 4.4.4 ROLSPELERS WAT 'N INVLOED UITOEFEN OP DIE INLIGTINGGELETTERDHEID VAN DIE GEHOORGESTREMDES

Wanneer die ouers uitvind dat die kind 'n gehoorverlies het, is dit dikwels traumaties en gaan hulle deur 'n moeilike stadium wat eintlik net deur hulle begryp word (Atkins in Hull, 1998:77). 'n Familie word gesien as 'n geheel en elke gesinslid moet en behoort die interaksies en verhouding onder mekaar te ken, te respekteer en te huldig (Schirmer, 1994:239). Dit is uiters belangrik dat kinders wat met 'n gehoorverlies gebore is, so gou as

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moontlik geïdentifiseer moet word en dat hulle gehoor versterk moet word.

As 'n gehoorgestremde kind as 'n onafhanklike wese beskou word, verbeter dit die interpersoonlike verhoudings met alle ander persone. Waar 'n gehoorgestremde kind deur 'n professionele persoon behandel of hanteer moet word, is dit belangrik om te onthou dat die professionele persoon nie *beloftes kan maak nie,* dit wil sê, hulle kan nie belowe dat die gehoorgestremde kind bepaalde vordering of resultate in die toekoms gaan of kan bereik nie. Die professionele mense kan net binne hulle bepaalde vermoëns en opleidingsvaardighede optree (Atkins in Hull, 1998:77).

*4.4.4.1DIE ONDERSKEIE ROLSPELERS*

In tabel 4.1 word 'n aanduiding gegee van die onderskeie rolspelers wat 'n rol speel in die lewe van die gehoorgestremdes. Dit is egter so dat die rolspelers wat betrokke is, nie altyd bewus is van die gehoorgestremde se bepaalde behoeftes nie en hulle dra ook nie kennis van die implikasies van gehoorgestremdheid nie.

| | | |
|---|---|---|
| Ouers en familielede | Administrateurs, koördineerders | Sosiale werkers |
| Verwante familielede | Voorligtingpersoneel | Gemeenskapswerkers |
| Maats en sosiale kennisse | Koshuispersoneel | Gesinsterapeute |
| Onderwysers | Godsdienstige bearbeiders | Staatsrehabilitasiepersoneel |
| Onderwyser-assistente | Gewone personeel | Werkgewers |
| Terapeute, kliniese personeel | Oudioloë | Werktoesighouers |
| Toesighouers | Mediese personeel | Mede-kollegas |

Tabel 4.1: Rolspelers (Neyhuss, 1978:362).

As Tabel 4.1 bestudeer word, kan mens waarneem deur watter verskillende fases die gehoorgestremde persoon beweeg en wanneer watter persone 'n rol speel. Elke rolspeler benodig spesifieke vaardighede, veral in die geval van onderwysers wat in staat sal moet wees om op meer as een vlak die gehoorgestremde persoon te kan hanteer. Persone wat met gehoorgestremde persone werk, sal opgelei moet wees en kennis dra van gehoorgestremdheid, en ook geduldig en gemotiveerd moet wees.

Net soos die horende persoon het die gehoorgestremde persoon ook te make met die psigo-sosiale sfere – hulle beleef ook veranderde wêreldwyses en sienings in terme van hulle behoeftes, belangstelllings, aktiwiteite en sosiale verhoudings (Schmitt & Mercaldo, in Neyhuss & Austin, 1978:359). Derhalwe kan die belangrike rolspelers in die gehoorgestremdes se lewe se taak, nie onderskat of te gering geag word nie.

Die gehoorgestremde benodig rolspelers ten einde te leer lees, te ontwikkel en sy/haar vlak van inligtinggeletterdheid te verhoog. Dit raak veral die aspek van motivering, dit wil sê hoe om die kind aan te moedig om vaardighede aan te leer. Thomas & Loring (1979:69-70) stel baie treffend die waarde van stimulasie, belangstelling en motivering:

*"Knowledge + skills + values + intent + awareness of success = interest*
*Interest + personal needs + aspirations + attitudes = motivation".*

Dit is dus belangrik om daagliks met die gehoorgestremde kind te werk, die regte leesmateriaal, geleenthede en opleiding op elke ouderdom- en ontwikkelingsvlak te verskaf ten einde die kind taalvaardigheid aan te leer, kennis te laat maak met woordeskat om sy/haar omgewingskennis uit te brei, en om kennis te laat maak met verskillende taalstrukture (Cooper 1993:18). In tabel 4.1 is daar 'n goeie 'n uiteensetting van wie almal rolspelers kan wees by die gehoorgestremdes (Neyhuss, 1978:362):

Hoe meer persone/instansies dus betrokke raak by die gehoorgestremde persoon, hoe meer sal die gehoorgestremde persoon daarin slaag om 'n rol in die samelewing te speel. 'n Persoon beweeg immers vanaf 'n kinderstadium tot 'n volwasse stadium totdat mens onafhanklik en selfversorgend kan wees. Daar moet egter in ag geneem word dat die jong gehoorgestremde aan die begin uiters afhanklik is van die ouer en derhalwe gaan die ouer se rol uitgelig word.

Die rol van die *ouer* van die gehoorgestremde kind kan nie onderskat word nie. Hugo (1987:20) vestig die aandag daarop dat wanneer die ouers agterkom dat die kind 'n gehoorverlies het, hulle ingelig moet word dat daar wel baie positiewe verwagtings is wat hul kan koester en kan bereik. Party ouers is moedeloos, ontken of verkies om die situasie te vermy. Dit bring mee dat die gehoorgestremde kind te laat gehoorversterking kry en dus nie so gou vordering toon as die kind wat vroeë intervensie beleef het nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die ouers is 'n dinamiese, gesagsvolle eenheid en hoe sterker die ouerbande is, hoe beter vir die kind om te kan vorder binne die bepaalde gesinsstruktuur en die kind sodoende te help om tot sy/haar potensiaal te ontwikkel en te sorg vir persoonlike gesondheid, ook in tye van emosionele hartseer (Atkins, in Hull, 1998:78). Hugo (1987:113-122) beklemtoon die rol wat die ouer kan speel:

- Die ouer kan daarin slaag om die gehoorgestremde kind se selfbeeld te verhoog.
- Die ouer kan help om sosiale verhoudings, veral met lede van portuurgroep, asook met die teenoorgestelde geslag te verbeter.
- Die ouer kan aandag skenk aan die kommunikasieprobleme wat ontstaan en maniere help vind om dit te oorbrug of te verhoog.
- Die ouer kan gehoorgestremde kind emosioneel bystaan om die gehoorverlies te aanvaar, veral namate die kind grootword.

Soms raak ouers baie teleurgesteld, vermy die kind se gehoorverlies, begin meer uitstedig te wees of te werk en hoop die situasie mag verander en so probeer hulle die saak vermy (Atkins in Hull, 1998:79). Die ouer moet die gehoorgestremde kind ten volle aanvaar alvorens hy/sy daarin kan slaag om 'n geskikte rol in die gehoorgestremde se lewe te kan speel. Ouers wat uitdagings aan hul gehoorgestremde kind stel, hulle ondersteun en aanmoedig, kan daarin slaag om die kind gemotiveerd te kry, hom/haar in staat te stel om as 'n nuttige mens in die samelewing te funksioneer (Nowell and Marshak, 1994:76).

Die ouer leer die kind 'n liefde vir lees en laat hom/haar kennis maak met boeke van jongs af. As die ouer lees, is die kanse goed dat die kind ook daarin belang gaan stel (Lamme 1963:xiv). Sodoende word die kind vroeg reeds blootgestel aan taal. Die ouers moet bereid wees om veral voor te lees vir die gehoorgestremde kind, al blyk dit dat die kind nie dit begryp nie. Hulle moet dus 'n aktiewe rol speel, die kind se taal uitbrei, hom/haar aanmoedig om te lees, skryf en praat, al is dit hoe swak en die kind prys vir die vordering wat gemaak word, al is dit hoe gering.

Dit is noodsaaklik dat die ouers aangemoedig moet word om ook hul kennis en vaardighede te ontwikkel wat hulle meer bekwaam sal maak en in staat sal stel om die gehoorgestremde kind beter te hanteer en te begelei tot sy volle potensiaal. Daar is reeds gemeld dat die ouers ingelig moet word oor die opvoedingsmoontlikhede, onderrig, apparate en of kogleêre inplantings sal help en dies meer. Daar moet ook inligting verkry word oor die opleidingsmoontlikhede vir die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehoorgestremde, die toelatingsvereistes, die bekwaamhede van die opleidingsentrum, die beskikbaarheid van onderrigmateriale geskik vir die gehoorgestremde, klankversterkers en dies meer (Hugo, 1987:101-103).

Die ander *gesinslede*, hetsy broers, susters, grootouers en familie speel ook 'n groot rol in die vorming van die kind se persepsie van hom/haarself, hoe so 'n gehoorgestremde kind gaan ontwikkel en waar die stimulasie vandaan kom. Mens moet onthou die gehoorgestremde kind gaan een of ander tyd 'n bepaalde reaksie toon teen die gehoorverlies en daarom is die aanvaarding, ondersteuning, liefde en aandag van kardinale belang (Hugo, 1987:24). Ander gesinslede en familielede kan waardevolle hulp, raad, ondersteuning en liefde aan ouers van 'n gehoorgestremde kind verskaf en hulle kan ook 'n groot rol speel in die aanvaarding van so 'n gehoorgestremde kind (Atkins in Hull, 1998:87).

*Professionele* hulp soos oudioloë en spraakterapeute wat daagliks met gehoorgestremde kinders werk, moet elke kind individueel hanteer en 'n verhouding skep met die kind met wie hulle moet werk (Atkins in Hull, 1998:78). Interaksie is nodig met beide die kind sowel as die ouer, sodat daar wedersydse vertroue kan wees. Dit is nie die professionele mense se werk om keuses te maak vir die gesin nie, maar om hulle te help om meer gemaklik te raak en meer ingelig te wees rakende hul gehoorgestremde kind. Dit is nie hulle werk om raadgewers te wees nie, aangesien hulle nie opgelei is om met die hele familie te werk nie (Atkins in Hull, 1998:80). Daarvoor is daar opvoedkundige sielkundiges en opvoeders beskikbaar.

Oudioloë en spraakterapeute, sielkundiges, maatskaplike werkers, kan help om vrae, gevoelens van twyfel en onsekerhede uit die weg te ruim en die beste moontlike ingeligte raad te verskaf (Atkins, in Hull 1998:82). Hulle het die nodige kennis en materiale om ouers te help, deur byvoorbeeld inligting in die vorm van biljette, feite en kontakpersone te verskaf - dit alles sal die gesin meer op hul gemak stel en van die nodige inligting verskaf (Atkins in Hull, 1998:83). Soms stel hul ouerleidinggroepe voor waar ouers met ouers van ander gehoorgestremde kinders gereeld bymekaar kom om idees uit te ruil, en versekering, aanmoediging en raad te kry. Dit geld ook vir organisasies waaraan ouers kan behoort om meer ingelig te raak (Atkins in Hull, 1998:84).

*Onderwysers* is belangrike rolmodelle en hulle is in die bevoorregte posisie waar hulle in daaglikse aanraking met die kind kom. Hulle dra die nodige kennis en begrip vir kontekse,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

prosesse en produkte rakende leer- en leesaspekte waardeur hulle moet poog om die kind se vlak van inligtinggeletterdheid te bevorder (Truax 1992:403). Hulle verstaan hoe taal ontwikkel, faktore wat belangrik is en wat nodig is vir ontwikkeling. Hulle kan doeltreffend demonstreer wat lesers en skrywers doen, waaroor hulle kommunikeer en die proses van lees/skryf as metodes van kommunikasie aanmoedig en bevorder. Reeds in die sewentigerjare is daar al gemeld dat die opleiding van onderwysers uiters noodsaaklik is aangesien hulle 'n rol speel in die kind se "total education" (Neyhuss & Austin 1978:361).

Doelbewuste denkprosesse is nodig waardeur 'n gehoorgestremde in staat gestel sal kan word om te begryp wat daar gelees word "...thinking, not growth, makes manhood. Accustom yourself, therefore to thinking. Set yourself to understand whatever you see or read. To join thinking with reading is one of the first maxims, and one of the easiest operations" (URL:http://dww.deafworldweb.org/pub/c/rjc/agenda). Daar sal later in die aanbevelings aangetoon word welke metodes aangewend kan word om die gehoorgestremde kind te help om te leer lees en om 'n liefde en bewusmaking van die geskrewe woord aan te moedig.

*Sielkundiges* kan ook 'n rol speel met betrekking tot evaluasie van die gehoorgestremde kind se vermoëns en vordering, leermetodes wat gebruik moet word met elke student, en interpretasie van gedragsverandering wat veral te bespeur is in verhouding tot die gehoorgestremde kind se opvoedkundige proses (Neyhuss & Austin, 1978:340).

Enkele samevattende opmerkings kan gemaak word oor die persone wat 'n rol speel by die gehoorgestremdes.

### *4.4.4.2 SAMEVATTING*

Daar blyk 'n verband te wees tussen swak gesondheid, swak verhouding tussen kind en ouers, en ander rolmodelle, swak omgewing, min stimulasie en goeie intellektuele ontwikkeling. Hoe swakker die omgewing is waar die gehoorgestremde kind hom/haarself bevind, hoe swakker is die intellektuele ontwikkeling van die kind. Die ouers moet ingeligte keuses kan maak welke intervensiemetodes gevolg kan word om die kind te help om ten volle te ontwikkel.

Mens kan in ag neem dat die gehoorgestremde persoon net so graag sal wil kan hoor, lees en praat soos die horende kind, sodat hulle in staat sal kan wees om te kommunikeer met hulle

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maats, ouers, familie en die groepe waarin hulle verkeer. Dit sal lei tot beter aanpassing in die lewe, beter kennis meebring oor die wêreld en omgewing waarin die gehoorgestremde hom/haarself bevind. Waar daar 'n swak verhouding of min begrip bestaan in die ouer en gehoorgestremde persoon se lewe, sal daar beslis nie sulke goeie vordering gemaak kan word nie. Samewerking tussen ouers, familielede, professionele werkers, en ander mense is uiters noodsaaklik omdat dit 'n besliste invloed op die vordering van die gehoorgestremde het en die verdere verloop en ontwikkeling kan bepaal (Atkins in Hull, 1998:898).

Dit is belangrik dat die kognitiewe en intellektuele aspekte verbind moet word aan die leesproses in die geval van die gehoorgestremde, aangesien so 'n persoon nie die natuurlike taal kan verwerf nie en op die geskrewe inligting moet staatmaak ter wille van kommunikasie, verkryging en toepassing van kennis.

Soos reeds gemeld, is lees nie 'n vereenvoudige proses nie - sommige lesers mag byvoorbeeld probleme ondervind met die onderskeie vorme van lees, nie noodwendig weens perseptuele/klankprobleme nie, maar weens ander veelvoudige faktore soos agtergrond, kennis van die wêreld en mensdom wat hom/haar omring. Evaluasie van goeie of swak lesers is ook nie vanselfsprekend maklik om vas te stel nie, al word bepaalde toetse soos die Widespan, Southgate en Hamptoetse waarna Webster verwys (1986:147), uitgevoer.

Kinders lees soms soos hulle dink hulle behoort te lees, veral in die geval van die gehoorgestremde kind. Die kind kan byvoorbeeld die klem op die verkeerde deel van die woord laat val, bloot omdat hy/sy dink dit behoort daar te wees, net om later uit te vind dat dit verkeerd is. Verdere navorsing is ook nodig rakende lees- en skryfprosesse en hoe dit by die gehoorgestremde persoon aangemoedig, verbeter en toegepas kan word.

Na aanleiding van die veranderlikes wat in die voorafgaande gedeeltes bespreek is en die implikasies wat dit vir die gehoorgestremdes inhou en die rolspelers wat 'n rol speel, is dit nou van belang om die voordele wat inligtinggeletterd vir die gehoorgestremde inhou, te bespreek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4.5 VOORDELE VAN INLIGTINGGELETTERDHEID VIR DIE GEHOORGE-STREMDE PERSOON

Die gehoorgestremde kom, nes die horende persoon, ook in aanraking met kompetisie op arbeidsvlak, maak kennis met ander kommunikasiemiddele soos rekenaars en televisie en word blootgestel aan besluitnemingsprosesse (Nowell & Marshak, 1994:83), en beklemtoon dit juis die waarde van inligtinggeletterdheid. Vir 'n gehoorgestremde om susksesvol te wees in die samelewing, 'n werk te bekom en te handhaaf, hang dit af van sy/haar agtergrond, die stimulasie wat hy/sy ontvang het, die selfpersepsie, motivering, vaardighede en ander persoonlike eienskappe waarop die gehoorgestremde kan staatmaak (Nowell & Marshak, 1994:77).

Soos reeds gemeld is ouerleiding, opvoedkundige en sosiale faktore wat die gehoorgestremde raak, van uiterste belang ten einde in die samelewing as inligtingsgeletterde persoon aan te pas. Dit is van pas om die verskillende kategorieë van inligtinggeletterdheid te bespreek alvorens die voordele uitgelig word.

### 4.5.1 KATEGORIEË VAN INLIGTINGGELETTERDHEID WAT VOORDELIG KAN WEES VIR GEHOORGESTREMDES

Alle soorte vorme van inligtinggeletterdheid is belangrik vir alle mense, maar hier gaan die belang vir gehoorgestremdes uitgelig word.

- Deur *vakinligtinggeletterd* te wees, sal die gehoorgestremde persoon verstaan wat hy/sy lees en kennis dra van die vakgebied ten einde die inligting wat hy/sy benodig, doeltreffend te kan benut.

- Weens talle eise en kompetisie wat tans heers is dit belangrik om *tegnologiese inligtinggeletterdheid* te bemeester aangesien rekenaars en telekommunikasie baie wêrelde oopgemaak het. Hier word byvoorbeeld gedink aan die gebruik van mikro-prosesseerders vanaf die telefoon na kameras, videomasjiene, faksmasjiene, televisie, databasisse, sateliete en dies meer (Anderson 1991:9). Dit word "computer-based technologies" genoem en as die gehoorgestremde nie inligtinggeletterd is nie, sal hierdie rykdom van inligtingsontsluitingsmeganismes vir hom/haar nie toeganklik wees nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die aspek van *ekonomiese en politieke inligtinggeletterdheid* sal vir die gehoorgestremde persoon meebring dat so 'n persoon kennis kan dra van die toestand van die land, handel, unies, werkloosheidsaspekte, klein en groot besighede, gemeenskapsorganisasies, onderwysers, studente, personeel, openbare sektor en dies meer (South Africa 1993:57). Kennis rakende hierdie aspekte is nodig vir alle inwoners van 'n land.

- *Wetlike en politiese inligtinggeletterdheid* behels dat 'n gehoorgestremde kennis sal dra van die politiek en wet in sy/haar land van geboorte, anders sal so 'n persoon nie weet wat die huidige toestande behels nie. Dit hou vanselfsprekend ook implikasies in vir die stemgeregtigheid in die land.

Inligtinggeletterdheid bring talle voordele mee en vervolgens sal die individuele voordele wat dit vir die gehoorgestremde inhou, bespreek word.

## 4.6.2 SPESIFIEKE VOORDELE VIR GEHOORGESTREMDES

Inligtinggeletterdheid hou spesifieke voordele vir gehoorgestremdes in soos:

- *Beter aanpassingsvermoëns*

Inligtinggeletterdheid sal meebring dat die gehoorgestremde beter sal aanpas op sosiale gebiede, asook in die beroepswêreld, en beter omgang met ander persone hê. Dit sal meebring dat die gehoorgestremde beter daarin sal slaag om te oorleef, deurdat hy/sy byvoorbeeld die funksionele aspekte sal kan hanteer soos reeds bespreek is.

Deur inligting te bekom, behels sosiale aanpassing ook die aanleer van sosiale maniere (Neyhuss & Austin, 1978:347) en dit kan help vir deelname aan sport en klubaktiwiteite (Neyhuss & Austin, 1978:345). Inligtinggeletterdheid bring kennis, lei tot selfvertroue en sal tot gevolg hê dat die gehoorgestremde persoon kan glo en weet dat hy/sy ook kan deelneem aan 'n "normale" lewenswyse, en ook met die teenoorgestelde geslag oor die weg te kan kom. Waar die gehoorgestremde persoon byvoorbeeld 'n matige tot ernstige gehoorverlies toon, mag so 'n persoon uitgesluit voel van die gemeenskap en dus nie baie sosiaal verkeer nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- *Uitoefening van die reg van toegang tot inligting*

Elke persoon het menseregte en ook reg tot inligting wat benodig word om ander regte uit te oefen. Hier word dus ook verwys na die gehoorgestremde se basiese reg tot inligtinggeletterdheid. Suid-Afrika se regering beywer hom tans vir toegang vir alle gestremdes tot inligtinggeletterdheid, onderrig en fasiliteite, gelyke voordele en geen diskriminasie word toegelaat as gevolg van tekortkominge nie. Hulle staan verskaffing van middele, materiale en opleiding voor om sodoende aan alle mense die geleentheid te bied om professioneel opgelei te word.

Inligtinggeletterdheid bring mee dat 'n persoon onafhanklik, selfonderhoudend en selfstandig kan optree, aangesien so 'n persoon weet wat inligting is, die waarde daarvan besef en die toepassing daarvan kan inisieer met bepaalde gevolge as eindresultaat. As die gehoorgestremde nie weet hoe en waar om inligting te bekom of hoe om dit aan te wend nie, kan dit nie tot eie voordeel aangewend word nie, en verkeer so 'n persoon in 'n leë kennissfeer.
Inligtinggeletterdheid sal meebring dat daar meer/beter beroepsgeleenthede beskikbaar sal wees. Inligting moet dit ten doel hê om 'n persoon se kennis aan te vul rakende spesifieke sake en persepsie te verbreed of te verander afhangende van sy/haar bepaalde omstandighede. Kortom, inligting maak deure oop tot die omgewingstruktuur ten einde beter daarin te funksioneer.

- *Ontwikkeling van selfbeeld, selfstandigheid, onafhanklikheid en kundigheid*

Gehoorgestremdes benodig nie net inligting oor die wêreld om hulle nie, maar hul benodig ook inligting oor hulself, hul vermoëns, beperkings en hoe om daarmee saam te leef en dit te hanteer. Dit sal lei tot beter ontwikkeling van selfbeeld, selfstandigheid en onafhanklikheid. Deur inligtinggeletterdheid sal die gehoorgestremde die behoefte openbaar na nog meer kennis en inligting, hetsy ontspanning of kennisontwikkeling en ook leer om dit te waardeer. Dit sal meebring dat 'n gehoorgestremde tot sy/haar volle potensiaal sal ontwikkel.

Deur inligtinggeletterdheid sal die gehoorgestremde selfvertroue verkry oor hoe om die massa inligting wat bestaan, hetsy geskrewe materiaal of rekenaarinligting, ontsluitings- en toepassingtesgnieke te hanteer. Sodoende sal die gehoorgestremde selfstandig en onafhanklik sy/haar eie pad in die lewe kan volg (Neyhuss & Austin, 1978:344). Soos wat die gehoorgestremde persoon ontwikkel vanaf babadae regdeur die akademiese lewe en vaardighede

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanleer, sal hierdie selfstandigheids- en onafhankliheidsgevoel toeneem en lei tot selfstandige optrede, hetsy in die privaat of beroepsektor. Dit is immers belangrik om self besluite te kan neem, ideale na te streef, lewensbeskouings te handhaaf en 'n eie identiteit en filosofie te ontwikkel (Neyhuss & Austin, 1978:349).

Rolspelers vervul dus 'n belangrike funksie in die lewe van 'n gehoorgestremde maar die gehoorgestremde persoon mag nie afhanklik raak van so 'n persoon nie. Aan die begin is gehoorgestremdes wel afhanklik van rolspelers, maar soos hulle vaardighede aanleer en inligtinggeletterd raak, raak hul al meer onafhanklik.

Daar is bepaalde aspekte wat sal meebring dat gehoorgestremdes inligtingggeletterd kan raak en vervolgens sal aandag daaraan geskenk word.

## 4.6 DIE GEHOORGESTREMDE PERSOON SE PROSES TOT INLIGTINGGELETINLIGTINGGELETTERDHEID

### 4.6.1 AGTERGROND

Na aanleiding van bogenoemde inligting blyk dit daar 'n verhouding bestaan tussen inligting en ontwikkeling. Boon (1992a:228) beskou inligting as "any input that can be processed intellectually or cognitively for the development of meaning". Hierdie betekenis dui daarop dat aspekte opgelos moet kan word, besluite geneem moet kan word wat sodoende tot ontwikkeling kan lei.

Ontwikkeling is 'n proses, 'n toestand of 'n kombinasie van die twee en dit word soms sinoniem gesien met modernisering of transformasie (Astle in Boon, 1992a:228). Dit dui nie net op byvoorbeeld harmonisering van kulture of inligting nie, maar ook op mense-ontwikkeling. Boon (1992a:229) verklaar die ontwikkeling van 'n mens soos volg "...they can only develop themselves. A man develops himself by what he does: he develops himself by making his own decisions, by increasing his knowledge and ability, and by his full participation in the life of the community he lives in".

Die gehoorgestremde het nodig om op veral 'n paar gebiede te ontwikkel, soos nou kortliks bespreek gaan word.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.6.2 GEBIEDE VAN ONTWIKKELING

Hier word verwys na drie aspekte van ontwikkeling:

- Handhawing van die self in die lewe wat die vermoë om in die basiese behoeftes van die lewe te voorsien, behels.
- Ontwikkeling van die selfbeeld, dit wil sê, persoonlike groei.
- Vryheid van keuse - om self te kan besluit oor aspekte van menswees raak.

Figuur 4.9 dui redes aan vir die belangrikheid van ontwikkeling ten einde inligtinggeletterd te raak.




Figuur 4.9: Ontwikkelingsvereistes (verwerk uit Boon, 1992a:66).

Figuur 4.9 is 'n belangrike aanduiding van hoekom ontwikkeling nodig is. Dit verhoog onder andere die lewensstandaard, produktiwiteit, onafhanklikheid en verskaf werksgeleenthede en stabiliteit. Ontwikkeling ontwikkel die "totale" mens soos alreeds bespreek is (Boon, 1992a:66).

## 4.6.3 FAKTORE WAT DIE ONTWIKKELINGSPROSES STREM

Alle aspekte rakende gehoorgestremdes, hulle kenmerke, ontwikkelingsaspekte, soorte gehoorverlies en gevolge van 'n gehoorverlies, is reeds in hoofstuk 2 bespreek. In hoofstuk 3 is faktore wat nodig is vir inligtinggeletterdheid bespreek. Daar kan egter nog kort samevattende opmerkings gemaak word oor sekere aspekte wat die aard en omvang van gehoorgestremdes se vlak van inligtinggeletterdheid beïnvloed.

- *Aard en graad van verlies*

Reeds in die sewentigerjaar is daar opmerkings gemaak wat vandag steeds geld. Waar die horende kind op die ouditiewe, gesigsuitdrukkings, implikasies van woorde en handelinge en lyftaal staatmaak, ervaar die gehoorgestremde persoon probleme daarmee. (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1979:59). Die hardhorende kind met 'n geringe verlies sal minder probleme ervaar as in die geval van die erg gehoorgestremde kind, maar mens moet onthou dat kinders van mekaar verskil.

Die kommunikasievorm wat by die gehoorgestremde aangewend word, is belangrik, aangesien die eerste lewensjare baie belangrik is omdat die taalbasis in die eerste vyf lewensjare gevorm word. As die kind byvoorbeeld gebaretaal gebruik het, sal dit verskil van die kind wat 'n ouditiewe proses gevolg het. Die kind met gebaretaal (as eerste taal) leer 'n ander taal as tweede taal, terwyl die kind wat ouditief grootword, die gesproke taal as eerste taal ervaar. Daar is baie teenstrydige opinies rakende hierdie aspekte, waaraan nie nou aandag geskenk gaan word nie

Daar is egter praktiese implikasies van gebaretaal versus orale taal en daar moet vasgestel word welke metode die gehoorgestremde die beste in staat gaan stel om in die samelewing aan te pas. Die gehoorgestremde persoon se ervarings en ondervindings wat opgedoen is, toon bepaalde invloed op die verkryging van inligtinggeletterdheid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- *Ondervinding en invloed op lees*

Hier word verwys na die ondervinding wat 'n persoon deur sy lewe opdoen. Indien die gehoorgestremde kind nie woorde kan verbind aan 'n bepaalde voorwerp nie, sal so 'n persoon dit moeiliker vind om te lees (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1979:60). Die gehoorgestremde kind moet dus aan so 'n wye omgewing as moontlik blootgestel word, die regte stimulasie ontvang en leesmateriaal en onderrig kry om hom/haar sodoende in staat te stel om betekenis te kan gee aan dit wat gelees word. Soms is die ouers verbouereerd en skaam oor die kind se gehoorverlies en word die kind nie aan dieselfde omgewing blootgestel as die horende kind nie.

Gehoorgestremde kinders benodig perseptuele vaardighede ten einde inligtinggeletterd te kan raak.

- *Perseptuele vaardighede rakende die leesprosesse*

Perseptuele vaardighede is nodig vir die aanleer van 'n taal, sowel as vir die diskriminasie van die grafieke en morfeme wat in 'n geskrewe taal voorkom. Taalverkryging vereis drie modaliteite naamlik die ouditiewe, visuele en kinestetiese persepsie. Die horende kind kan al hierdie modaliteite aanwend, terwyl die gehoorgestremde met matige tot gemiddelde verlies wel die ouditiewe kan aanwend, teenoor die erg gehoorgestremde kind wat meer op die visuele staatmaak, met ander woorde gebaretaal, spraaklees en/of lyftaal (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1979:61).

Met gehoorgestremdes, moet daar aan bepaalde aspekte aandag gee rakende inligtinggeltterdheid en die rol wat lees daarin speel.

- *Belangrikheid van leesvaardigheid*

Soos reeds genoem, word inligting veral deur die geskrewe woord oorgedra en is lees derhalwe 'n belangrike aspek alvorens die vlak van inligtinggeletterdheid verhoog kan word. Benewens die feit dat lees 'n probleem is by die gehoorgestremde skoolgaande kind (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1979:59), is die kommunikasievorm asook die taalontwikkeling 'n probleem. Die horende persoon bekom inligtinggeletterdheid nie net deur te lees nie, maar deur

van ander aspekte soos televisie, radio, kommunikasie en gesprekvoering met ander mense, en ouditiewe ontvangs, gebruik te maak.

Reeds in die sewentigerjare is die volgende aspekte uitgelig wat nodig is, alvorens gehoorgestremdes inligtinggeletterd kan raak (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes (1979:62): vir enige persoon ten einde iets in die lewe te bereik. Motivering is baie belangrik. Vir die gehoorgestremde om te leer lees, leer, skryf en inligtinggeletterd te raak, hang dit af van die persoon se eie ontwikkeling, vermoëns en motivering. Die gehoorgestremde wat graag lees, ontdek met graagte nog wêrelde, kennis en inligting. Daar is alreeds verwys na die gunstige omstandighede wat benodig word vir bevordering van inligtinggeletterdheid, die ouers/omgewing en opvoedkundige agtergrond wat 'n rol speel en dies meer (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes vir dowes, 1979:62).

Negatiewe houdings wat die kind ervaar as hy/sy sukkel om te lees, benadeel die kind se vordering. Hoe beter die kind daarin kan slaag om te lees, hoe minder gefrustreerd sal so 'n kind voel. Lees hang egter saam met die aspek van kognisie. Inligtinggeletterdheid vereis 'n sekere mate van kennis van voorwerpe en konsepte, alvorens dinge begryp kan word. Indien die gehoorgestremde kind geen of 'n swak taalsisteem het, sal die vordering stadiger wees in teenstelling met die kind wat vroeë intervensiestrategieë beleef het, en op 'n vroeë stadium kennis gemaak het met taal (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1979:63). Hoe gouer die kind dus blootgestel kan word aan taal en klank, hoe gouer sal die kind assosiasies kan maak tussen die geskrewe woord en die taal en sodoende 'n betekenis daaraan heg.

Waar die horende kind outomaties die regte betekenis heg aan die geskrewe woord, is dit moeilik vir die gehoorgestremde kind. Hoe gouer die kind blootgestel word aan ondersteunende sisteme soos apparate, koglêre inplantings en goeie instruktiewe metodes, hoe gouer sal die kind betekenis kan heg aan geskrewe woorde (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir dowes, 1979:64). Sodoende sal die kind die vermoë ontwikkel om die taal beter te kan ontleed.

Hier word verwys na die gehoorgestremde se vermoë om die taal te ontsyfer en om die fonologie en morfologie te verstaan, dit wil sê, die vermoë om die woord te ontsyfer. Dit is aspekte wat baie moeilik is vir die gehoorgestremde, maar wat uiters noodsaaklik is. Hoe erger die gehoorverlies is, hoe moeiliker sal die kind dit vind om die taal te ontleed. Die gehoorgestremde kind wat gebaretaal gebruik sal dit makliker vind om die woord te verstaan in die taal wat aan

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hom bekend is, naamlik gebaretaal (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1979:64), maar die vraag is of so 'n kind in staat is om die gebare in geskrewe vorm met korrekte grammatika en sintaksis in verband te bring. Dit is immers belangrik om woorde nie net in visuele voorstellings nie, maar ook in konkrete, abstrakte verband te kan herken.

Woordherkenning verwys na die vermoë om die geskrewe woord te sien in die regte konteks wat dit volgens die linguistiese en situationele konteks, gebruik word. Wanneer die gehoorgestremde kind probleme ervaar rakende woordherkenning, sal dit sy/haar vordering strem. Daar sal later in hoofstuk 5 aanbevelings gemaak word hoe hierdie aspekte aangespreek kan word (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1979:65). Dit is dus nodig om die gehoorgestremde se woordeskat uit te brei, en aan grammatikastrukture aandag te gee om so 'n persoon in staat te stel om woorde te kan herken, aan 'n bepaalde begrip te heg wat dan tot insig lei. Woordherkenning hang nou saam met die vermoëns om frases en grammatikale strukture te herken.

Sodra 'n kind kan lees, ontwikkel die vermoëns om te spoedlees, frases te begryp en die vermoë om strukture te herken. Die gehoorgestremde kind benodig dus die vermoëns om onder andere punktuasie en hoofletters en die doel daarvan te begryp en ook aan te wend. Om sintaksis ten volle te begryp, is dit ook nodig om situasie vooruit te antisipeer. Dit kan nogal moeilik kan wees vir die gehoorgestremde kind, maar moet egter ontwikkel word (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir dowes, 1979:65). Hoe beter die gehoorgestremde kind se ontwikkeling is rakende frases en grammatikale struktuurherkenning, hoe beter sal die kind se vermoëns om vinniger te lees en begryp, ontwikkel.

Navorsing het getoon dat oogbewegings gedurende die leesproses vinniger word, sodra die leesvermoëns ontwikkel. Die gehoorgestremde kind benodig dus leesvaardigheid ten einde ook vinniger te kan lees en gouer te kan begryp. Navorsing het bewys dat die gehoorgestremde aanvanklik stadiger lees, maar sodra die leestegnieke en vaardighede ontwikkel, die gehoorgestremde kind wel ontwikkel. Indien die kind sou lees vir plesier sal al die bogenoemde faktore beter en vinniger ontwikkel (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, 1979:66). Aanlegfaktore speel ook 'n rol in die verhoging van inligtinggeletterdheidsvlak.

Aanlegfaktore soos bespreek deur Walberg (in Moores, 1996:307) speel 'n rol by gehoorgestremdes. Walberg identifiseer drie hoofkategorieë met nege faktore daaronder, wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kan meebring dat gehoorgestremdes inliginggeletterd kan raak en beter daarin kan slaag om te leer:

- Vermoëns of vorige prestasies, soos bepaal deur gestandardiseerde toetse.
- Motivering en selfkonsep, soos bepaal deur persoonlikheidstoetse om te toets of die kind gewillig is om intensief te konsentreer op leeraktiwiteite.
- Kronologiese ouderdom of volwassenheidsontwikkeling.

Hierdie aanlegfaktore kan aangehelp word deur die regte instruktiewe metodes wat gevolg word deur die hele verloop van die gehoorgestremde kind se akademiese loopbaan. Instruktiewe faktore verwys na die tyd wat kinders spandeer om te leer, asook na die kwaliteit van die onderrig, en ondervinding van byvoorbeeld die ouers, onderwysers, professionele persone en ander rolspelers wat reeds bespreek is.

Saam met die instruktiewe faktore is dit ook nodig om die belangrikheid van die omgewing weer uit te lig. Die omgewingsfaktore verwys na die huis, maats in die klaskamer, groepsdruk buite die skool en benutting van vryetydsbesteding (in Moores, 1996:307).

## 4.8 SAMEVATTING

Dit blyk dus duidelik volgens gemelde faktore dat gehoorgestremdes beslis vaardighede benodig ten einde inligtinggeletterd te raak. Ontwikkeling kan gestimuleer en gefasiliteer word deur gemeenskappe, families en skole. Dit behels dus sosio-kulturele, opvoedkundige, en ekonomiese veranderinge en samewerking ten einde die gehoorgestremde aan dieselfde voordele bloot te stel as die horende persoon. Dit sal dan ook die gehoorgestremde se welsyn en gesondheid, hetsy fisies of geestelik, bevorder.

Inligtinggeletterdheid sal baie voordele vir die gehoorgestremde persoon inhou, want daardeur sal so 'n persoon talle geleenthede kry om dinge te ontdek en te leer ter wille van oorlewing in 'n snelgroeiende inligtingsamelewing. Dit benodig egter vaardighede, kennis van apparaat, bronne en dies meer. 'n Inligtingsgeletterde gehoorgestremde sal in staat wees om vir hom/haarself te dink, besluite te neem en sy/haar lewensgang te bepaal. Sodoende sal hulle geskool kan raak, werksgeleenthede bekom en hul potensiaal kan uitleef.

As daar gekyk word na die ekonomiese toestand in Suid-Afrika, is dit uiters belangrik dat gehoorgestremdes inligtinggeletterd behoort te raak. In die eerste plek, raak dit die werksituasie. Gehoorgestremdes moet weet hoe om werk te bekom, salaris te verdien, voordele te benut wat die werksituasie bied en mediese versekering en voordele te geniet. Dit sal ook meebring dat 'n gehoorgestremde sal weet hoe om in 'n bepaalde werksituasie of omstandigheid op te tree.

Om te oorleef, raak vanselfsprekend die finansiële aspekte ook. 'n Gehoorgestremde persoon moet ook weet hoe en waar om kos en klere te koop, en te kommunikeer met die personeel wat hulle bedien. Dan kom daar nog ander algemene dinge by wat by die horende persoon as vanselfsprekend aanvaar word, naamlik die aankoop van huishoudelike sake soos kosaankope, meubels, herstel van toerusting, waar om te woon, en die koop of huur van 'n eiendom.
Dit is nodig om die komplekse wereld beter te hanteer op sosiale, ekonomiese, kulturele en politiese gebiede. Soos wat 'n persoon ouer word, hetsy horend of gehoorgestremd, beweeg mens deur verskillende vlakke van ontwikkeling en op elke fase of vlak benodig mens bepaalde behoeftes waarin voorsien moet word. Daar is nog ander plekke waar die gehoorgestremde hom/haarself moet kan laat geld soos die bankwese, versekering, poskantoor en restaurante. As mens regtig rondkyk in die samelewing, sal mens sien hoe min gehoorgestremdes wat byvoorbeeld slegs gebaretaal gebruik, gesien word in openbare plekke in Suid-Afrika. Hulle is afhanklik van ander, van tolke en van mekaar.

Die orale taal, al is dit hoe swak; ondersteun deur gehoorapparate en/of spraaklees, koglêre inplantings blyk meer prakties te wees en hou meer voordele in vir die gehoorgestremde persoon. Ander faktore soos reeds gemeld wat uiters noodsaaklik is, is aspekte soos motivering, stimulasie, beskikbaarstelling van inligting, media, inligtingssentrums, biblioteke en professionele hulp, alles aspekte wat kan meebring dat die gehoorgestremde se vlak van inligtinggeletterdheid verhoog kan word. Dit sluit natuurlik die onderrigmetodes, onderwysers en instansies wat te make het met die gehoorgestremde persoon se akademiese loopbaan, in.

Daar word in die volgende hoofstuk aandag geskenk aan die inligtingsopvoedingsprogram waardeur die gehoorgestremde se vlak van inligting verhoog of verbeter kan word. Dit behels aspekte soos die nodige verskaffing van materiale, tegnologie, onderrigmetodes, personeelontwikkeling en dies meer en hou implikasies in rakende die volgende aspekte:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Doelstelling
- Kurrikulum
- Onderrig
- Organisasie
- Ondersteundienste
- Materiale
- Tegnologie
- Evaluasie en toetsing (Cutlip, 1988:112-117).

Weereens kan die behoefte aan verdere navorsing op die gebied van lees vir die gehoorgestremde nie genoeg beklemtoon word nie, en daarom gaan daar in die volgende hoofstuk aandag geskenk word aan inligtingsopvoedingsprogram waardeur bogenoemde doelwitte bereik kan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 5

# RIGLYNE VIR 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM VIR GEHOORGESTREMDES

Hoofstuk 5 word gewy aan riglyne vir gehoorgestremdes en daar word aandag geskenk aan die doel en vereistes van 'n inligtingsopvoedingsprogram en die veranderlikes wat in ag geneem moet word.
Die belangrikheid van die bestudering van die opvoedkundige en opleidingsisteem word beklemtoon.
Die inhoud van die program, onderrigstrategieë en die faktore wat die sukses van inligtingsopvoedingsprogramme vir gehoorgestremdes bepaal word bespreek.
Die hoofstuk word afgesluit samevattende opmerkings.

## 5.1 INLEIDING EN DOEL VAN HOOFSTUK

In die voorafgaande hoofstuk is die belangrikheid van inligtinggeletterdheid vir die gehoorgestremde bespreek. Die doel van die hierdie hoofstuk is derhalwe om riglyne vir 'n inligtingsopvoedingsprogram vir die gehoorgestremde aan te dui.

## 5.2 INHOUDELIKE STRUKTURERING

'n Inligtingsopvoedingsprogram vir gehoorgestremdes is van belang aangesien hul vlak van inligtinggeletterdheid daardeur verhoog kan word. Daar is sekere vereistes en veranderlikes wat 'n rol speel by die opstel van 'n inligtingsopvoedingsprogram vir gehoorgestremdes, alvorens die opvoedkundige en opleidingsisteem bestudeer kan word. Laasgenoemde sisteme speel 'n rol om te verseker dat die gehoorgestremde persoon 'n lewenslange leerkultuur kultiveer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5.3 VEREISTES VAN 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM VIR GEHOORGESTREMDES

'n Inligtingsopvoedingsprogram vir gehoorgestremdes moet aan bepaalde vereistes voldoen ten einde te verseker dat 'n gehoorgestremde persoon se vlak van inligtinggeletterdheid verhoog kan word.

### 5.3.1 DOELWIT VAN 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM VIR GEHOORGE-GESTREMDES

In die algemeen kan die doelwit van 'n inligtingsprogram soos volg opgesom word "...to ensure that all young people, independent of their ability or background are able to have access to the tools that will help them develop the skills and knowledge necesary to work and go about their normal daily life in the information society" (URL:http://www/ispo.cec.be/infosoc/promo/speech/eurim.html)

Teen hierdie agtergrond beteken dit dus dat 'n inligtingsopvoedingsprogram daarna moet streef om die gehoorgestremde kind se volle potensiaal te ontwikkel. Cutlip (1988:120) dui die eindresultate van 'n inligtingsopvoedingsprogram meer spesifiek aan. Hierdie riglyne kan ook op die bepaalde populasie van die gehoorgestremde persoon soos volg toegepas word:

- *Leer en inligting* as hoë kognitiewe vaardighede. Dit sal die gehoorgestremde persoon in staat stel om inligting te analiseer, evalueer en te sintetiseer sodat probleme opgelos kan word. Inligting word dus georganiseer en kennis word verwerf.

- *Lewenslange leerproses* sal veroorsaak dat die gehoorgestremde persoon 'n lewenslange leerder bly, aangesien hy/sy die vaardighede aangeleer het om dit moontlik te maak.

- *Persoonlike en demokratiese waardes* wat indirek daardeur ontwikkel word, sal veroorsaak dat die gehoorgestremde persoon intelligente besluite kan neem en op persoonlike vlak kan groei.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- *Internasionale perspektiewe* word ontwikkel aangesien die gehoorgestremde persoon blootgestel word aan inligting oor nasionale sowel as internasionale aspekte – uiteindelik kan hy/sy 'n ware lid van die globale gemeenskap word.

- *Onderhandelings- en samewerkingsvaardighede* sal meebring dat die gehoorgestremde persoon se selfvertroue sal ontwikkel en hy/sy sal daarin slaag om makliker aan te pas in die lewe asook in die professionele lewe.

- Belangrike *inhoudsgebasseerde inligting* sal vir die gehoorgestremde persoon kennis op 'n praktiese manier verskaf en hom of haar 'n kundige maak.

- *Tegnologiese vaardighede* en *gelyke regte* sal as eindresultate van 'n goeie inligtingsopvoedingsprogram tot stand kom en ontwikkel word.

Daar kan nou aandag geskenk word aan die veranderlikes wat in ag geneem moet word by die opstel van 'n inligtingsopvoedingsprogram vir gehoorgestremdes en daar gaan eerstens na die intervensieprogram waaroor besluit moet word, gekyk word.


## 5.3.2 VERANDERLIKES WAT IN AG GENEEM MOET WORD BY DIE OPSTEL VAN 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM VIR GEHOORGESTREMDES

### *5.3.2.1 Intervensieprogram*

Voordat met 'n intervensieprogram begin word, moet sekere basiese dinge in plek wees. Dit hang veral saam met die *wat* en die *waar* waarin leer plaasvind en spruit uit die intervensieprogram wat volg direk nadat 'n kind as gehoorgestremd gediagnoseer is.

Daar moet besluite geneem word oor die intervensieprogram wat gevolg behoort te word. Gewoonlik neem die ouers die besluite, maar dit moet ook in samewerking met professsionele mense geneem word, ten einde te verseker dat dit in ingeligte besluit is (Tye-Murray, 1999:389) Figuur 5.1 dui die vier spesifieke areas aan waar intervensie moet plaasvind. Dit is egter belangrik om te onthou dat elke gehoorgestremde persoon as 'n individuele geval gesien moet word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 5.1: Besluite oor intervensiekeuses (verwerk uit Tye-Murray, 1999:389).

In figuur 5.1 word gesien dat daar vier areas van aanvanklike besluitneming is, naamlik die *keuse van kommunikasiemedium*, *skoolplasing*, *klasplasing* en die *keuse van apparaat*. Die *keuse van kommunikasiemiddel* is baie belangrik. Daar moet besluit word of die kind van *gebaretaal* of die *ouditiewe orale* taal gebruik gaan maak (Tye-Murray,1999:393). Dit beïnvloed weer die kind se keuses van skole. Daar is ook ander kommunikasieopsies benewens die orale of gebaretaal. Dit sluit in *cued speech* (dit is handgebare wenke om die taalgebruik te vergemaklik deur visuele aspek). Dit kan die gehoorgestremde kind help om klanke te onderskei wat dieselfde lyk as deur die mond. Die ander vorm van kommunikasie is *totale kommunikasie*. Dit behels die gebruik van gebaretaal, vingertaal, spraaklees, lyftaal, orale spraak en die gebruik van versterking; dit wil sê, enige en alle moontlike maniere om te kommunikeer en woordeskat en taal aan te leer (URL:http://www.beginningsvc.com.options).

In besluitneming moet daar gekyk word na die langtermynimplikasies van die kommunikasiemiddel en of dit aan die eise van die samelewing sal voldoen. Derhalwe is ingeligte keuses wat aan die ouers gestel word van groot belang. Ouers moet ook dink aan die sosiale aktiwiteite waaraan 'n gehoorgestremde kind blootgestel kan word om vas te stel of die kommunikasiemiddel geskik sal wees (Tye-Murray, 1999:50). 'n Oudiogram is van waarde in hierdie besluitneming, deurdat die oudiogram die graad en erns van die gehoorverlies sal aandui. 'n Oudiogram kan egter nie al die gehoorgestremde persoon se vermoëns bepaal nie en ander aspekte soos sosiale, emosionele en intellektuele vermoë sal ook 'n rol speel.

Moores (1996:307) dui faktore aan wat van belang is alvorens daar besluite oor die plasing van die gehoorgestremde kind geneem moet word:

- Gestandardiseerde toetse wat kan aantoon wat die kind se vermoëns en vorige suksesse was.
- Die kronologiese ouderdom kan die gehoorgestremde kind se ontwikkeling aandui.
- Persoonlikheidstoetse kan aantoon of die gehoorgestremde kind gemotiveer is en of hy/sy 'n goeie selfbeeld het.

Rakende die *skoolplasing* moet die ouer ingeligte keuses kan maak, met betrekking tot die hoofstroom, of 'n spesiale skool of onderriginstansie. Klasplasing is veral van belang indien die kind met 'n gehoorverlies in die hoofstroom is. Daar moet gekyk word na watter skole voorsiening maak vir gehoorgestremdes, en of die skole in die gehoorgestremde se behoeftes kan voorsien. Die aard en kwaliteit van die opvoedkundige programme, en veral die uitsette daarvan met betrekking tot beroepsmoontlikhede, is van groot belang.

Rakende die *klasplasing* is die ouderdom van die kind toe die gehoorverlies vasgestel is, van belang. Klasplasing is veral van belang indien die kind met 'n gehoorverlies in die hoofstroom geplaas is. 'n "Beweegbare" stelsel van alternatiewe sal waarskynlik die beste wees, wat beteken dat hy/sy in bepaalde vakke meer individuele onderrig kry en in die hoofstroom inskakel afhangende van sy/haar behoeftes. Tye-Murray (1998:391-393) stel ook voor dat die gehoorgestremde kind byvoorbeeld gedeeltelik klasonderrig kan ontvang in die hoofstroom in party vakke, en in party vakke onderrig in 'n spesiale klaskameropset ontvang, waar individuele aandag aan die gehoorgestremde kind geskenk kan word, soos byvoorbeeld in taalonderrig. Die gehoorgestremde kind ontvang dus onderrig in twee lokale, naamlik die hoofstroom saam met ander kinders, en in party vakke, onderrig in spesiale klasse

In Suid-Afrika is daar spesiale skole waar die gehoorgestremde kind geplaas kan word, maar daar is wel hoofstroomskole wat toeganklik is vir die gehoorgestremde. Daar sal later in hierdie hoofstuk kortliks aandag geskenk word aan die Groen- en WITSKRIF rakende gestremdes in Suid-Afrika.

Die *keuse van apparaat* speel ook 'n groot rol en dit word vasgestel nadat die gehoorgestremde kind deur 'n oudioloog getoets is. Dan word daar gekyk na die geskikte apparaat wat in die gehoorgestremde kind se behoeftes sal voorsien. Koglêre inplantings hou groot voordele in vir die gehoorgestremde kind, veral as 'n gehoorgestremde kind dit vroeg in sy/haar lewe kry.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Koglêre inplantings is ook slegs suksesvol mits daar gekonsentreer word op die ouditiewe orale en spraakontwikkeling tuis sowel as by die skool (Tye-Murray, 1999:500). Die keuse van die regte apparaat bepaal die maksimale benutting van oorgeblewe gehoor, wat 'n goeie basis vorm vir taalververwing, en die potensiaal van inligtingverwerking verbeter.

Daar word in paragraaf 5.5.4 aandag geskenk aan die aanwending van tegnologiese, audio-visuele en ander hulpmiddels wat bydra tot die sukses van toepassing van 'n inligtingsopvoedingsprogram vir gehoorgestremdes. 'n Geskikte leeromgewing en/of lokaliteit bepaal ook die sukses van 'n inligtingsopvoedingsprogram.

*5.3.2.2 Geskikte leeromgewing of lokaliteit*

Gehoorgestremde kinders wat ver woon van skole wat vir hulle voorsiening maak, mag moontlik in 'n koshuis geplaas word. Dit hou vanselfsprekend bepaalde gevolge vir die gehoorgestremde kind in op emosionele en geestelike vlak, en die ouer moet besluit of dit in die gehoorgestremde kind se belang is of nie. Op plattelandse gebiede mag die onderwysers waarskynlik nie toegerus wees om geskikte inligtingsopvoedingsprogramme vir die gehoorgestremdes op te stel nie, terwyl die stedelike gebiede meer geleenthede en ook meer finansiële hulpmiddels bied (Tye-Murray, 1999:402).

Omgewingsfaktore is ook belangrik. Dit verwys na die gehoorgestremde kind se huislike omstandighede, die sosiale groep in die klaskamer, die portuurgroep buite die skool en naskoolse aktiwiteite (Moores, 1996:307-308). Daar moet ook aandag geskenk word aan die huiswerk wat gegee word aan gehoorgestremde kinders, wat die klasmoraal is, en hoe daar in die huisverband gepoog word om die gehoorgestremde kind te help met sy/haar akademiese vordering (Moores, 1996:309).

*5.3.2.3 Samevatting*

Uit die voorafgaande blyk dit dus duidelik dat 'n inligtingsopvoedingsprogram afhanklik is van die intervensieprogram wat gevolg word en die vereistes en veranderlikes wat daaraan gekoppel is. Die leeromgewing waar die gehoorgestremde kind homself of haarself bevind speel 'n groot rol as daar na die bestudering van die opvoedkundige en opleidingsisteem gekyk word.

### 5.3.3 BESTUDERING VAN OPVOEDKUNDIGE EN OPLEIDINGSISTEME

#### *5.3.3.1 Verband en beginsels van teorie, kurrikulum, instruksie en toetsing*

Lubisi, Parker, & Wedekind (1998:4) beklemtoon dat 'n skool se kurrikulum die leerders se belange eerste moet plaas, gebaseer op hulle agtergrond, kennis en ondervinding. Hier word veral verwys na die opvoedkundige sisteem om vas te stel of daar 'n balans is tussen teorie, kurrikulum, onderrig en toetsing. *Teorie* verwys na die aspekte in die kurrikulum wat bestudeer word en of dit pas by die gehoorgestremde persoon; die *kurrikulum* verwys na die metodes wat gevolg gaan word om kennis aangaande onderwerpe in te win; *instruksie* verwys na die onderwysmetodes wat gevolg word en *toetsing* na die evaluasie om vas te stel of die inligtingsopvoedingsprogram suksesvol geïmplementeer is (Cutlip, 1998:1130116).

Die *kurrikulum* word gebaseer op alledaagse lewensaktiwiteite, veral omdat dit die gehoorgestremde sal help om in die latere lewe as volwassene aan te pas op sosiale, morele, geestelike en fisiese vlak. Al sou 'n gehoorgestremde kind mislukkings ervaar, kan hy of sy leer uit die foute wat gemaak is wat dan weer sal lei tot sukses (Neyhuss & Austin, 1978:334). Die gehoorgestremde kind moet kan leer om relevante inligting te kry, te analiseer en toe te pas, sy/haar onafhanklike denke moet gestimuleer word en vertroue moet gekweek word om ingeligte besluite te kan neem (Neyhuss & Austin, 1978:335). 'n Lewenslange leerproses moet dus verkry word.

#### *5.3.3.2 Verkryging van 'n lewenslange leer-benadering*

Opvoeding behoort die verkryging van lewenslange leerproses te wees, 'n voorbereiding vir toekomstige aktiwiteite wat die gehoorgestremde kind sal moet verrig. Lewenslange leerproses behels onder andere die volgende:

- Uitspreek van inligtingsbehoeftes - weet wanneer om te vra en wat en hoe om te vra.
- Identifikasie van geskikte inligting - opsporing, toegang, evaluering en keuse van numeriese, tekstuele en visuele inligting.
- Gebruik van inligting - manipulering, analisering, organisering en interpretasie van inligting en die kennis hoe om dit toe te pas.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Kommunikering van inligting op die beste moontlike manier, in 'n geskikte kommunikasieformaat.
- Evaluering van inligting - die proses en die produk (URL:http://metro2.kl2.mn/us/~(infolit):

So 'n lewenslange leerproses het sekere belangrike kenmerke. Lord (1994:7) beklemtoon dat dit belangrik is om die gemeenskap van persone vir wie die inligtingsopvoedingsprogram van nut moet wees as vertrekpunt te gebruik "...the more closely the programme is tied to the needs of the community, the better it serves the community and the better its chances of survival".

Gehoorgestremde leerders word dus aangemoedig om vol te hou met die leerproses, om hulself verder te bekwaam, nie net ter wille van professionele doelwitte nie, maar ook vir persoonlike verryking (Huber in Hall , 1995:125). Dit alles mag moeilike konsepte wees vir die gehoorgestremdes, maar as dit kan bereik word, dan sal die gehoorgestremde nie probleme ondervind om aan te pas in die samelewing nie. Die leeromgewing hang nou saam met die kognitiewe aspekte en kritiese denke van die gehoorgestremde persoon.

*5.3.3.3 Kognitiewe aspekte en kritiese denke*

Kognitief-gebaseerde inhoudsonderrigstrategieë behels die voorbereidingsstrategieë, voorstellings of aanbiedingsstrategieë en opvolgstrategieë. Die *voorbereidingsstrategieë* behels riglyne vir woordeskat, studiemetodes, grafiese organisatoriese metodes en motiverings- en aandagskenkfaktore (Cutlip, 1988:53). Die *aanbiedingsstrategieë* verwys na leesgidse, visuele voorstellings, inligtingsoekstrategieë, mediavaardighede, dink-, skryf-, praat- en luisterprotokols, gedeelde probleemoplossings, inhoudsgebaseerde organisatoriese gidse en kognitiewe prosesinstruksies.

Bestudering van kognitiewe en taallinguistiese aspekte van die gehoorgestremde kind sal ook die sukses van die inligtingsopvoedingsprogram bepaal, deurdat dit die keuse van inligtingsmateriaal bepaal (Tye-Murray, 1999;119). Hier sal die gehoorgestremde kind se ouderdom 'n belangrike rol speel. Sodra op die opvoedingsmateriale besluit is, kan die evaluasiemetodes gekies word. Dit is belangrik om kennis te neem dat 'n gehoorgestremde kind hertoets moet word ten einde die kognitiewe aspekte en kritiese denke te bepaal om sodoende vas te stel of daar vordering gemaak is (Tye-Murray, 1999:119).

*Direkte onderrigstrategie* moet veral spesifieke aandag kry omdat dit 'n groot rol speel in die ontwikkeling van kognitiewe vaardigheid. Die doelwit van die instruktiewe metode is om die gehoorgestremde persoon doelgerig toe te rus op vakgebiede wat in die latere lewe nuttig sal wees. Dit is afhanklik van sekere gedragspatrone, of daar genoeg wagtyd toegelaat is, genoeg geleenthede is om vrae te vra en dies meer. Deur die ontwikkeling van kognisie kan die gehoorgestremde persoon leer om onafhanklik te leer en te funksioneer (Cutlip, 1988:63).

*Kritiese denke* impliseer "reflection" oftewel nadenke (Huber in Hall, 1995:124). Dit behels onder ander redenering en probleemoplossing. Gehoorgestremde leerders kan, as kritiese denke ontwikkel word, daarin slaag om oplossings te vind. Daar is in navorsing gevind dat gehoorgestremdes oor dieselfde kognitiewe en intellektuele vaardighede as horende persone beskik oor 'n wye groep van areas (Moores, 1996:171). Dit is egter by die benutting en ontwikkeling hiervan waar daar dikwels probleme ontstaan.

### *5.3.3.4 GROEN –en WITSKRIF van Suid-Afrika*

In die VSA is daar dikwels riglyne vir die daarstelling van leerkontekse wat inligtinggeletterdheid ondersteun. Wanneer Amerikaanse biblioteke en die *American Disabilities Act* gelees word, sien mens voorstelle wat gemaak is rakende media en hulpmiddels wat biblioteke, skole, publiek en inligtingsbibliotekarisse kan aanwend. om gehoorgestremdes te help. Dit behels onder andere "...captioned films/videos for the deaf...pre-recording and real-time captioning of television programs, and assistive devices such as the closed-captioned decoder" (Kovalik & Kruppenbacher, 1994:1-19).

In Suid-Afrika spreek die WITSKRIF (1999. Integrated National Disability Strategy. White Paper. (URL:http://www.independentliving.org/LibArt/SANat1DisStrat7.html) en Groenskrif (1999: Consultative Paper N0 1 on Special Education: Building an Inclusive Education and Training System, First Steps, URL:http://education.pwv.gov/za/Do_Sites/Elsen/ELSEN_Cons_Paper) die aspek van gestremdes in Suid-Afrika aan. Reeds in 1997 het Adjunk-president Thabo Mbeki voor sy inhuldiging as president in 1999 gemeld dat gestremdes in die toekoms 'n meer besliste, doeltreffende rol in die Suid-Afrikaanse gemeenskap sal speel. Daar sal geen diskriminasie en geen gebrek aan voldoende opleiding wees nie (Van der Spuy, 1997:13).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die WITSKRIF (Van der Spuy, 1997) beveel aan dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap opgevoed moet word rakende hul houding, sienings, begrip en hantering van gestremdes. Indien gehoorgestremdes nie inligtinggeletterd is nie, sal daar min of geen beroepsgeleenthede wees vir diegene soos hul nie. Die WITSKRIF (Integrated National Disability Strategy. White Paper. (1999. URL:http://www.independentliving.org/LibArt/SANat1DisStrat7.html) stel onder andere die volgende aspekte in vooruitsig:

- Die ontwikkeling van 'n nasionale strategie om gestremdheid te voorkom, 'n medium en langtermystrategie vir bewusmaking oor en 'n nasionale rehabilitasiebeleid vir gestremdes.
- Die opstel van norme en standaarde vir opvoedkundige rehabilitasiedienste.
- Verbeterde toeganklikheid vir gestremdes in geboue.
- Verbeterde toeganklikheid vir toeriste wat gestremd is.
- 'n Databank met statistieke oor beskikbare dienste en programme vir gestremdes.
- Die hersiening van wetgewing met die oog op gelykheid in die werkplek en om gestremdes te beskerm teen diskriminasie.
- Beter toegang tot stembusse en hulp wat verleen moet word aan gestremdes.
- Riglyne oor die verband tussen vigs en gestremdheid (Van der Spuy, 1997:13).

Dr Zola Skewyiya, Minister van Staatsdiens en Administrasie het dit in die vooruitsig gestel dat 2% van die poste in die sektor vanaf 2005 deur gestremdes gevul sal wees). In 1997 word daar egter gevoel dat gehoorgestremdes asook veral die verstandelik en fisies gestremde leerlinge moeilik sal inskakel by die hoofstroom. Rakende gehoorgestremdes, sal daar byvoorbeeld van onderwys-assistente gebruik gemaak moet word (Van der Spuy, 1997:13).

Die vraag kan egter tereg in die verband gevra word wat die ingesteldheid van die publiek teenoor gestremdes is. 'n Mening word gehuldig dat die gemeenskap negatief is teenoor die gestremdes, en dat gestremdes nie goed sal inpas nie en die algemene mening bestaan dat "gewone" skole dit nie kan bekostig om toerusting en opleiding aan gestremdes te verskaf nie.

Joubert (Beeld, 1999:8) berig dat die GROENSKRIF van Suid-Afrika (Consultative Paper No 1 on Special Education: Building an Inclusive Education and Training System, First Steps (1999. URL:http://education.pwv.gov.za/Do_Sites/Elsen/ELSEN_Cons_Paper.htm) meld dat gestremde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kinders wat spesiale onderrig vereis, algaande meer in die hoofstroom van gewone onderwys opgeneem gaan word, as die GROENSKRIF aanvaar sou word. Die gevoel heers dat gestremdes beter in die samelewing sal aanpas as daar meer kontak met ongestremdes bewerkstellig word. Die Departement van Onderwys het die staat aan hulle kant in die langdurige debat oor inklusiewe onderwys. Gestremdes moet soveel as moontlik by die samelewing inskakel.

Die GROENSKRIF se doel is derhalwe om gelyke deelname van gestremdes op alle vlakke van die samelewing te bewerkstellig en diskriminasie uit te skakel. Derhalwe gaan die gestremdes gehelp word om in die hoofstroom aan te pas en te funksioneer. Die manier hoe daar gepoog gaan word om dit te bereik, is om die bestaande geriewe by hoofstroom-skole meer toeganklik te maak deur die geriewe aan te pas by die behoeftes van die gestremdes. Die kostes hiervan gaan deur die Departement van Onderwys ondersoek word. Daar word voorsien dat daar 'n aapasbare beleid gevolg sal word oor die ouderdom van gestremde leerlinge in skooljaargroepe (Joubert, 1999:8). Weens die inklusiewe aard van Kurrikulum 2005 word daar voorsien dat leerplanne vir alle persone sal geld.

'n Baie interessante aspek is dat ouers 'n meer integrale rol gaan speel in die nuwe bedeling. Die ouers sal byvoorbeeld toegang hê tot die rekords van hulle kinders, ten einde vas te stel wat die vordering van sodanige kind in die skool is. Dit bring mee dat onderwys-assistente se hulp ingeroep sal moet word om bystand te verleen aan en met die versorging van gestremde leerlinge. Van der Westhuizen (2000) berig dat die persoon wat Kurrikulum 2005 hersien het, gesê het dat Kurrikulum 2005 nie misluk het nie, maar wel vertraag is deur gebrekkige opleiding van onderwysers, 'n gebrek aan leesmateriaal en te min tyd vir die inwerkingstelling van die leerplan. Dit is trouens 'n langtermynproses wat tyd in beslag gaan neem.

Daar is beplan om die nuwe plan vir onderrig in drie fases in te faseer naamlik:

- Die eerste fase sal teen die einde van 2000 voltooi wees. Dit sal die uitbou van kapasiteit, hersiening van beleid, wetgewing en die magte van beheerliggame behels.
- Die tweede fase sal duur van 2001 tot 2005 waar daar beplan word om groter toegang vir gestremdes tot 'n inklusiewe onderwysstelsel te bewerkstellig. Hier gaan aandag gegee word aan die moontlikheid dat die hoofstroom nie sal ineenstort nie en die plasing van gestremdes in die hoofstroom sonder voldoende voorbereiding en voorligting.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Fase drie sal die aaneenlopende proses wees om na 2005 die nuwe stelsel verder uit te bou en soveel mense moontlik te bereik.

*5.3.3.5 Samevatting*

Ondersteundienste, materiale, organisasie, tegnologie, personeelontwikkeling en wetgewing is dus baie belangrik in die opvoedkundige sisteem. Dit is baie belangrik om gehoorgestremdes ook te evalueer, aangesien daar geweldige vordering op tegnologiese gebiede gemaak is. Daar gaan nou in die volgende gedeeltes gekyk word na die inligtingsprogram se inhoud alvorens die aspek van onderstrategie aandag gaan kry.

## 5.4 INHOUD VAN 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM VIR GEHOORGE-GEHOORGESTREMDES

### 5.4.1 DIE ONTWERP VAN 'N INLIGTINGSOPVOEDGINGSPROGRAM VIR GEHOORGESTREMDES

Die programontwerp is baie belangrik aangesien daar besluit moet word of die program inhouds- of uitkomsgebaseerd moet wees. Enige inligtingsopvoedingsprogram moet poog om die gehoorgestremde persoon op te lei vir die toekoms, vir die doel wat die gehoorgestremde persoon wil bereik. Soos Lubisi *et al.* (1998:8) dit stel "...learning programmes should facilitate progression, from one class, phase or learning outcome to another from any starting point in the education and training system".

Leerinhoude kan dus inhoudsgebaseerd of uitkomsgebaseerd aangebied word en vervolgens gaan die verskille tussen die twee soorte bespreek word.

### 5.4.2 INHOUDSGEBASEERDE EN/OF UITKOMSGEBASEERDE ONDERRIG

Die Suid-Afrikaanse onderwyssisteem het voorheen gekonsentreer op inhoudsbasseerde onderrig, terwyl die tendens vandag op uitkomsgebaseerde onderrig gerig is, soos in Kurrikulum 2005. Dit het die doelstelling om enige leerder, ongeag gehoorgestremdes of ander gestremde persone te leer om effektief te kommunikeer, probleme op te los, hulself te organiseer en met ander saam te kan werk, om inligting te prosesseer, wetenskap en tegnologie effektief te benut

en die verband tussen die samelewing en omgewing beter te begryp (Potgieter, 1998:76, 82). Kramer (1999:3) beklemtoon die feit dat daar vasgestel moet word of die leerder 'n konstruktiewe burger van die land is, watter waardes belangrik is, en hoe welke metodes aangewend kan word om dit te bewerkstellig. Kramer (1999:136-141) bespreek hoe Kurrikulum 2000 in Suid-Afrika toegepas word in agt leerareas. Daar word in die fondasiegrondslag (Graad 0 tot 6) gepoog om die drie areas te dek naamlik:

- Geletterdheid
- Numeriese vaardigheid
- Lewensvaardighede Hierdie aspekte is baie breed en geïntegreerd want die leerders is baie jonk en die basiese vaardighede moet vir hulle aangeleer word.

Daar word dus aandag geskenk om leerders toe te rus rakende persoonlike ontwikkeling en bemagtiging, aspekte van die samelewing, kommunikasie, entrepreneurskap en omgewing, en laastens gesondheid en veiligheid.

Die volgende fase behels die toepassing van vyf leerareas (Grade 3 tot 6) rakende:

- Taal
- Wiskunde
- Wetenskap en tegnologie
- Kuns, kultuur en lewensoriëntasie
- Ekonomie, bestuur, menslike en sosiale wetenskappe

Die senior fase is van Graad 7-9 waar leerders meer moet poog om hulle skoolloopbaan te voltooi, en hulself voor te berei vir die toekoms met die oog op beroepsgeleenthede. Hier geld die agt leerareas wat reeds bespreek is, maar wat meer intensief en uitgebreid toegepas moet word.

Tydens die intermediêre en senior fase word die areas verminder na vyf leeraareas naamlik:

- Die ontwikkeling en toepassing van kommunikasie
- Kultuur en samelewing

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Omgewing
- Ekonomie en ontwikkeling
- Persoonlike ontwikkeling en bemagtiging.

Inhoudsgebasseerde programme bring mee dat die gehoorgestremde kind van een vlak na 'n ander onderrig ontvang, dit gebruik en toepas alvorens na 'n volgende vlak beweeg kan word (Tye-Murray, 1999:190). Uitkomsgebasseerde leerinhoud impliseer dus die bedoelings, eindresultaat of uitkomste van die inligtingsopvoedingsprogram wat gevolg word. Fraser, Loubser & Van Rooy, (1996:1) sê uitkomsgebaseerde onderrig gaan nie noodwendig alle leerprobleme oplos nie, maar daar moet vasgestel word hoe dit aangewend kan word om te bepaal of sukses of mislukkigsresultate bereik gaan word.

Lubisi *et al.* (1998:24) som die resultaat van 'n goeie onderrigstelsel soos volg op "...focusing and organising in an education system around what is essential for all students to be able to succeed at the end of their learning experiences". Daar moet dus metodes en tegnieke aangewend word om leerders aan te moedig om dié uitkomste te vergemaklik.

Malley (1984:24) gee 'n paar redes hoekom uitkomsgebaseerde onderrig voordelig is:

- Dissipline en struktuur slaag daarin om meer met die beplanning van die inligtingsopvoedingsprogram te help.
- Indien daar uitkomsgebasseerde doelwitte gestel word, word die doelwitte van die spesifieke groep vir wie die program aangewend word, bereik.
- As mens weet wat jy wil bereik, dan kan jy beter beplan.
- Deur evaluasie kan bepaal word of die betrokke doelwit bereik is, en indien nie, sal die leemtes in die inligtingsopvoedingsprogram aantoon dat die leerder nie opgewasse is vir die program nie en moet die program derhalwe aangepas word.
- Meer spesifieke riglyne vir onderrigmetodes wat gevolg moet word, word aangetoon.

Vir die gehoorgestremde persoon is dit belangrik, want weens hul gehoorverlies wat dikwels gepaard gaan met 'n mate van onsekerheid of 'n tekort aan selfvertroue, sal gehoorgestremdes met uitkomsgebaseerde doelwitte leer om meer selfversekerd op te tree en te weet dat hulle wel oor die vermoëns beskik om hulself te laat geld in enige situasie wat mag opduik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Praktykgerigtheid van uitkomsgebasseerde onderrig* behels dus die uiteensetting van stappe wat bereik moet word rakende die uitkomste van 'n bepaalde vak of aktiwiteit, die verskaffing van gedetailleerde inligting van wat om te doen, hulp om die taak en leerproses te beplan, te verrig en besonderhede van die inhoud en prosesse wat die leerders behoort te bemeester. Personeel ontvang opleiding gebaseer op uitkomsgebaseerde riglyne. Daar is talle leemtes in die Kurrikulum 2005-leerplan; dit word toegeskryf aan die gebrek aan voldoende opleiding van personeel en die gebrek aan studiemateriaal.

Die *evaluasiekriteria* is gebaseer op die leerder se vermoëns om die uitkomste te kan demonstreer en is gerig op kennis, vaardighede, houdings en waardes (Potgieter, 1998:79-81) daar is 'n kontrolelys van Kurrikulum 2005 in Suid-Afrika wat onderwyspersoneel as riglyne moet gebruik wat gebaseer is op tien leerprogramontwikkelingsstappe. Dit sluit *evaluasiekriteria* in soos byvoorbeeld orale aanbiedings, praktiese aktiwiteite, verslae en geskrewe take. Ander aspekte is die *strukture, lokale omgewingsimpak, leerinhoud, leeraktiwiteite, programtema* of *onderwerp, leerkonteks, voorbereiding, fasilitering* en *voorbereidingevaluasie.*

Vir gehoorgestremdes sou dit beteken daar daar evaluasie gedoen word wat hulle gehoorprobleme in ag neem, riglyne duidelik uitgestippel en leiding gegee moet word. Gehoorgestremdes kan individueel, maar ook in groepsverband geëvalueer word om te bepaal hoe persone met 'n gehoorverlies in 'n groep sou kon funksioneer. Daar kan byvoorveeld 'n *persoonlike leêr* van elke gehoorgestremde persoon gehou word wat sy/haar vordering sowel as leemtes in die persoon se ontwikkelings en opleidingsprogram aantoon.

Enige leerder, sowel as gehoorgestremde persone, gaan vind dat hulle aktief betrokke gaan wees in die leer- , dink-, redeneer en refleksieproses, dat hul verantwoordelikheid vir hul dade, aktiwiteite moet aanvaar en dat die onderrigmetodes en aktiwiteite gebaseer is op ware lewensituasies wat veral in die volwasse lewe gaan voorkom (Potgieter, 1998:82 en Cutlip, 1988:40).

As mens dus nou kyk na of uitkomsgebaseerde onderrigmetodes vir die gehoorgestremde persoon geskik sou wees, is die navorser van mening dat die sukses van uitkomsgebaseerde onderrig vir gehoorgestremdes van die volgende faktore sal afhang:


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die leerder se ouderdom, sy/haar vlak van gehoorgestremdheid, graad van verlies, soort gehoorverlies en die kommunikasiemetodes wat die gehoorgestremde persoon gebruik.
- Die hoeveelheid gehoorgestremde persone in die klas en of aandag individueel geskenk word.
- Sy/haar vorige akademiese prestasie of vlak van bereiking.
- Sy/haar kommunikasiemedium-, taal-, lees en skryfvaardigheid.
- Sy/haar gebruik van 'n tweede taal .
- Welke toegang daar vir die gehoorgestremde persoon is tot die tegnologie en of daar begrip bestaan vir die aanwending daarvan.
- Vorige ondervinding en beskikbare bronne wat geraadpleeg kan word.

Vir die gehoorgestremde persoon is dit dus belangrik om te kyk na die praktykgerigtheid van die program, of dit werklik voordele vir hom/haar inhou in die volwasse lewe waar hy/sy selfversorgend en onafhanklik moet kan funksioneer.

### 5.4.3 PRAKTYKGERIGTHEID VAN DIE INHOUDSGEBASEERDE INLIGTINGSOP-VOEDINGSPROGRAM

Dit is belangrik om te bepaal of die inligtingsopvoedingsprogram vir die gehoorgestremdes praktykgerig is, dit wil sê of die gehoorgestremde persoon in staat sal wees om werklik suksesvol in die lewe te kan aanpas na voltooiing van so 'n program. Figuur 5.2 illustreer die aspekte waaraan die inligtingsprosesseringsmodel van 'n inhoudsgebaseerde program moet voldoen, baie duidelik.




Figuur 5:2: Illustrasie van die inligtingprosesseringsmodel (verwerk uit Fraser *et al.*, 1996:42).

In figuur 5.2 (Foster *et al.*, 1996:42) word daar aangetoon aan dat daar 'n deurlopende proses is vanaf die tydperk dat inligting ontvang word, tot die sensoriese waarneming daarvan wat afhanklik is van die leerder se aandag en persepsie wat geskenk word. Daarna vind daar selektiewe persepsie plaas wat gemanifesteer word in korttermyn of langtermyngeheue. Dan eers kan inligting opgeroep of herwin word, wat dan kan lei tot nuwe probleemsituasies wat opgelos moet word. Daar word van die leerder verwag om te reageer op die probleem deur probleemoplossings voor te stel. Sodra die leerder daarin slaag, word van die leerder verwag om dit wat hy/sy geleer het aan die klas te illustreer ten einde te bewys dat die uitkomsdoeleinde bereik is. Die finale stap is dus die terugvoer van die inligting wat aanvanklik ontvang is.

Die vraag kan dus met reg gevra word hoe hierdie situasie met praktykgerigtheid in verband gebring kan word. Vir die gehoorgestremde persoon om in die samelewing te kan aanpas op

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebiede soos godsdiens, gesondheid, beroepsvlak, opleiding en opvoeding, is dit dus nodig dat so 'n persoon oor die nodige kommunikasie en taalbegrip moet beskik ten einde hom of haarself in staat te stel om daaraan te kan deelneem.


Dit is ook vanselfsprekend dat die onderwyser of die fasiliteerder oor die nodige kwalifikasies, onderrigstrategieë en metodes moet beskik, en veral in staat moet wees om die gehoorgestremde kind deurgaans te evalueer ten einde vas te stel of hy/sy aan die bepaalde vereistes van uitkomsgebaseerde leerinhoud voldoen of nie (Foster *et al.*, 1996:43).

## 5.5 ONDERRIGSTRATEGIEË

As mens kyk na die onderrigstrategieë, moet daar dus besluit word of die onderrig formeel (inhoudsgebaseerd) of informeel (uitkomsgebaseerd) moet wees, en dit word vervolgens aangespreek.

### 5.5.1 FORMELE OF INFORMELE ONDERRIGSTRATEGIEË

Volgens Cutlip (1988:44) kan verskillende onderrigstrategieë opgemerk word.




Figuur 5.3: Onderrigstrategieë (Cutlip, 1988:44).

Figuur 5.3 dui aan dat daar *direkte instruktiewe metodes* is wat gevolg kan word, veral na gelang van die kurrikulum wat gevolg word. Dit is egter nie altyd geskik vir alle kinders of selfs gehoorgestremdes kinders nie. Die onderwyser moet aanpas by die tipe gehoorgestremde kind met sy/haar besondere tipe en graad van gehoorverlies. Dit sal lei na bepaalde gedragspatrone, aangesien dit gebaseer is op lewenssituasies (Cutlip, 1988:44-48).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Direkte instruktiewe metodes behels die onderrig van spesifieke vakke en dit is gekoppel aan die aard, tipe en hoeveelheid van onderwerpsmateriaal wat gedek moet word. Daar moet egter in ag geneem word dat elke vak 'n bepaalde struktuur met eiesoortige probleme het en verskillende soorte skryftegnieke en maniere om inligting te analiseer kan bevat. (Cutlip, 1988:51).

*Informele onderrig* behels die aspek dat die aktiwiteite meesal bepaal word deur hul belangstellings en behoeftes (Bader in Hull, 1998: 144). Informele metodes word veral aangewend om taal te verbeter, maar direkte of formele onderrig behels die onderrig van studie/inligting en inhoudsmateriaal. In figuur 5.4 kan daar gesien word wat formele en informele programme, sowel as formele en informele leer behels.

| TEGNIEKE | TAKTIEKE | APPARAAT |
|---|---|---|
| **Informele leer**<br>Versterking van vroeë kinderjare-ondervindinge en gebeure. | **Fokus op:** Vroeë intervensie, vroeë diagnosering ouerbetrokkenheid, spraakherkenning en produksie, kommunikasie, persoonlik-sosiale groei | Geskikte diagnostiese tegnologie, sensoriese hulpmiddels, alledaagse voorwerpe |
| **Informele onderrig**<br>Versterking van omgee-praktyke | **Fokus op:** Konteks-gebaseerde taal, persepsie van boodskap, verfyning van dialoog, persepsie van betekenis, helderheid van uitdrukking, spontane gesprekvoering, integrasie van persoonlik-sosiale vaardighede | Dieselfde as bo |
| **Formele onderrig**<br>Inisiëring van slegs opgevolgde blootstelling aan informele tegnieke | **Fokus op:** Evaluasie van sensoriese hulpmiddels, sistemiese programmering, ontwikkeling van spesifieke vaardighede, remediëring van spesifieke foute, gebruik van antisipasie, opleiding na outomatisme, programmeerde veralgemening, bevordering van oordrag, ontwikkeling van gesprekvoeringvaardighede, uitbreiding van kommunikasie bekwaamhede | Geskikte en gekose materiale |
| **Formele leer**<br>Skoolouderdom tot volwasse lewe | **Fokus op:** Bewuste en doelbewuste verkryging van kennis en vaardighede deur individu | Dieselfde as bo |

Figuur 5.4: Onderrig- en leerprogramme (Bader in Hull, 1998:145).

Figuur 5.4 verduidelik dat *informele leer* by gehoorgestremde persone sou beteken dat vroeë intervensie en vasstelling van gehoor, spraakontvangs en produksie, kommunikasie en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

persoonlike groei belangrik is en dat die ouer daarby betrokke moet wees (Bader in Hull, 1998: 145).

*Formele leer* behels dus die aspekte van doelbewuste verkryging van kennis en vaardighede, evaluering van sensoriese hulpmiddels, programmering, ontwikkeling van spesifieke vaardighede, korreksie van foute en die ontwikkeling van geselstegnieke, en dies meer. Beide die leerprosesse is slegs uitvoerbaar, mits daar aan die geletterdheids- en inligtinggeletterdheidsaspekte aandag geskenk word, soos reeds in hoofstuk twee en drie bespreek is.

### 5.5.2 BELANG VAN GELETTERDHEID EN INLIGTINGGELETTERDHEID

Die onderwyser moet daarop ingestel wees om heel eerste die geletterdheidaspekte by die gehoorgestremde kind te ontwikkel, naamlik kommunikasie, lees, skryf, taal en luister. Onderrigstrategieë moet ook die aspek van rekenaargeletterdheid (aangesien die wêreld in 'n tegnologiese kuberwêreld inbeweeg het), asook studievaardighede en spelstrategieë insluit (Webster, 1986:207 - 243).

Die inligtinggeletterdheidsaspekte verwys na die soek, gebruik en toepassing van inligting en die vaardighede wat nodig is om dit te ontsluit, soos alreeds in hoofstuk 3 bespreek is. Vir gehoorgestremde persone word onafhanklike gebruik van leer en inligtingsvaardighede veral deur toepassing en aanwending van metodes, tegnieke, hulpmiddels en ook studietegnieke bereik.

Foster *et al.* (1996:59-90) bespreek die volgende aspekte deeglik wat vir die horende leerder, maar ook vir die gehoorgestremde leerder behoort te geld, aan: byvoorbeeld dat die onderwyser of fasiliteerder die kind moet motiveer, aanmoedig, realistiese doelwitte daarstel, geskikte media aanwend, die doelwitte duidelik uitstippel en die onderrigmetodes afwissel. Daar moet ook gepoog word om die leerder aan te moedig om aktief deel te neem aan die leerproses, aangesien die hele doel van uitkomsgebaseerde inhoud daarop gemik is om te bepaal of die leerder in staat is om die inligting wat verkry is, aan die onderwyser of fasiliteerder of aan die klas te demonstreer. Die onderwyser of fasiliteerder moet ook besluit op die "belonings" of "straf" om die leerder te motiveer, en veral ook om die nodige dissipline te handhaaf.

Al die onderrigstrategieë sal ook slegs suksesvol wees, mits die skool of onderriginstansie waar die leerder hom/haarself bevind, die nodige doelwitte, beplanning, evaluasie of evalueringsmetodes vooraf bepaal het. Daar moet in ag geneem word dat met die gehoorgestremde kind daar voorsiening gemaak moet word vir genoeg tyd om die leerinhoude te verduidelik, sodat gehoorgestremde kinders wat uit die aard van die saak, van mekaar verskil, dieselfde mate van kwaliteitsonderrig ontvang as die horende kind.

Die ouers, familielede en selfs vriende moet aangemoedig word om deel te neem aan die onderrigproses, aangesien die stimulasie en omgewing waarin die leerder hom/haarself bevind, van groot belang is. Persepsie is veral vir die gehoorgestremde kind van belang. Die restante gehoor moet gestimuleer word sodat die kind optimaal daarby kan baat. Dit sal ook meebring dat die gehoorgestremde kind sal leer om beter te sosialiseer.

### 5.5.3 TOEPASSING EN AANWENDING VAN METODES, TEGNIEKE, HULPMIDDELS EN STUDIEMETODES

Fraser (1996:165) beskou onderrigmedia as enige iets of 'n voorwerp wat doelbewus aangewend word om die leerinhoud in die didaktiese situasie toe te pas. In enige onderrigsituasie is daar 'n onderwyser/fasiliteerder en 'n leerder tussen wie die kommunikasieproses moet plaasvind. Daar is baie soorte onderrigmedia volgens Fraser (1996:143-171) soos:

- Menslike interaksie wat plaasvind.
- Uitstappies en uitstallings wat gehou kan word.
- Ouditiewe media soos radio, bandspeler, visuele media soos prente, skyfies films en audovisuele media soos films, video en televisie wat aangewend kan word.
- Programmeerbare media soos rekenaars en interaktiewe videoprogramme wat ook aangewend kan word.

Vir die gehoorgestremde is bogenoemde ouditiewe media baie moeilik, maar daar moet tog gepoog word om dit te stimuleer, en by die visuele media sal dit nodig wees om onderskrifte te voorsien. Hier word gedink aan "...assistive listening devices and systems", "videotext displays", "closed-captioning decoders, open-and closed captions" (Kovalik & Kruppenbacher, 1994. URL: http://wings.buffalo.edu/publications/mcjml/v2nl'kovalik.html). Dit behels 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tekstuele vertoon van gesproke woorde, musiek, geluide en klankeffekte op 'n televisieskerm of VCR monitor. Dan is daar ook geskrewe video en filmprogramme wat 'n gehoorgestremde baie sal help om die leerinhoud te kan verstaan op 'n visuele manier.

*Tegnologiese hulpmiddels* verwys ook na die regte keuse van gehoorapparate vir gehoorgestremde kinders sowel as volwassenes. Die oudioloë, spraakterapeute en gehoorapparaatverskaffers moet aan die gehoorgestremde persoon leiding verskaf oor watter apparaat die geskikste sal wees, met inagneming van die gehoorgestremde persoon se graad en tipe verlies. Professionele persone kan raad verskaf rakende die gebruik, versorging en aanwending daarvan (Tye-Murray, 1999:291).

'n Ander aspek wat baie belangrik is, is die aspek van *akoestiek* in die gehoorgestremde se klaskamer. Daar is bevind dat swak akoestiek die gehoorgestremde kind verder belemmer in die opsig dat dit die kind se vemoë om die onderwyser te verstaan, kan belemmer. Die FM stelsel wat aangewend word, versag die agtergrondsgeraas maar maak die stem van die onderwyser meer duidelik. Dit hou bepaalde implikasies in vir skole wat gehoorgestremdes akkommodeer, in die opsig dat gespesialiseerde klaskamers nodig is (Classroom Acoustics, URL: http://deafness.about.com/health/deafness/library/weekly/aa120599.htm).

Die aanwending van *rekenaars* in die onderrig van gehoorgestremdes is baie belangrik, aangesien die rekenaar byvoorbeeld kan help met die spellingkontrole, leesbare skrif, en woordverwerking (Pumfrey, 1991b:88). Dit is dus 'n visuele sisteem- die kind met 'n gehoorverlies se ouderdom en vermoë speel dus nie 'n rol nie. Daar is verskillende hulpmiddels wat aangewend kan word in die onderrig van gehoorgestremdes soos die aanwending van bepaalde instruktiewe tegnieke soos

- om studente geleenthede te gee om taal te gebruik om betekenis te heg aan die gedrukte woord,
- deur verskeidenheid van grafiese tegnieke en metodes te gebruik,
- deur stories te vertel om die inhoud van inligting te verduidelik,
- studente saggies en stil te laat lees sodat hulle kan dink,
- lees en skryfwerkswinkels aan te bied,
- voorspelbare boeke te gebruik,

- leêrs te gebruik vir skryfprojekte opvoerings, en
- handewerk (Soltesz, 1996a. URL: http://www.educ.kent.edu/deafed/961007i.htm).

Slyh (1998a, URL:http//www.educ.kent.edu/deafed/980911) noem nog ander metodes waardeur kinders gestimuleer kan word om inligtinggeletterd te raak, soos byvoorbeeld boeke waar daar gereelde herhaling van tekste voorkom, strokiesprente en populêre tydskrifte. Levine (1981:122) noem ander middels, byvoorbeeld korrespondensiekursusse wat ouers kan volg om hul gehoorgestremde kinders te help. Daar kan ook byvoorbeeld klasse vir ouers aangebied word om hulle by te staan en raad te gee. Dit is baie belangrik dat 'n gehoorgestremde kind spraak- en oudiologieklasse moet bywoon soos by die Universiteit van Pretoria se Departement Kommunikasiepatologie, waar die personeel met die gehoorgestremde kind se gehoor, spraak en dies meer. Dit sal meehelp dat die gehoorgestremde kind dan ook baie meer ontvanklik sal wees vir die skoolopset en so verkry 'n kind selfvertroue om alles te kan hanteer.

Onderwysers kan algemene evaluasiestrategieë toepas deur 'n verskeidenheid van kontrolelyste, skryfvoorbeelde, en notas oor die vordering van elke student. Die gehoorgestremde kan ook geëvalueer word terwyl hy/sy lees, en daar kan evaluasielyste en vorderingslyste gehou word van die gehoorgestremde kind se vordering op die gebied van grammatika, skryf en spelling (Soltesz, 1996d, URL:http://www.educ.kent/edu/deafed/9812b07).

## 5.5.4 SAMEVATTING

Keuse van onderrigstrategie – formeel of informeel, inhouds- of uitkomsgebaseerd, speel 'n groot rol in die gehoorgestremde persoon se lewe want dit bepaal die latere langtermynvoordele. Met behulp van die toepassing van die tegnieke, metodes, hulpbronne en tegnologiese hulpmiddels tot beskikking van die onderrigpersoneel, kan mens positief voel oor die toekoms van die gehoorgestremde persoon in Suid-Afrika. Al hoe meer geleenthede word nou in die vooruitsig gestel.

Daar gaan nou in die volgende afdeling aandag geskenk word aan die faktore wat die sukses van 'n inligtingsopvoedingsprogram kan bepaal.

## 5.6 FAKTORE WAT DIE SUKSES VAN 'N INLIGTINGSOPVOEDINGSPROGRAM BEPAAL

Daar is talle faktore wat die sukses bepaal en dit gaan vervolgens deeglik bespreek word.

### 5.6.1 PERSONEELVAARDIGHEDE MET BETREKKING TOT GEHOORGESTREMDES

Die personeel wat met gehoorgestremdes werk, moet kennis dra van die gehoorgestremdes, die unieke probleme wat voorkom en ook van geskikte evaluasiemetodes en programme. So 'n onderwyser moet goed opgelei wees om remediëring te kan toepas, verrykende aktiwiteite te inisieer, kennis dra van diagnostiese instrumente, data sinvol kan interpreteer en evalueer (Soltesz, 1996c, URL :http//www.educ.kent.edu/deafed/9811a10.htm).

Dit is veral belangrik dat die onderwyser soveel as moontlik moet leer van die kind se *residuele vermoëns*, hoe om dit te stimuleer en weet hoe om in die klaskamer op te tree. Dit behels die *akoestiek* van die klaskamer, die sigbaarheid van *spraak*, hoe om die *FM stelsel* aan te wend en seker te maak van die werking daarvan. Die onderwyser moet ook weet hoe om op te tree om die student wat van *spraaklees* gebruik, te akkommodeer (Soltesz, 1996a. URL:http://www.beginningssvcs.com/(teaching_strategies.htm).

Die gehoorgestremde kind maak baie op die visuele aspekte staat. 'n *Oorhoofse projektor* help ook baie, want dan word die rug nie op die gehoorgestremde gedraai nie. Personeel wat met gehoorgestremdes werk, moet *konsulteer* met ander professionele persone om idees uit te ruil, sodat die inligtingsprogram wat aangewend word, optimaal as moontlik aangewend kan word. Dit sal ook nuttig wees vir personeel wat in spesiale skole werk om die hoofstroomonderwysers in te lig oor hoe om gehoorgestremdes te hanteer en welke metodes vir die gehoorgestremdes geskik is (Roeser & Downs, 1988:182).

Dit is belangrik om die gehoorgestremde persoon te *motiveer* en sy/haar *vaardighede te ontwikkel*. Daar moet voldoende aanmoediging en motivering wees om te lees, aan aktiwiteite deel te neem en om onafhanklik te werk, hetsy dit lees of skryf behels, en om inligting aan te wend en toe te pas. Daar moet beslis van addisionele professionele kundigheid gebruik gemaak word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Onderwysers moet opgelei wees om die gehoorgestremde kind suksesvol te ondersteun. Dit is nie genoeg dat hulle in die werksplek en deur ervaring opgelei word nie. Formale onderrig van onderwysers is essensieel, anders word die kosbare kind-materiaal verloor.

### 5.6.2 AANWENDING VAN ADDISIONELE PROFESSIONELE KUNDIGHEID

Professionele hulp is van onskatbare waarde vir die ouers aangesien hulle dan beter en meer ingeligte keuses sal kan maak. *Oudioloë* wat die kind evalueer kan help dat daar regte keuse gemaak kan word, soos byvoorbeeld die keuse van gehoorapparaat, skool en die keuse van kommunikasiemiddel (Tye-Murray, 1999:268 en 402). Die gehoorgestremde kind sal veral baat by vroeë diagnosering, en sal dit meebring dat die gehoorgestremde kind beter in die samelewing sal funksioneer.

Die professionele persoon kan ‘n groot rol en bydrae lewer wanneer dit kom by die ontwerp van ‘n inligtingsopvoedingsprogram, aangesien hulle weet watter struikelblokke daar vir die gehoorgestremde kind bestaan en hoe dit oorkom of verminder kan word. Hulle kan raad gee oor watter strategieë gevolg kan word, aangesien hulle oor die nodige kennis en opleiding beskik.

Die taak van ‘n professionele persoon, soos ‘n oudioloog, kan dus ook baie sinvol ingeskakel word in die normale opvoeding of program van ‘n gehoorgestremde kind, en kan dus die basis vorm van sy inligtinggeletterdheidsprogram. Dit word duidelik gewys in figuur 5.5 en die waarde van ‘n professionele persoon, in dié geval, die oudioloog kan nie onderskat word nie.




Figuur 5.5: Stappe in die ontwerp van 'n orale rehabilitasieplan (verwerk uit Tye-Murray, 1999:268).

Figuur 5.5 dui dus aan dat die kind geëvalueer word, rakende sy/haar agtergrond, graad van gehoorverlies, behoeftes en die kommunikasieprobleme wat ervaar word. Die strategie van die plan neem die kind se behoeftes, sy/haar gewilligheid om aan die plan deel te neem in ag, met inagneming van die dienste wat beskikbaar is. Dit lei weer tot die *implementasieprogram* wat spesifieke doelstellings bepaal, dienste vasstel om daarin te voorsien, en suksesdoelwitte bepaal. Dit lei dus tot die *plan van aksie* wat lei tot die verlangde uitkomste. (Tye-Murray, 199:268-269).

So 'n plan hou bepaalde implikasies vir die gehoorgestremde kind in die klaskamer in. Dit beteken dat benewens die onderwysers, daar voorsiening gemaak moet word vir professionele kundiges wat die gehoorgestremde kind sal kan bystaan, evalueer en riglyne gee hoe om met die bepaalde gehoorgestremde kind te werk.

Laastens kan bygevoeg word dat professionele mense kan help dat die ouers van gehoorgestremde kinders in aanraking kom met ander soortgelyke families, wat ook 'n gehoorgestremde kind het (Tye-Murray, 1999:403). Professionele mense, soos kliniese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sielkundiges kan die gehoorgestremde kind help om sy/haar verlies sinvol te verwerk en beter in die leeromgewing aan te pas (Tye-Murray, 1999:292).

### 5.6.3 AANWENDING VAN BESKIKBARE INLIGTINGSOPVOEDINGS-PROGRAMME

As gevolg van die inligtingsontploffing is dit noodsaaklik om die leerprogramme versigtig te kies, alvorens dit aangewend word. Dit moet veral aanpas by die groep vir wie dit aangewend word. In Suid-Afrika is daar tans nie bestaande inligtingsopvoedingsprogramme wat spesifiek op die gehoorgestremde persoon gerig is nie.

Die onderwyser kan gebruik maak van bestaande inligtingsopvoedingsprogramme soos byvoorbeeld die leesprogram van die Akron Openbare Skool in die Verenigde State van Amerika (Soltesz, 1996a. URL:http://www.educ..kent.edu/deafed/961007d.htm). Die program behels woordherkenningstake, begrip en voorlesing. Die waarde van die program lê daarin dat die gehoorgestremde kind aangemoedig word om te lees, vaardighede te ontwikkel met betrekking tot woordherkenning, begripsvaardighede, interpretasievermoëns, ontwikkeling van studievaardighede, ontwikkeling van die vermoëns om hardop en saggies te lees en om leestof te waardeer en te geniet.

Daar bestaan ook ander programme, soos byvoorbeeld leesprogramme, opgestel deur Kent Universiteit (URL:http://www.educ.kent.edu/deafed/961007d.htm) en skryfprogramme wat poog om die die taal te ontwikkel. Maar dit moet beklemtoon word dat die gehoorgestremde kind begelei en geëvalueer moet word ten einde sy/haar vordering te bepaal. Daar moet byvoorbeeld aandag geskenk word aan sekere onderwerpe waarin die gehoorgestremde moontlik kan belangstel. Daar moet egter seker gemaak word dat die inligtingsopvoedingsprogram se lengte of duur nie te lank neem en dat die program verstaanbaar is.

### 5.6.4 LENGTE EN VERSTAANBAARHEID VAN DIE INLIGTINGSOPVOEDINGS-PROGRAM

'n Inligtingsopvoedingsprogram moet nie te lank wees nie en ook verstaanbaar wees, anders sal die gehoorgestremde kind nie kan aanhou om te konsentreer nie. Elke gehoorgestremde kind vorder teen sy/haar eie spoed en die gehoorgestremde kinders moet nie met mekaar vergelyk word nie. Die inligtingsopvoedingsprogram moet buigbaar wees, sodat die horende sowel as die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehoorgestremde persoon daaraan kan deelneem. 'n Geskikte leeromgewing is van uiterste belang, aangesien dit die regte klimaat moet skep vir die leerproses.

### 5.6.5 GESKIKTE LEEROMGEWING

Benewens die geskikte leeromgewing is daar ander aspekte waaraan aandag geskenk kan word, soos byvoorbeeld die klasomstandighede. Hier kan enkele aspekte genoem word wat sal bydra tot 'n geskikte leeromgewing. Dit sluit die volgende aspekte in:

- Die aanwending van matte in die klaskamer om geraas uit te skakel.
- Die uitskakeling van omgewingsgeraas soos horlosies en lugreëling.
- Die gebruik van kurkmuurborde wat ook sal meehelp om geraas te absorbeer.
- Die evaluasie van die gehoorgestremde kind en plasing op die regte plek in die klaskamer (Teaching Strategies, URL:http://www.beginningssvcs.com/teaching_strategies.htm).

Indien die gehoorgestremde kind in 'n spesiale skool geplaas is, sal 'n interpreteerder die gehoorgestremde kind wat van gebaretaal gebruik maak baie help, en dit makliker maak om die leerinhoud te verstaan. In Suid-Afrika is dit egter moeilik om van interpreteerders gebruik te maak, aangesien dit 'n duur uitgawe is. Die sukses van 'n inligtingsopvoedingsprogram sal veral aangehelp word, as die gesindheid of ingesteldheid van die gehoorgestremde baie positief is.

### 5.6.6 GEHOORGESTREMDES SE INGESTELDHEID

Die gehoorgestremde persoon moet so positief as moontlik ingestel wees jeens die inligtingsopvoedingsprogram wat gevolg gaan word. Dit is afhanklik van die onderrigmetodes wat gevolg word. Die gehoorgestremde persoon sal weet daar is bepaalde resultate en gevolge wat gaan volg as hy/sy inligtinggeletterd is.

Aanvanklik is die gehoorgestremde persoon negatief aangesien hy/sy sukkel met die leesproses. Sommige ervaar meer probleme as ander. Dit is nie kwessie of die gehoorgestremde persoon suksesvol is of nie, dit gaan oor die kwessie of die gehoorgestremde persoon homself of haarself

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as suksesvol sien (Sly, 1996a. URL:http//www.educ.kent.edu/deafed/980911a). 'n Gehoorgestremde persoon wat in 'n ouerhuis grootword waar die ouers gereeld lees en inligting gebruik, sal 'n beter kans hê om dieselfde belange te ontwikkel teenoor die kind wat nie in so 'n inligtingsbewuste omgewing grootword nie. Die gehoorgestremde kind moet leer om te ontspan en te konsentreer, en in staat wees om vir 'n lang tydperk te konsentreer.

Daar is sekere aspekte wat meebring dat die gehoorgestremde persoon nie voldoende ingestel is om te presteer of om te leer of te lees nie. Dit sluit die volgende in:

- Gehoorgestremdes mag gefrustreerd voel en onseker wees oor hulle vermoë om te slaag.
- Hulle is geneig om blootstelling te vermy.
- Baie gehoorgestremdes streef na sukses en as hulle nie daarin slaag nie, dan voel hulle 'n mislukking.
- Sommige gehoorgestremdes vertoon 'n gevoel van hulpeloosheid en bereik dan geen sukses nie.
- As hulle die gevoel van hulpeloosheid en mislukking ervaar, kan hulle self-waarde verlaag word wat die proses van inligtinggeletterdheid geweldig vertraag.
